# Deelnemende kommunikasie in die evaluasie van KSV-programme by twee maatskappye

**J. Vermeulen**

**20721293**

**Verhandeling voorgelê vir die graad *Magister Artium in Kommunikasiestudies* aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit**

**Studieleier:** **Me. EM Kloppers**

**Medestudieleier:** **Prof. dr. LM Fourie**

**November 2012**

# VOORWOORD

Ek wil heel eerste aan my Hemelse Vader dankie sê vir die voorreg wat ek het om hierdie studie te kon doen. Dit is ’n reis wat Hy tree-vir-tree saam met my gestap het. Ek dank God ook vir die gawes en talente wat hy vir ander gegee het om my te lei op hierdie reis en waarsonder ek beslis nie tot by die bestemming sou kom nie:

- Mev. E.M Kloppers, my studieleier – vir haar ondersteuning en verrykende leiding
- Prof. L.M Fourie, my mede studieleier – vir haar onmisbare wysheid en leiding
- Ross, my beste vriend – vir geduld, hulp en ondersteuning
- My ma en vriendinne – vir baie gebede
- Mnr. T. Larney – vir die taalversorging van die studie
- Die finansiële maatskappye – vir die navorsingsgeleentheid wat hulle gebied het
- Die betrokkenes van elke program – vir hulle tyd en eerlike insette
- Die bibliotekaresse by Ferdinand-Postma Biblioteek – vir getroue hulp en ondersteuning

# ABSTRACT

In this study it is argued that organisations can contribute to development through their Corporate Social Responsibility Initiatives (CSR). Therefore one should consider CSR programmes similar to development programmes and should be managed accordingly. When one communicates in a development context it happens within the extensive field of development communication. In this field the participatory approach to development communication is regarded as the normative approach. In view of this, this study argues that communication in CSR programmes should conform to the principles of the participatory approach.

Participatory evaluation is one of the elements of the participatory approach; therefore the evaluation of programmes should adhere to the principles of the participatory approach to contribute to sustainable development. For this reason this study is informed by the relevant principles of the participatory approach to evaluation: dialogue; participation; empowerment and diversity. These principles of participatory evaluation are rooted in the mentioned principles and they are: partnership; participation in evaluation; acknowledgement of local knowledge; empowerment and change.

The financial sector in South Africa is one of the largest financial contributors towards CSR. As a result, two financial organisations were chosen to be studied. The research question of this study is: **What is the nature of the communication during evaluation of CSR programmes in the financial sector?**

A qualitative approach is used in this study to obtain the relevant information. Qualitative content analysis, semi-structured interviews and focus groups were used as research methods.

The conclusion is made that none of the five programmes in this study use participatory evaluation to evaluate their CSR programmes. In two of the programmes a limited partnership is identified between the organisation and/or the program leader and the beneficiaries, while no partnership was found in the other three programmes. Limited participation from the beneficiaries of the two programmes during evaluation was observed; hence limited local knowledge is recognised in these two programmes. It was also found that only two programmes' beneficiaries are empowered through evaluation and only these two programmes changed according to the beneficiaries’ input.

These findings that were made through an empirical study indicate that in spite of the limited presence of some principles of participatory evaluation in two of the five programmes, neither of the organisations uses participatory evaluation methods to evaluate their CSR programmes.

**Keywords:** Corporate Social Investment (CSI); Corporate Social Responsibility (CSR); development; development communication; monitoring; participatory approach; participatory evaluation.

# OPSOMMING

In hierdie studie word van die standpunt uitgegaan dat maatskappye deur korporatiewe sosiale verantwoordelikheid (KSV) tot ontwikkeling kan bydra en dat KSV-programme gevolglik as ontwikkelingsprogramme beskou kan word en as sodanig hanteer behoort te word. Wanneer daar binne die konteks van ontwikkelingskwessies gekommunikeer word, geskied die kommunikasie binne die breë veld van ontwikkelingskommunikasie. Die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie word tans as die normatiewe benadering vir dié tipe kommunikasie aanvaar. Gevolglik word daar in hiérdie studie geargumenteer dat kommunikasie rakende KSV-programme aan die beginsels van die deelnemende benadering behoort te voldoen.

Een van die elemente van die deelnemende benadering is deelnemende evaluasie. Dié element behels dat die evaluasieproses ook aan die beginsels van deelname behoort te voldoen ten einde tot volhoubare ontwikkeling by te dra. Om hierdie rede is die studie gebaseer op die beginsels van die deelnemende benadering wat relevant is vir die evaluasieproses van ontwikkelingsprogramme, naamlik: *dialoog*, *betrokkenheid*, *bemagtiging tot selfonderhoud* en *inagneming van diversiteit*. Hierdie beginsels vorm die basis van die beginsels wat vir deelnemende evaluasie geïdentifiseer is, naamlik: *vennootskap*, *betrokkenheid in die evaluasie*, *inagneming van plaaslike kennis*, en *bemagtiging* en *verandering*.

In Suid-Afrika lewer die finansiële sektor van die grootste finansiële bydraes tot KSV. Daar is daarom twee finansiële instellings gekies wat ondersoek word in dié studie. Die algemene navorsingsvraag wat deur die studie beantwoord wil word, is: **Wat is die aard van kommunikasie tydens die evaluasie van die KSV-Programme in die finansiële sektor?**

Hierdie studie is volgens die kwalitatiewe benadering hanteer en die navorsingsmetodes wat gebruik is om die relevante inligting in te samel, is kwalitatiewe inhoudsanalise, semigestruktureerde onderhoude en fokusgroepe.

Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat nie een van die vyf programme, wat in die studie ondersoek is, werklik deelnemend geëvalueer word nie. In twee van die programme bestaan daar ’n beperkte vennootskap tussen die maatskappy en/of die programleier en die bevoordeeldes, terwyl daar geen vennootskap in die ander drie programme bestaan nie. Die bevoordeeldes van twee van die programme neem op beperkte wyse deel aan die

evaluasieproses en die plaaslike kennis van bevoordeeldes word ook slegs in die evaluasie van hierdie twee programme erken. Laastens is bevind dat daar slegs in twee van die programme word bevoordeeldes bemagtiging deur die evaluasieproses, en dat net twee van die programme verander op grond van die insette van die bevoordeeldes.

Die bevindinge wat deur die empiriese studie verkry is, dui daarop dat nie een van die maatskappye werklik deelnemende evaluasiemetodes gebruik in die evaluasie van hulle KSV-programme nie ten spyte van die beperkte teenwoordigheid van sommige van die beginsels by twee van die vyf programme.

**Trefwoorde:** Deelnemende benadering; deelnemende evaluasie; korporatiewe sosiale investering (KSI); korporatiewe sosiale verantwoordelikheid (KSV); monitering; ontwikkeling; ontwikkelingskommunikasie.

# INHOUDSOPGAWE


**1. HOOFSTUK 1: INLEIDING EN AGTERGROND 1**

1.1. AGTERGROND 1

1.2. KORPORATIEWE SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID 3

1.3. BETROKKE KSV-PROGRAMME 6

1.3.1. Program X1 6

1.3.2. Program X2 6

1.3.3. Program X3 7

1.3.4. Program Y1 7

1.3.5. Program Y2 8

1.4. PROBLEEMSTELLING EN NAVORSINGSVRAE 8

1.4.1. Spesifieke navorsingsvrae 9

1.5. DOELSTELLINGS 9

1.6. TEORETIESE AANNAMES 10

1.7. NAVORSINGSBENADERING 10

1.8. NAVORSINGSMETODES 11

1.8.1. Literatuurstudie 11

1.8.2. Kwalitatiewe inhoudanalise 12

1.8.3. Semigestruktureerde onderhoude 13

1.8.4. Fokusgroepe 13

1.9. HOOFSTUKINDELING 14

**2. HOOFSTUK 2: DEELNEMENDE EVALUASIE AS KOMPONENT VAN DIE DEELNEMENDE BENADERING TOT ONTWIKKELINSKOMMUNIKASIE 16**

2.1. INLEIDING 16

2.2. HISTORIESE AGTERGROND VAN ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE 16

2.2.1. Die moderniseringsparadigma 17

2.2.1.1. Die sosiale konteks 17

2.2.1.2. Algemene uitgangspunte met betrekking tot ontwikkeling 18

2.2.1.3. Kommunikasie binne die moderniseringsparadigma 19
2.2.1.4. Kritiek teen die moderniseringsparadigma 20
2.2.2. Die Afhanklikheidsparadigma 21
2.2.2.1. Sosiale konteks 21
2.2.2.2. Algemene uitgangspunte met betrekking tot ontwikkeling 22
2.2.2.3. Kommunikasie binne die afhanklikheidsparadigma 23
2.2.2.4. Kritiek teen die afhanklikheidsbenadering 24
2.2.3. ’n Nuwe era van ontwikkeling 25
2.2.4. Die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie 25
2.2.4.1. Sosiale konteks van die deelnemende benadering 25
2.2.4.2. Algemene uitgangspunte met betrekking tot ontwikkeling 26
2.3. BEGINSELS VAN DIE DEELNEMENDE BENADERING 27
2.3.1. Dialoog 28
2.3.2. Bemagtiging tot self-onderhouding 30
2.3.3. Betrokkenheid 31
2.3.4. Die inagneming van diversiteit in gemeenskappe 33
2.4. EVALUASIE AS KOMPONENT VAN DIE DEELNEMENDE BENADERING 34
2.4.1. Deelnemende evaluasie 34
2.5. BEGINSELS VAN DEELNEMENDE EVALUASIE 35
2.5.1. Vennootskap 36
2.5.2. Betrokkenheid in die evaluasieprosesse 37
2.5.3. Die inagneming van plaaslike kennis 37
2.5.4. Bemagtigingsdoelwitte 38
2.5.5. Verandering 39
2.6. SAMEVATTING 40

**3. HOOFSTUK 3: NAVORSINGSMETODES 42**
3.1. INLEIDING 42
3.2. DIE KWALITATIEWE NAVORSINGSBENADERING 42
3.3. DIE NAVORSINGSONTWERP 46
3.4. NAVORSINGSMETODES 47
3.4.1. Kwalitatiewe inhoudsanalise 47
3.4.2. Semigestruktureerde onderhoude 49
3.4.2.1. Semigestruktureerde onderhoude met die verteenwoordigers van die maatskappye 52
3.4.2.2. Semigestruktureerde onderhoude met die programleiers 53
3.4.3. Fokusgroepe 57

3.4.3.1. Fokusgroepe met die bevoordeeldes van Maatskappy X 59
3.4.3.2. Fokusgroepe met die bevoordeeldes van Maatskappy Y 59
3.5. STRUIKELBLOKKE 60
3.6. SAMEVATTING 61

**4. HOOFSTUK 4: RESULTATE 62**
4.1. INLEIDING 62
4.2. KONTEKS VAN PROGRAMME 62
4.3. BESPREKING VAN RESULTATE 66
4.3.1. Vennootskap 66
4.3.1.1. Vennootskap: Program X1 67
4.3.1.2. Vennootskap: Program X2 70
4.3.1.3. Vennootskap: Program X3 73
4.3.1.4. Vennootskap: Program Y1 75
4.3.1.5. Vennootskap: Program Y2 78
4.3.2. Betrokkenheid 80
4.3.2.1. Betrokkenheid: Program X1 81
4.3.2.2. Betrokkenheid: Program X2 83
4.3.2.3. Betrokkenheid: Program X3 84
4.3.2.4. Betrokkenheid: Program Y1 86
4.3.2.5. Betrokkenheid: Program Y2 88
4.3.3. Plaaslike kennis 90
4.3.3.1. Plaaslike kennis: Program X1 91
4.3.3.2. Plaaslike kennis: Program X2 92
4.3.3.3. Plaaslike kennis: Program X3 94
4.3.3.4. Plaaslike kennis: Program Y1 95
4.3.3.5. Plaaslike kennis: Program Y2 96
4.3.4. Bemagtigingsdoelwitte 98
4.3.4.1. Bemagtigingsdoelwitte: Program X1 99
4.3.4.2. Bemagtigingsdoelwitte: Program X2 100
4.3.4.3. Bemagtigingsdoelwitte: Program X3 101
4.3.4.4. Bemagtigingsdoelwitte: Program Y1 103
4.3.4.5. Bemagtigingsdoelwitte: Program Y2 104
4.3.5. Verandering 106
4.3.5.1. Verandering: Program X1 106
4.3.5.2. Verandering: Program X2 108
4.3.5.3. Verandering: Program X3 110

4.3.5.4. Verandering: Program Y1 111
4.3.5.5. Verandering: Program Y2 113
4.4. SAMEVATTNG 115

**5. HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKING 116**
5.1 INLEIDING 116
5.2 BEANTWOORDING VAN DIE SPESIFIEKE NAVORSINGSVRAE 116
5.2.1 Vraag 1: Beginsels van deelnemende evaluasie 116
5.2.2 Vraag 2: Evaluasieprosesse 118
5.2.3 Vraag 3: Persepsies van maatskappyverteenwoordigers 121
5.2.3.1 Vennootskap
122
5.2.3.2 Betrokkenheid 123
5.2.3.3 Plaaslike kennis 123
5.2.3.4 Bemagtigingsdoelwitte 124
5.2.3.5 Verandering 124
5.2.4 Vraag 4: Persepsies van bevoordeeldes 125
5.2.4.1 Vennootskap 126
5.2.4.2 Betrokkenheid 127
5.2.4.3 Plaaslike kennis 128
5.2.4.4 Bemagtigingsdoelwitte 128
5.2.4.5 Verandering 129
5.3 DIE ALGEMENE NAVORSINGSVRAAG 130
5.4 BYDRAE VAN DIE STUDIE 135
5.5 VERDERE NAVORSING 136

**6. BRONNELYS 137**

**7. LYS VAN FIGURE EN TABELLE**

Tabel 3.3 Navorsingsontwerp 46
Tabel 3.4.1 Die onderhoudskedule 51
Tabel 3.4.3 Konsepte en konstrukte 54

Addendum A: Brief aan finansiële maatskappye
Addendum B: Bevestiging van taalversorging
Addendum C: Plegtigheidsverklaring

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING EN AGTERGROND

## 1.1 AGTERGROND

Gedurende die vyftiger- en sestigerjare was die moderniseringsbenadering se uitgangspunte dominant binne die ontwikkelingskommunikasie diskoers en praktyk. In hierdie paradigma is ontwikkeling hoofsaaklik beskou as die ekonomiese vooruitgang van lande en gemeenskappe (Mody, 2003:131; Melkote, 2003:421). Hierdie paradigma het veronderstel dat alle gemeenskappe van ou en tradisionele leefwyses moet afsien en nuwe, moderne (Westerse) leefwyses moet aanleer. Daar is hoofsaaklik van massamedia gebruik gemaak as medium vir ontwikkelingskommunikasie, aangesien die massamedia as 'voertuig' vir ontwikkeling beskou is (Melkote, 2006:150; Inagaki, 2007:5). In die 1970's het daar egter baie kritiek teenoor hierdie paradigma ontstaan, waarvan die grootste was dat die paradigma nie tot volhoubare ontwikkeling bygedra het nie. Een van die redes wat vir hierdie mislukking geïdentifiseer is, is gebrekkige deelname deur diegene waarop die ontwikkelingsinisiatiewe gemik was. Op grond hiervan het die behoefte aan ander, meer deelnemende benaderings tot ontwikkeling en gevolglik ook ontwikkelingskommunikasie, ontstaan (Servaes, 1995:56; Huesca, 2003:449).

Die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie is een van die benaderings wat in die 1980's en 1990's hoofsaaklik uit die kritiek teen die moderniseringsparadigma ontstaan het en word tans as die normatiewe benadering vir ontwikkelingskommunikasie beskou (Huesca, 2002:499; Huesca, 2003:500; Inagaki, 2007:6).

Die deelnemende benadering veronderstel dat gemeenskappe in staat gestel word om self betekenisvolle bydraes tot die positiewe ontwikkeling van hul daaglikse lewens te maak (Esau, 2007:187). Hoewel daar verskeie definisies vir deelname, asook deelnemende kommunikasie wat deur 'n deelnemende benadering tot ontwikkeling veronderstel word, bestaan, kan daar 'n aantal algemene beginsels van deelnemende kommunikasie geïdentifiseer word. Hierdie beginsels sluit eerstens ***dialoog*** in, waar interaksie en tweerigtingkommunikasie tussen die ontwikkelaars en betrokke ontwikkelende gemeenskappe veronderstel word (Rahim, 1994:122; Inagaki, 2007:9; Fourie & Kloppers, 2009:100).

***betrokkenheid*** is ’n tweede beginsel van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie wat verwys na die betrokkenheid van mense in die beplanning, implementering, evaluasie en besluitnemingsprosesse van die ontwikkelingsprogramme (Jacobson & Kolluri, 1999:268). ***bemagtiging wat lei tot selfonderhoud*** is ook 'n beginsel van deelnemende kommunikasie wat fokus op emosionele, motiverende en kognitiewe dimensies wat bevorder word tydens die ontwikkelingsproses. Die gemeenskap verkry beheer oor hulle eie situasie en maak gebruik van eie sterkpunte en hulpbronne om by te dra tot volhoubare ontwikkeling (Rahim, 1994:118; Servaes, 1995:43; Fourie & Kloppers, 2009:93). Hierdeur word *'n gevoel van eienaarskap en selfvertroue* geskep waar die betrokke ontwikkelende gemeenskap eienaarskap van die situasie neem en sodoende deur hul betrokkenheid bemagtig kan word (Huesca, 2003:505). Hier word die plaaslike gemeenskap belangrike rolspelers in die ontwikkelingsprosesse (Varol *et al.,* 2011:9). Sodra eienaarskap ontstaan, ontstaan trots en begin mense "veg" vir die situasie en so word selfvertroue opgebou (Warburton, 1998:28). Die ***inagneming van diversiteit*** wat dui op die belangrikheid daarvan om die gemeenskap te ken, sodat hulle unieke behoeftes verstaan en in ag geneem kan word, kan as die vierde beginsel van die deelnemende benadering in hierdie studie beskou word. Ontwikkeling is 'n dinamiese en komplekse proses (Boothroyd *et al.,* 2002:39), en daarom is indiepte-kennis van die gemeenskap se omstandighede belangrik ten einde die regte behoeftes tydens die ontwikkelingsprosesse aan te spreek (Servaes & Arnst, 1999:116). Tradisionele karaktereienskappe van die gemeenskap bly deel van die gemeenskap, en daarom moet die eienskappe, waardes en tradisies in verskeie gemeenskappe tydens ontwikkeling in ag geneem word (Handelman, 2009:94; Fourie & Kloppers, 2009:93; Hardiman & Midgley, 1989:37).

Aangesien die deelnemende benadering tans die normatiewe benadering tot ontwikkelingskommunikasie is, word dit ook as uitgangspunt in die huidige studie geneem. Van besondere belang vir hierdie studie is die aanname dat gemeenskappe op verskillende vlakke van die ontwikkelingsproses betrokke behoort te wees; hulle behoort deel te wees van die *beplannings- en besluitnemingsproses,* deel van die *implementering,* en ook deel van die *evaluasie* van die program (Jacobson & Kolluri, 1999:268; Bessette, 2004:13; Swanepoel & De Beer, 2006:28). In dié studie gaan spesifiek gefokus word op die *evaluasie* van ontwikkelingsprogramme. Deelnemende evaluasie word as 'n belangrike komponent van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie beskou.

Aangesien alle komponente van die ontwikkelingsprogramme deelnemend behoort te geskied, behoort evaluasie dus ook aan die beginsels van die deelnemende benadering te voldoen. (Jacobson & Kolluri, 1999:268; Wallace, 2008:202; Parkinson, 2009:230). Deelname

van die gemeenskap in die evaluasieproses kan onder andere tot volhoubare kennis met betrekking tot die plaaslike konteks en ook die aard van die intervensie bydra (Wallace, 2008:202). ’n Verdere voordeel van deelname in evaluasie is dat die gemeenskap moontlik eienaarskap van die projek kan neem. Die selfvertroue wat hierdeur ontwikkel word, is 'n belangrike element vir die volhoubaarheid van die program (Boyden *et al.,* 2002:58).

In samehang hiermee is bevind dat ontwikkelingsprogramme wat nie op deelnemende wyses geëvalueer word nie, die gevolg kan hê dat daar nie genoegsame aanvaarding en deelname van die gemeenskap is nie, wat daartoe kan aanleiding gee dat die program dan nie aan hulle behoeftes voldoen nie (Grünewald, 2003:69; Boyden *et al.*, 2002:58). Ontwikkeling kan slegs plaasvind as die gemeenskap se werklike behoeftes aangespreek word (Hediger, 2000:481). Om hierdie behoeftes aan te spreek, word daar staatgemaak op verskillende rolspelers in die ontwikkelingsproses (Ellis & Biggs, 2001:437). Een van hierdie rolspelers is die korporatiewe sektor wat deur middel van Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid (KSV)[1] kan bydra tot die ontwikkeling van gemeenskappe (Caplan, *et al.,* 2001:1).

Volgens die multisektorbenadering word korporatiewe maatskappye as 'n rolspeler, in samewerking met die breë samelewing, plaaslike gemeenskappe, nie-winsgewende organisasies asook die regering gesien, wat ’n fundamentele ontwikkelingsrol in Suid-Afrika vervul (Corkin, 2008:39; Trialogue, 2009:xvi).

## 1.2 KORPORATIEWE SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID

Schwartz en Carroll (2003:503) redeneer dat die definisies van Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid (KSV) in twee algemene groepe geklassifiseer kan word: eerstens die definisies wat aandui dat besighede slegs ten doel het om maksimum wins te genereer in lyn met wetgewing en minimum etiese beperkinge, en tweedens definisies wat beklemtoon dat

[1] KSV is ’n breë, waardegebaseerde raamwerk, wat alle aspekte van die maatskappy se funksionering omsluit, om te verseker dat alle aksies en prosesse op ’n etiese en sosiaal verantwoordelike manier gedoen word. KSV word beskou as ’n korporatiewe bydrae tot ’n gemeenskap se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte (Trialogue, 2009:4). Korporatiewe Sosiale Investering (KSI) kan beskryf word as ’n formele komponent van die KSV-agenda, wat ’n belangrike rol speel in die voortbring van korporatiewe hulpbronne om armoede te bekamp en sosio-ekonomiese ontwikkeling mee te bring (Trialogue, 2009:4). In hierdie studie word die programme wat ondersoek word, as deel van die breë sosiale verantwoordelikheidsagenda beskou en daarom word die term KSV eerder as KSI gebruik.

maatskappye 'n breër reeks van verantwoordelikhede teenoor die samelewing het. In aansluiting hierby identifiseer Bowd *et al.* (2003:5) drie denkskole in terme van KSV, naamlik: die *Friedman denkskool,* die *Bowen denkskool* en die *Kommissie van die Europese Gemeenskappe denkskool*.

Die Friedman-denkskool is van mening dat besighede alleenlik verplig is om 'n maksimum wins te genereer vir hul aandeelhouers met die inagneming van die wetlike grense en die minimum etiese beperkings (Swartz & Carroll, 2003:503; Bowd *et al.,* 2003:17). Friedman (1962) het geargumenteer dat die enigste verantwoordelikheid wat maatskappye het, is om geld te maak vir die aandeelhouers (Bowd *et al.*, 2003:16). Friedman (1962) het verder aangevoer dat die altruïsme soos wat dit deur die Bowen-denkskool voorgestel word, die verantwoordelikheid van die staat, sosiale liefdadigheid en individue is (Bowd *et al.,* 2003:17).

Die Bowen-denkskool het uit die werk van Howard Bowen (1953) ontstaan, wat van mening was dat elke maatskappy vanuit sy bestaan ŉ verantwoordelikheid teenoor die samelewing het (Bowd *et al.* 2003:9). Dié denkskool argumenteer, in kontras met die Friedman-denkskool, dat maatskappye wyer verpligtinge as slegs winsgewendheid binne die perke van wetgewing teenoor die samelewing het en dat die samelewing sekere verwagtinge van besighede het waaraan voldoen moet word (Schwartz & Carroll, 2003:503; Bowd *et al.,* 2003:17).

Die derde denkskool, die *Kommissie van die Europese Gemeenskappe denkskool,* kan gesien word as ŉ kombinasie tussen die eerste- en tweede denkskool (Bowd *et al.,* 2003:19). Dié denkskool argumenteer dat KSV strategies gebruik kan word om albei ontwikkelingsdoelwitte, asook die maatskappy se korporatiewe doelwitte, te behaal. Dié redenasie behels dat KSV-inisiatiewe wat terugploeg in die gemeenskap, ook die beeld en reputasie van die maatskappy kan bevoordeel, wat tot die maatskappy se strategiese voordeel kan strek (Bowd *et al.,* 2003:19).

Die Europese Unie (2011:6) moedig ook maatskappye aan om die strategiese benadering tot KSV aan te neem om sodoende innoverende produkte, dienste en besigheidsmodelle daar te stel wat bydra tot sosiale vooruitgang, hoër kwaliteit en produktiewe werksgeleenthede. In die Europese Unie se strategie vir 2011-2014 veronderstel hulle dat maatskappye 'n verantwoordelikheid het om respek te hê vir relevante wetgewing en ook vir die kollektiewe ooreenkomste tussen maatskappye en die samelewing. Die nuwe definisie vir KSV wat hulle

hierdeur saamvat, is dat maatskappye verantwoordelik is vir die *impak* wat hulle op die samelewing het.

Daar bestaan verskillende sienings rondom die definiëring van KSV en ten spyte van verskillende pogings is daar nog nie ’n vasgestelde definisie vir hierdie term wat wêreldwyd aanvaar word nie (Growther & Aras, 2008:11; Urip, 2010:3). ’n Definisie wat die uitgangspunt van hierdie studie beklemtoon, word in die *International Standard 2010* gevind. Hierdie Nasionale Standaard word tans nasionaal en internasionaal aanvaar as riglyn vir die uitvoering van Sosiale Verantwoordelikheidsprogramme. Hierdie definisie van die Nasionale Standaard word deur die King III verslag, wat in 2009 gepubliseer is en aan die voorpunt van sosiale verantwoordelikheid nasionaal en internasionaal staan, onderskryf. King III beklemtoon die belangrikheid van volhoubare verslaggewing onder andere in terme van sosiale verantwoordelikheid. Aangesien albei die prominente bronne hierdie definisie aanhang, word dit as normatiewe definisie vir hierdie studie aanvaar. Hierdie definisie veronderstel dat KSV 'n strategies geïntegreerde deel van 'n maatskappy se funksionering behoort te wees. KSV word as die organisasie se *verantwoordelikheid teenoor die samelewing* beskou, wat onder andere op die samelewing se behoeftes in terme van sosiale, ekonomiese en omgewingskwessies moet fokus (ISO, 2010:7-9). Vir organisasies om dié verantwoordelikheid na te kom, moet daar aan al hierdie verwagtinge van die samelewing aandag geskenk word en behoort die oorhoofse doel van KSV te wees om tot *volhoubare ontwikkeling by* te dra (ISO, 2010:9). KSV-programme is dus ontwikkelingsprogramme wat as sodanig hanteer behoort te word en die kommunikasie daarvan behoort ook aan die normatiewe beginsels van ontwikkelingskommunikasie te voldoen.

Daar bestaan verskeie redenasies oor watter belangegroepe van maatskappye by hul KSV programme behoort te baat. In hierdie studie word gemeenskappe wat deur die maatskappy se aktiwiteite geraak word as ’n primêre belangegroep van korporatiewe maatskappye beskou. Om hierdie rede word geargumenteer dat plaaslike gemeenskappe by die KSV-inisiatiewe van die maatskappy behoort te baat (Zairi, 2000:172; Kluge & Schömann, 2008:15).

Volgens Trialogue (2009:xvi) is die finansiële sektor, naas die mynbousektor, die grootste sektor wat tot sosiale investering in Suid-Afrika bydra. In 2010 en in 2011 het dié sektor opgeskuif met die lys en is dit tans aan die bopunt van die top industriële bydraers tot sosiale investering (Trialogue, 2011:34). Die finansiële sektor kan dus as 'n baie belangrike rolspeler in terme van KSV in Suid-Afrika gesien word. Aangesien daar ook reeds verskeie

studies in die mynbousektor onderneem is, is besluit om op die finansiële sektor te fokus. Twee van die finansiële maatskappye wat, volgens Trialogue *(*2009, 2011), onder die top befondsers van KSV-programme in Suid-Afrika tel, vorm deel van die studie. Dié twee maatskappye het egter verkies om anoniem te bly en gevolglik sal daar na Maatskappy X en Maatskappy Y verwys word wanneer die maatskappye asook hul KSV-inisiatiewe bespreek word.

Daar is in samewerking met die KSV-bestuurders van die onderskeie finansiële maatskappye besluit watter spesifieke KSV-programme in die studie ondersoek sou word. Die besluit is geneem op grond van die toeganklikheid van die omgewing vir die navorser. Dié programme, sal vervolgens kortliks bespreek word sodat die verskillende fokusse daarvan duidelik sal blyk.

## 1.3 KSV-PROGRAMME WAT ONDERSOEK WORD

### 1.3.1 Program X1

Program X1 is 'n ontwikkelingsprogram wat fokus op vroue in arm gemeenskappe se ontwikkeling en opleiding in mediese sorg. Gewillige vroue uit die gemeenskap word betrek by die program in 'n poging om hulle op te lei om MIV-positiewe mense te versorg. Daar is tans 67 vroue betrokke by die program. Wanneer 'n vrou betrokke raak by die program werk sy eers vir twee jaar onder leiding van 'n senior verpleegster, wat dan indiensopleiding aan die junior vroue bied. Dit is 'n standaard reël dat junior vroue nie alleen met die pasiënte mag werk nie, maar dat hulle deur hul samewerking met senior verpleegpersoneel bemagtig word om later onafhanklik te kan funksioneer (KSV-bestuurder van Maatskappy X, 2011).

Na afloop van die twee jaar, tensy die bevoordeelde se dienste nie op standaard is nie, word die junior ook 'n senior verpleegster en is sy gekwalifiseerd om ander op te lei of om elders te gaan werk as 'n mediese verpleegster. Die vroue betaal nie vir die opleiding wat hulle ontvang nie, maar word verplig om twee jaar in diens van die MIV-positiewe versorgingseenheid te wees Tydens die twee jaar word die vroue 'n minimale salaris betaal. Na afloop van die twee jaar mag hulle die program verlaat om in 'n hospitaal buite die program te gaan werk. Dit is egter vir die volhoubaarheid van die program belangrik dat al die vroue nie uit die program verdwyn na twee jaar nie, aangesien hulle op hul beurt help om die nuwelinge op te lei (KSV-bestuurder van Maatskappy X, 2011).

### 1.3.2 Program X2

In program X2 maak die korporatiewe maatskappy gebruik van 'n ontwikkelingsinstansie wat KSV-programme namens die maatskappye begin en ook onderhou. Die maatskappy kies die bevoordeeldes en voorsien die finansiële infrastruktuur, terwyl die ontwikkelingsinstansie die program op die been bring, bestuur en onderhou. Die oorhoofse doel van program X2 is om vroue te leer brood bak, sodat hulle vir hulle gesinne kan kos voorsien en ook 'n inkomste uit die verkope van die brode kan genereer. Met behulp van die finansiële ondersteuning van Maatskappy Y het die ontwikkelingsinstansie 'n volledig toegeruste kombuis opgerig, wat tans as 'n besigheid deur die bevoordeeldes bestuur word. Hierdie winkel verkoop brood, grootkoeke, kleinkoekies, broodrolletjies, beskuit, ensovoorts aan die gemeenskap waaruit hulle ’n wins genereer. Bestuursvaardighede soos kliëntediens, boekhou en leierskap maak ook deel uit van die opleiding wat die vroue ontvang (KSV-bestuurder van Maatskappy X, 2011).

Daar word slegs 'n verslag aan Maatskappy X gestuur om die vordering van die program aan te toon. Die maatskappy word alleenlik genader as verdere finansiële ondersteuning benodig word vir uitbreiding van die program of as die program in potensiële gevaar is om onsuksesvol te wees. Daar is tans 13 vroue betrokke by Program X2, sommiges so lank as ses jaar (KSV-bestuurder van Maatskappy X, 2011).

### 1.3.3 Program X3

Program X3 is 'n opleidingsprogram wat daarop fokus om onderwysers in arm gemeenskappe se wiskunde- en wetenskapsvaardighede te verbeter ten einde die skole waarby hierdie onderwysers betrokke is se slaagsyfer te verhoog. Daar is tans 40 onderwysers betrokke by die program. Die opleiding word deur 'n universiteit aangebied en vind een keer per kwartaal plaas vir twee tot vier weke op 'n keer. Tydens hierdie kwartaallikse opleidingsessies kom onderwysers uit verskillende provinsies na die universiteit en woon hulle vir dié tydperk elke dag klas by. Maatskappy X betaal die dosent vir sy dienste en ook die universiteit vir hulle geriewe. Die bevoordeeldes van hierdie program betaal nie vir die opleiding nie, maar is verantwoordelik vir die onkostes verbonde aan die verblyf in een van die koshuise by die universiteit asook hulle eie etes (KSV-bestuurder van Maatskappy X, 2011).

### 1.3.4 Program Y1

Program Y1 is 'n dansstudio in 'n woonbuurt in Johannesburg wat finansieel deur Maatskappy Y ondersteun word. Hierdie dansstudio fokus op geselekteerde jongmense met danstalent. Oudisies word gehou en jongmense kompeteer vir 'n geleentheid om professionele dansopleiding gratis te ontvang. Wanneer jongmense deel word van die program, is daar sekere kontrakte en beleide wat onderteken word om albei partye (die dansstudio en die bevoordeelde) se verbintenis te verseker. Daar is tans 60 jongmense by hierdie program betrokke, waarvan die meerderheid reeds gekwalifiseerde dansers is. Die bevoordeeldes ontvang gratis opleiding deur professionele dansers, maar daar word harde werk en lojaliteit van elkeen verwag. Nadat die bevoordeeldes sekere danseksamens geslaag het, ontvang hulle sertifikate wat nasionaal erken word en staan dit hulle vry om 'n professie van dans te maak. Sommige bevoordeeldes verkies egter om by die program betrokke te bly en deel van die afrigting te word en só 'n salaris te verdien (KSV-bestuurder van Maatskappy Y, 2011).

### 1.3.5 Program Y2

Program Y2 is 'n wiskundeprogram wat daarop fokus om leerders van arm skole uit gemeenskappe se wiskundevaardighede te verbeter. Hierdie leerders ontvang twee of drie dae 'n week na afloop van hulle normale skooldag, ekstra wiskunde-opleiding. Daar word jaarliks ongeveer 15 graad11-leerders geïdentifiseer wat volgens hulle onderwysers potensiaal in wiskunde toon. Hierdie leerders word genader en kan vrywilliglik deel word van die program. Die leerders ontvang weekliks gratis opleiding en ekstra studiemateriaal. Hulle word ook aangemoedig om die swakker wiskundestudente in die skool te help nadat hulle eie vaardighede verskerp het. Daar is tans 13 leerders by hierdie program betrokke (KSV-bestuurder van Maatskappy X, 2011).

## 1.4 PROBLEEMSTELLING EN NAVORSINGSVRAE

In hierdie studie word geargumenteer dat die deelnemende benadering die normatiewe kommunikasiebenadering tot ontwikkeling is, en dat die kommunikasie in bogenoemde KSV-programme, as voorbeelde van ontwikkelingsprogramme, ook aan die beginsels van die deelnemende benadering behoort te voldoen. Evaluasie is 'n belangrike komponent van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie en dus behoort hierdie stap in die

proses ook op 'n deelnemende wyse te geskied. Deur deelnemende evaluasie kan die gemeenskap eienaarskap van hulle eie ontwikkeling neem en sodoende kan selfvertroue opgebou word en begin die gemeenskap vir hulleself praat en besluite neem en die ontwikkelingsprogram kan volhoubaar word. Die gevaar bestaan egter dat evaluasie van KSV-programme nie op deelnemende wyse geskied nie maar dat slegs die maatskappy wat vir die befondsing verantwoordelik is programme evalueer. Hierdie situasie kan daartoe lei dat die gemeenskap nie kan terugvoer gee of hulle doelwitte en werklike behoeftes bevredig word, al dan nie. In hierdie geval kan die betrokke ontwikkelingsprogram nie werklik tot volhoubare ontwikkeling bydra nie en kan groot finansiële insette vermors word, omdat dit nie tot werklike ontwikkelingsbehoeftes spreek nie.

Na aanleiding van die bostaande argumente fokus die studie op die volgende algemene navorsingsvraag: *Wat is die aard van kommunikasie tydens die evaluasie van KSV-programme in twee maatskappye?*

### 1.4.1 Spesifieke navorsingsvrae:

Ten einde die algemene navorsingsvraag te beantwoord, is die volgende spesifieke navorsingsvrae gestel:

1.4.1.1 Watter beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie is relevant vir die evaluasie van KSV-programme in die twee maatskappye?

1.4.1.2 Wat behels die evaluasieproses van die KSV-programme in die twee maatskappye?

1.4.1.3 Wat is die persepsies van die KSV-bestuurders (maatskappyverteenwoordigers) van die twee maatskappye rakende die kommunikasie tydens die evaluasie van KSV-programme?

1.4.1.4 Wat is die persepsies van die betrokke bevoordeeldes rakende die kommunikasie tydens die evaluasie van KSV-programme?

## 1.5 DOELSTELLINGS

Die volgende doelstellings word uit die navorsingsvrae afgelei:

1.5.1 Om deur middel van 'n literatuurstudie te bepaal watter beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie relevant is vir die

evaluasie van KSV-programme in die twee maatskappye.

1.5.2 Om deur middel van kwalitatiewe inhoudsanalise van relevante dokumente van die twee maatskappye asook semigestruktureerde onderhoude met maatskappy-verteenwoordigers en bevoordeeldes vas te stel wat die evaluasieproses van die KSV-programme in die betrokke maatskappye behels.

1.5.3 Om deur middel van semigestruktureerde onderhoude met die KSV-bestuurders (maatskappyverteenwoordigers) vas te stel wat die persepsies van die KSV-bestuurders (maatskappyverteenwoordigers) van die twee maatskappye rakende die kommunikasie tydens die evaluasie van KSV-programme is.

1.5.4 Om deur middel van semigestruktureerde onderhoude met programleiers en fokusgroepe met die bevoordeeldes van die programme vas te stel wat die persepsies van die betrokke bevoordeeldes rakende die kommunikasie tydens die evaluasie van KSV-programme is.

## 1.6 TEORETIESE AANNAMES

Hierdie studie berus op die volgende teoretiese aannames:

Ten spyte van kritiek word die deelnemende benadering tans as dié normatiewe benadering tot ontwikkelingskommunikasie beskou. Dit berus op die volgende basiese beginsels: *dialoog, betrokkenheid, bemagtiging wat lei tot selfonderhoud,* en die *inagneming van diversiteit* (Nair & White, 1993:54; Rahim, 1994:6; Jacobson & Kolluri, 1999:268; Inagaki, 2007:9).

Evaluasie van ontwikkelingsprogramme is 'n belangrike manier om terugvoer van gemeenskappe te fasiliteer en is as sodanig 'n onontbeerlike deel van die proses van deelnemende ontwikkelingskommunikasie (Jacobson & Kolluri, 1999:268; Wallace, 2008:202; Parkinson, 2009:230). Wanneer die ontwikkelingsprogram op deelnemende wyse geëvalueer word, behoort eienaarskap, selfvertroue en volhoubaarheid meegebring te word en kan die programme tot volhoubare ontwikkeling bydra (Boyden *et al.,* 2002:58).

Korporatiewe maatskappye is 'n belangrike vennoot in die multisektorbenadering tot ontwikkeling en behoort deur middel van hulle KSV tot volhoubare ontwikkeling by te dra (ISO, 2010; Zairi, 2000; Lantos, 2001; Bowd *et al*., 2003).

Daar word dus in hierdie studie van die uitgangspunt uitgegaan dat KSV-programme op

dieselfde grondslag as ander ontwikkelingsprogramme behoort te berus en as sodanig behoort KSV-programme ook op ’n deelnemende wyse geëvalueer te word.

## 1.7 NAVORSINGSBENADERING

Hierdie studie is op ’n kwalitatiewe wyse benader en daarom bied dit indiepte-kennis en begrip van die navorsingsomgewing en omstandighede. Wanneer daar indiepte-kennis van die ontwikkelingsisteem verkry word, kan persepsies en gevoelens van betrokkenes bepaal word (Babbie & Mouton, 2001:326). Deur middel van die navorsing is ’n duidelike begrip van die evaluasieproses in die twee maatskappye se verskillende KSV-inisiatiewe verkry. Plaaslike kennis en tradisies van die gemeenskappe is ook in ag geneem tydens die uitvoering van die studie. Dit bring mee dat die persepsies van die gemeenskappe teenoor kommunikasie in evaluasieprosesse van die programme binne konteks bepaal is.

## 1.8 NAVORSINGSMETODES

Die volgende navorsingmetodes is in hierdie studie binne die kwalitatiewe benadering gebruik: literatuurstudie, kwalitatiewe inhoudsanalise, semigestruktureerde onderhoude en fokusgroepe.

### 1.8.1 Literatuurstudie

Die volgende databasisse is geraadpleeg in soektogte: Ebscohost, Science Direct, SAePublications, Nexus en die Ferdinand Postma-Biblioteek se katalogi. Die soektog het getoon dat daar genoegsame inligting vir die uitvoering van hierdie studie bestaan.

Daar is verskeie bestaande studies oor KSV, soos die van Trialogue (2009); Lantos (2001) en Moir (2001). Daar is ook verskeie studies wat argumenteer dat KSV tot ontwikkeling behoort by te dra (sien Lantos, 2001; Bowd *et al*., 2003; Hamann & Kapelus, 2004; Corkin, 2008; Hediger, 2010).

Daar kom sterk argumente in akademiese werk na vore wat deelname noodsaaklik ag om ontwikkeling mee te bring in die werke van Rahim (1994), Servaes en Arnst (1999), Boothroyd *et al.* (2002), Huesca (2003), Kenny (2005) asook Varol *et al.* (2011). Met deelname in gedagte word die deelnemende benadering bespreek in die studies van

Jacobson en Kolluri (1999) en Inagaki (2007). Uit die deelnemende benadering word verskillende beginsels afgelei en bespreek wat die kern vorm van ontwikkelingskommunikasie en volhoubare ontwikkeling in die studies van Nair en White (1993) asook Varol *et al.* (2011).

Die verskillende uitgangspunte word ook verder bespreek deur studies van onder andere Boothroyd (2002), Wallace (2008) asook Fourie en Kloppers (2009). Met hierdie uitgangspunte in gedagte word evaluasie as konsep van die deelnemende benadering bespreek deur Boyden *et al.* (2002), De Geoffroy (2003), Grünewald (2003), Wallace (2008) en Parkinson (2009).

Daar is verskeie magister- en doktorale studies gedoen wat aansluit by bogenoemde onderwerpe. Daar bestaan 'n verskeidenheid van studies wat nasionaal en internasionaal afgehandel is, en ook wat steeds in proses is, wat argumenteer dat KSV tot ontwikkeling behoort by te dra ( sien Ntsime, 1997; De Jongh, 2003; Gitari, 2007; Watson, 2007; Costa, 2008; George, 2008; Kwai Pun, 2008; Backscheider, 2009). Hierdie studies fokus veral op die mynbousektor en in 'n mindere mate op KSV in die finansiële sektor. Die enkeles wat wel in die finansiële sektor gedoen is, is onder andere die studies van David (1996), Armstrong (2001), Kun-Hong Lin (2003) en Dam (2008). Die studies wat in die finansiële sektor gedoen is, het gefokus op die algemene funksionering en relevansie van KSV in die finansiële sektor, in teenstelling met die huidige studie wat fokus op spesifieke KSV-projekte in die finansiële sektor se evaluasieprosesse. Van besondere belang vir die huidige studie, is die studies oor deelnemende evaluasie (sien Williams, 1995; Lee Campbell, 2000; Niba, 2004; White, 2009). Hierdie studies het egter op deelnemende evaluasie in ontwikkelingsprogramme oor die algemeen gefokus, terwyl die huidige studie op deelnemende evaluasie van twee finansiële maatskappye se KSV-programme fokus.

Hoewel daar in die onderskeie onderwerpe resente en belangrike studies gedoen is, is daar geen studie gevind wat deelnemende evaluasie in KSV-programme van finansiële maatskappye ondersoek nie, dus is hierdie studie uniek. Omdat die maatskappye 'n groot bydrae tot ontwikkeling in Suid-Afrika deur hul KSV-programme kan en behoort te maak, en die evaluasie van die programme die uitkoms en effektiwiteit daarvan kan beïnvloed, is hierdie studie relevant.

Die doel van die literatuurstudie is om te bepaal hoe die KSV-programme volgens die beginsels van die deelnemende benadering geëvalueer behoort te word.

### 1.8.2 Kwalitatiewe inhoudsanalise

Alle relevante beleidsdokumente, insluitende die jaarverslae van die verskillende finansiële maatskappye en ook van die programme is kwalitatief geanaliseer. Inhoudsanalise behels interpretering van die inligting wat uit dokumente verkry is. Op hierdie wyse word ŉ groot hoeveelheid data met elke analise verminder tot ŉ beheerbare hoeveelheid (Poggenpoel, 1998:342, 349). Hier is gebruik gemaak van 'n kwalitatiewe inhoudsanalise omdat daar betekenis binne die konteks verkry wou word van elke program wat betrokke is by die studie deur die beleidsdokumente en verslae.

Dit is van groot belang om ten alle tye die fokus van die studie in gedagte te hou, en daarom is alle inligting wat verkry is vanuit beleidsdokumente en jaarverslae aan die hand van teoretiese stellings (soos in hoofstuk 2 geformuleer) geanaliseer (sien O'Leary, 2010:258).

Kwalitatiewe inhoudsanalise word ook gebruik om onderhoude se transkripsies te analiseer en sodoende die inligting wat ingesamel is binne konteks te interpreteer (Poggenpoel, 1998:342, 349). Die inligting wat tydens die onderhoude ingesamel en getranskribeer is, is deur kwalitatiewe inhoudsanalise en aan die hand van die geïdentifiseerde teoretiese stellings geïnterpreteer, en sodoende is die transkripsies tot 'n beheerbare hoeveelheid inligting wat relevant is vir die studie verminder. Deur kwalitatiewe inhoudsanalise van die transkripsies van die inligting wat tydens die onderhoude en fokusgroepe in hierdie studie ingesamel is, is indiepte-persepsies van die betrokkenes ondersoek. Hierdeur kon die persepsies van die bevoordeeldes en betrokke bestuurders rakende die kommunikasie tydens evaluasie van die KSV-programme aan die lig kom.

### 1.8.3 Semigestruktureerde onderhoude

Die grootste voordeel van onderhoude is dat dit deelnemers in staat stel om hul unieke ervarings en persepsies in hul eie woorde te kommunikeer, eerder as om beperk te word deur voorafbepaalde vrae te beantwoord (Babbie & Mouton, 2001:249). In semigestruktureerde onderhoude word daar volgens 'n voorafgestelde onderhoudskedule te werk gegaan, maar die onderhoudskedule word gesien as ŉ *riglyn* om leiding te gee aan die navorser, terwyl daar ook geleentheid gebied word vir opvolgvrae en bespreking van inligting oor die projekte wat andersins nie aan die lig sou kom nie en nie vooraf geantisipeer is nie (Babbie & Mouton, 2001:289).

Die semigestruktureerde onderhoude is met die maatskappyverteenwoordigers wat in

beheer is van die verskillende finansiële maatskappye se KSV-programme is, gevoer om te bepaal wat elke maatskappy se persepsies rondom die evaluasie van die KSV-programme is. Daar is ook met programleiers uit die betrokke gemeenskappe of wat aangestel is om in beheer van die onderskeie programme te wees, semigestruktureerde onderhoude gevoer, aangesien hulle indiepte-kennis van die betrokke projekte het en daar vasgestel wou word wat die aard van die evaluasie van die programme is.

Daar is ook met 'n verteenwoordiger van 'n evaluasiemaatskappy wat deur een van die betrokke maatskappye aangestel is, 'n semigestruktureerde onderhoud gevoer, omdat dié persoon direk betrokke is by die evaluasie van die betrokke programme en ryk inligting aan die navorsing kon bied.

### 1.8.4 Fokusgroepe

Fokusgroepe bestaan gewoonlik uit agt tot twaalf lede en 'n fasiliteerder wat poog om 'n gemaklike en konfidensiële atmosfeer te skep (McNeil & Chapman, 2006:65). Lloyd-Evans (2006:155) is van mening dat die atmosfeer wat deur fokusgroepe geskep word, 'n gepaste konteks vir innoverende deelname is. Die groeplede, eerder as die fasiliteerder, word aangespoor om te praat en terugvoer te gee op mekaar se antwoorde. Baie navorsers meen dat minderheidsgroepe geneig is om meer op hulle gemak te wees en ondersteuning te beleef in groepe wat uit dieselfde mense as hulle bestaan; dit bring mee dat hulle hulself makliker uitdruk en gemaklik hulle opinies lug (McNeil & Chapman, 2006:65).

Fokusgroepe is interpersoonlik van aard en word baie gebruik vir navorsing wat in gemeenskappe gedoen word om persepsies, denke en gevoelens van die gemeenskapslede te verkry (Henn & Foard, 2006:164). Fokusgroeponderhoude is met die bevoordeeldes van die onderskeie KSV-programme gevoer ten einde hulle persepsies rondom die evaluasie van die onderskeie programme te bepaal. Fokusgroepe is baie belangrik vir hierdie studie aangesien dit meegebring het dat die verskillende gemeenskappe wat besoek is gemaklik hulle persepsies rakende die evaluasie van die programme kon deel. Deur fokusgroepe is vertroue gebou en relevante persepsies en idees vanuit die groep is verkry. Die voordeel wat fokusgroepe ingehou het, is dat dit ryk, kwalitatiewe data vanaf die betrokkenes gegenereer het.

Die fokusgroepbesprekings het plaasgevind in die verskillende gemeenskappe. Die lede (bevoordeeldes) wat deelgeneem het aan die fokusgroepe is op grond van hul kennis van die betrokke programme en ervaring van die evaluasieprosesse deur die maatskappy en navorser gesamentlik gekies.

## 1.9 HOOFSTUKINDELING

In hoofstuk 1 word 'n opsommende beskrywing gegee van die agtergrond, probleemstelling, konteks en die navorsingsdoelwitte van die studie.

In hoofstuk 2 word die relevante literatuur met betrekking tot die deelnemende benadering tot ontwikkeling en spesifiek deelnemende evaluasie bespreek ten einde die eerste navorsingsvraag te beantwoord. Hierdie hoofstuk fokus dus op wat van maatskappye verwag word in terme van die evaluasie van KSV-programme ten einde volhoubare ontwikkeling mee te bring.

In hoofstuk 3 word kwalitatiewe inhoudsanalise, semi-gestruktureerde onderhoude en fokusgroepe as navorsingsmetodes, bespreek. Die gepastheid van dié navorsings-benadering en metodes word onder die loep geneem en daar word verduidelik hoe elke navorsingsmetode toegepas is. Die probleme en struikelblokke wat in die studie ondervind is, word ook in hierdie hoofstuk bespreek.

In hoofstuk 4 word die resultate van die studie bespreek en in hoofstuk 5 word die gevolgtrekkings bespreek, sodoende word die spesifieke navorsingsvrae beantwoord ten einde die algemene navorsingsvraag te kan beantwoord.

# HOOFSTUK 2

# DEELNEMENDE EVALUASIE AS KOMPONENT VAN DIE DEELNEMENDE BENADERING TOT ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE

## 2.1 INLEIDING

In hoofstuk 1 is geredeneer dat wanneer daar in ŉ ontwikkelingskonteks oor ontwikkelingskwessies gekommunikeer word, daar binne die breë veld van ontwikkelingskommunikasie gekommunikeer word. Daar is verder geargumenteer dat die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie tans as die norm aanvaar word. In hiérdie hoofstuk gaan daar ondersoek ingestel word na die aard en belangrikheid van deelnemende kommunikasie in die algemeen, en in besonder tydens die evaluasie van ontwikkelingsprogramme.

Die eerste spesifieke navorsingsvraag wat in hoofstuk 1 geïdentifiseer is, naamlik *watter beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie relevant is vir die evaluasie van KSV-programme* sal in hierdie hoofstuk beantwoord word.

Die vraag sal beantwoord word deur eerstens na die historiese agtergrond van ontwikkelingskommunikasie te kyk ten einde aan te toon hoe denke oor ontwikkeling en ontwikkelingskommunikasie oor die tyd heen verander het. Daarna sal die beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie, wat spesifiek relevant vir die evaluasieproses is, bespreek word. *Deelnemende evaluasie*, as een van die komponente van die deelnemende benadering asook die elemente daarvan, word laastens bespreek en die belangrikheid hiervan in die betrokke ontwikkelingskonteks word beredeneer.

## 2.2 HISTORIESE AGTERGROND VAN ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE

Denke oor ontwikkeling en ontwikkelingskommunikasie het oor die tyd heen ontwikkel en verander op grond van kritiek teen vorige benaderings tot ontwikkeling. Dié verskillende denkraamwerke en benaderings tot ontwikkelingskommunikasie kan min of meer

kronologies opgedeel word soos wat nuwer benaderings uit kritiek teen die oues ontstaan het en op die beginsels van vorige benaderings gebou het (Servaes, 2008:5; Treurnicht, 1997:17). Die denkraamwerke wat bespreek word, is die **moderniseringsparadigma**, die **afhanklikheidsparadigma** en uiteindelik die **deelnemende benadering**, wat ook die fokus van hierdie studie is. Dit is belangrik om die verskillende benaderings tot ontwikkelingskommunikasie onder die loep te neem om 'n beter begrip te hê vir die ontstaan en ontwikkeling van ontwikkelingskommunikasie en sodoende die konteks waarbinne die deelnemende benadering ontstaan het, te begryp.

Elkeen van die denkraamwerke sal bespreek word met verwysing na die sosiale konteks daarvan, die algemene uitgangspunte met betrekking tot ontwikkeling, die aard van kommunikasie binne die denkraamwerk, en die kritiek wat teenoor die eerste twee denkraamwerk uitgespreek is, sal ook bespreek word.

### 2.2.1 Die Moderniseringsparadigma

#### 2.2.1.1 Sosiale konteks

Die moderniseringsparadigma was die eerste benadering tot ontwikkeling en het in die 1950's en 1960's ontstaan. Hierdie paradigma het as dominante ontwikkelingsparadigma ná die Tweede Wêreldoorlog ontstaan en het belangrike gevolge vir sosiale, kulturele en ekonomiese kwessies gehad (Melkote, 2002:421; Mody, 2003:130). As gevolg van die Tweede Wêreldoorlog was baie lande, insluitende Wes-Europa, verwoes (Servaes & Malikhao, 2008:258). In dié tydperk is die hele wêreld beïnvloed deur twee supermagte, naamlik die Verenigde State van Amerika en die voormalige Sowjet-Unie (Servaes & Malikhao, 2008:92). In 1947 het George Marshall, die minister van buitelandse sake van die Verenigde State, 'n "Europese herstelprogram" aangekondig, wat bekend staan as die *Marshall-plan* (Kipping, 1994:230).

Deur die Marshall-plan is fondse beskikbaar gestel vir die modernisering van produksiefasiliteite van die betrokke lande. Hierdie finansiële inspuiting het vinnig gelei tot die heropbou van Wes-Europa en deur middel van die Marshall-plan het Amerika die oorloggeteisterde Europa weer op die been gekry (Kipping, 1994:230).

Wes-Europa se herstel is as 'n "ekonomiese wonderwerk" beskou. In die akademie bestaan daar twee sienings rondom die vinnige herstel en opbou van Wes-Europa: aan die een kant staan diégene wat redeneer dat die sukses van modernisering in die Weste die gevolg van

die Marshall-plan was. Aan die anderkant staan diégene wat glo dat die meeste van die sukses aan die ekonomiese magte en industrialisasie, wat reeds teenwoordig was voor die oorlog, toegeskryf kan word (Kipping, 1994:229-231). Industriële vooruitgang het die Wes-Europese mense se lewens ingrypend verander. Dit het nie slegs die arbeidsveld beïnvloed nie, maar ook mense se houding teenoor die omgewing, outoriteit, politiese magte en tradisionele instansies verander.

Die Amerikaanse president, Harry Truman, was van mening dat die voordele van industriële vooruitgang ook gebruik moes word, soos vir Wes-Europa, in 'n program om die onderontwikkelde/ontwikkelende gebiede te versterk en te laat groei (Servaes, 2008:6). Hierdie Industrialisering het egter nie in ontwikkelende lande so suksesvol gewerk soos in die Weste nie. Die ontwikkelende lande was nie vooraf geïndustrialiseer nie en die implikasie was dat modernisering nie net kon opbou wat afgebreek was nie, maar dat alles van voor af moes gebou word (Berman, 2001:432). In ontwikkelende lande was daar nie reeds bestaande hulpbronne wat deur modernisering "herstel" kon word nie; die konteks van ontwikkelende lande het dus baie verskil van die eens sterk ekonomiese lande in die Weste (Treurnicht, 1997:17; Inglehart & Baker, 2000:21).

As gevolg van hierde verskillende kontekste op grond van kulture, tale, gelowe, sosiale waardes en ekonomiese hulpbronne en magte het die toepassing van modernisering, wat hierdie verskille nie in ag geneem het nie, nie die voorsiende ontwikkelingsdoelwitte bereik nie.

Die moderniseringsparadigma as eerste ontwikkelingsparadigma bied 'n epistemologiese en onkologiese grondslag vir al die aanvanklike teorieë van ontwikkelingskommunikasie (Melkote, 2003:131; Melkote, 2006:154).

#### 2.2.1.2 Algemene uitgangspunte met betrekking tot ontwikkeling

Die moderniseringsparadigma se fokus was hoofsaaklik gerig op ekonomiese groei, wat gemeet is aan die bruto nasionale produkpryse en ander ekonomies gerigte ontwikkelings (Melkote, 2002:421; Mody, 2003:13; Servaes & Malikhao, 2008:159). Ontwikkeling is in dié tyd gedefinieer as 'n tipe sosiale verandering waar nuwe idees aan 'n sosiale sisteem bekend gestel word om sodoende 'n hoër inkomste per kapita en 'n hoër lewenskwaliteit deur moderne produksiemetodes en verbeterde sosiale organisering mee te bring (Melkote, 2006:151).

As gevolg van die sterk fokus op ekonomiese groei is daar nie in die moderniseringsparadigma belanggestel in plaaslike of gemeenskapskennis en opinies nie; dit is inteendeel as deel van die probleem beskou. Die waarde van voetsoolvlak-deelname, plaaslike kennis en kulturele oortuigings is as ou mites gesien wat nie met die moderne realiteit van globalisering verbind kon word nie (Inagaki,2007:5; Huesca, 2008:186). Plaaslike kennis is beskryf as nie-wetenskaplik, tradisioneel, irrasioneel en selfs primitief. Nuwe idees en denkwyses is as oorredingstof gebruik om die verouderde houdings en gedrag van "tradisionele" gemeenskappe te verander na 'n moderne, "rasionele" en Westerse manier van lewe (Sillitoe *et al.*, 2002:3; Inagaki, 2007:5; Inglehart & Baker, 2000:3). Ontwikkeling is dus in dié tyd gesien as ’n liniêre proses, en daarom is kommunikasie ook so gesien en toegepas. Massamedia is in ontwikkelende lande gebruik as 'n "top-down" manier om moderne idees na die publiek te versprei; sodoende is eenrigtingkommunikasie in dié tyd gebruik om ontwikkeling mee te bring (Servaes, 2008:16).

#### 2.2.1.3 Kommunikasie binne die moderniseringsparadigma

Tydens die moderniseringsparadigma is gepoog om ontwikkelende lande se probleme op te los deur inligting met behulp van massamedia na ontwikkelende lande te versprei en sodoende transformasie te fasiliteer. Die rol van kommunikasie was om mense in te lig en te oorreed om Westerse idees aan te neem en massamedia, wat 'n produk van die industriële revolusie was, is gesien as effektiewe voertuig om dit te bereik (Melkote, 2006:150).

Lerner en Schramm was die eerste teoretici wat oor ontwikkelingskommunikasie geskryf het. Die denke van dié twee figure is grootliks deur die moderniseringsparadigma bepaal en dit word in hulle sienings en standpunte rakende ontwikkelingskommunikasie weerspieël. Lerner was in die besonder geïnteresseer in die psigiese-sosiale grondslag van tradisionele gemeenskappe en die mag wat die massamedia het om empatie met hulle situasie te artikuleer en sodoende aan individue die vermoë te verskaf om hulself in ander (moderne) mense se situasies te sien (Lerner, 1958:60). Behalwe dat dié kommunikasie mense sal stimuleer om te wil verander, het Lerner 'n "sekulêre evolusie van modernisering" voorgestel, waarin hy verduidelik het dat daar verskillende faktore in ontwikkeling is en dat groei in terme van een van die faktore ook groei in terme van die ander faktore sou fasiliteer (Sigelman, 1974:525). Hierdie “mobiele persoonlikheid”, wat deur ’n eenrigting proses geskep is, is as 'n kernvaardigheid beskou om mense uit hul tradisionele omstandighede te kry. Hierdie proses het begin by verstedeliking. Lerner (1960:139) was van mening dat verstedeliking op sigself die eerste stap in die rigting van moderne industriële ekonomie was.

Die volgende twee faktore wat volgens hom vanselfsprekend begin groei nadat verstedeliking plaasgevind het, is die geletterdheidsfaktor en die mediafaktor. Dié twee fases het hy as interafhanklik beskryf aangesien die geletterdheidsfaktor die mediafaktor ontwikkel en die media weer aan die ander kant die literatuur versprei. Uiteindelik, nadat die komplekse tegnologie van die industriële ontwikkeling goed geïmplementeer is, begin die samelewing hulle eie massamedia, soos koerante, radio en films produseer en dít sal weer die geletterheid verhoog. Lerner het gemeen dat almal hierdeur ontwikkel sal word en sodoende die voordele van moderne samelewings sal geniet (Lerner, 1958:60).

Schramm aan die ander kant het die ontwikkeling van die tradisionele samelewing gelykgestel aan die ontwikkeling in die moderne samelewing. Daar is dus geredeneer dat tradisionele mense en moderne mense dieselfde ontwikkelingsbehoeftes het en daarom behoort ontwikkeling op dieselfde manier benader te word. Daar is vervolgens minder aandag gevestig op individuele belange en universele argumente en oplossings is toegepas op alle vlakke van die samelewing. Daar is geen onderskeid getref tussen die omstandighede en die ontwikkeling van ontwikkelende en ontwikkelde lande nie. Schramm het ook veronderstel dat moderne media die mondelingse mediakanale van tradisionele samelewing aanvul en komplementeer (Schramm, 1961:22). Tot die vroeë 1970's is daar van eenrigting-kommunikasie in kommunikasieveldtogte gebruik gemaak en is geglo dat ontwikkelingskwessies aangespreek en verander sal word sodra die ontvangers die boodskappe ontvang. In hierdie tyd is opinieleiers, veranderingsagente en die massamedia soos radio gebruik om oorredende boodskappe oor te dra (Melkote, 2003:135).

Hoewel massamedia bygedra het tot die verhoging van kognitiewe vlakke van die gehoor, is daar met verloop van tyd bevind dat massamedia nie tot gedragsverandering gelei het nie, al het die mense oor meer kennis beskik (Mody, 2003:130). Gevolglik is die ontwikkelingsdoelwitte wat gestel is, nie op hierdie wyse bereik nie.

#### 2.2.1.4 Kritiek teen die moderniseringsparadigma

Die belangrikste punt van kritiek teen die moderniseringsparadigma is dan ook dat die voorgestelde ontwikkelingsdoelwitte nie daardeur bereik is nie, maar dat ontwikkelingskwessies en behoeftes selfs toegeneem het (Treurnicht, 1997:20). Verskeie redes is vir hierdie mislukking aangevoer.

Dié dominante paradigma is eerstens gekritiseer omdat dit hoofsaaklik gefokus het op die belange van die Weste en nie ontwikkelende lande en die kompleksiteit van ontwikkeling in

ag geneem het nie (Nyamnjoh, 2005:35; Bah, 2008:193; Servaes & Malikkao, 2008:160).

Die oortuiging dat geld en opvoeding alleenlik die antwoord tot ontwikkeling is, het 'n tekort aan kulturele ingesteldheid en historiese en plaaslik gegronde benaderings tot ontwikkeling meegebring (Bah, 2008:193). Soos daar in paragraaf 2.2.1.2 beskryf is, is arm boere en gemeenskappe beskryf as hulpelose slagoffers en plaaslike kennis is van die hand gewys en gesien as die opinie van die magteloses in ontwikkelende lande. Die universele manier van ontwikkeling wat toegepas is, was nie ten alle tye gepas vir ontwikkelende lande, soos Afrikalande, nie omdat tradisies en die gevolge van makro-prosesse op plaaslike vlak in terme van ekonomie, politiek en kultuur nie in ag geneem is binne die moderniserings-paradigma nie (Servaes & Malikhao, 2008:160). Dit het meegebring dat plaaslike ontwikkeling in terme van ekonomie, politiek en kultuur nie kon plaasvind nie.

Baie kritiek het ook ontstaan rondom die feit dat die moderniseringsparadigma nie die groeiende wêreldsisteem van sosiale verhoudings in ag geneem het nie en dus die verhouding tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande geïgnoreer het (Kambhampati, 2004:71). Daar is ook kritiek uitgespreek omdat modernisme geen alternatiewe pad, naas verwestering, na ontwikkeling erken het nie (Mefalopulos, 2008:6). Die aard van die kommunikasie in die moderniseringsparadigma is ook gekritiseer omdat dit so liniêr was en nie die bevoordeeldes van die ontwikkelingspogings betrek het nie (Treurnicht, 1997:20).

Daar het nie volhoubare ontwikkeling plaasgevind tydens hierdie benadering nie; dit het inteendeel juis bygedra tot ontwikkelende lande se afhanklikheid van ontwikkelde lande. Die afhanklikheidsparadigma, of die onderontwikkelingsdenkwyse, soos dit ook bekend staan, het in die laat sestigs ontstaan uit kritiek teen die moderniseringsparadigma asook debatte oor die probleme van onderontwikkeling na afloop van modernisering (Hettne, 1990:82; Treurnicht, 1997:22). Die afhanklikheidsteoretici het klem gelê op magsverhoudinge tussen die ontwikkelde en ontwikkelende lande (Kambhampati, 2004:71).

### 2.2.2 Die Afhanklikheidsparadigma

#### 2.2.2.1 Sosiale konteks

Die afhanklikheidbenadering is gesien as die dominante paradigma van die 1970's (Vorster, 1985:53; Servaes, 2008:32; Sillitoe, 2002:3). Die kritiek wat grootliks aanleiding gegee het tot die ontstaan van hierdie paradigma, is dat die blaam vir onderontwikkeling binne die moderniseringsparadigma alleenlik op ontwikkelende lande geplaas is, terwyl eksterne

sosiale, ekonomiese en historiese faktore geïgnoreer is (Mefalopulos, 2008:6). Die gevoel het ontstaan dat die Latyns-Amerikaanse state ekonomies onafhanklik kan funksioneer (Treurnicht, 1997:23). Volgens Servaes en Malikhao (2008:161) het Baran (1957) geredeneer dat ontwikkeling wat deur ontwikkelde lande in ontwikkelende lande geïmplementeer is daartoe gelei het dat ontwikkelende lande afhanklik van die ontwikkelde lande gebly het. Die paradigma het dus oorspronklik in Latyns-Amerika begin. Paul Baran (1957), segspersoon vir die *North American Monthly Review,* word gesien as die vader van dié benadering. Hy is een van die eerste persone wat die idee dat ontwikkeling en onderontwikkeling 'n interverwante proses is, uitgespreek het (Servaes & Malikhao, 2008:161). In hierdie tyd is *ontwikkeling* en *onderontwikkeling* as twee kante van dieselfde muntstuk gesien, aangesien ontwikkeling in die ontwikkelde lande beskou is as die oorsaak van onderontwikkeling in ontwikkelende lande (Servaes, 2008:32; Graaf & Venter, 2001:81). Onderontwikkeling is gesien as die gevolg van ekonomiese en politiese blootstelling aan gevorderde lande; met ander woorde onderontwikkeling het voorgekom omdat die arm lande deel gemaak is van die kapitalistiese uitbreiding van die Weste (Kambhampati, 2004:73)..

Sommige lande kon dus uitbrei en vooruitgaan op hul eie terwyl die afhanklike lande slegs vooruit kon beweeg as 'n weerspieëling van die vooruitgang van die dominante lande (Servaes & Malikhao, 2008:162).

#### 2.2.2.2 Algemene uitgangspunte met betrekking tot ontwikkeling

Die afhanklikheidsparadigma het gefokus op die argument dat die onderontwikkeling van lande hoofsaaklik deur die ekonomiese afhanklikheid van internasionale invoere en uitvoere veroorsaak is (Treurnicht, 1997:22; Vorster, 1985:53). Ontwikkelende lande het daarom besluit dat hulle onafhanklik van ontwikkelde lande wil funksioneer. Latyns-Amerika, Afrika, die Karibiese eilande en Asië is gekoloniseer, maar die uiteinde daarvan was stagnering van die kolonies.

Die afhanklikheidparadigma het teoreties uit twee tradisies ontstaan; die eerste tradisie het op grond van die Marxistiese perspektiewe ontstaan en die ander op grond van strukturele perspektiewe (Hettne, 1990:82; Servaes, 2008:8). Die Marxistiese benadering se hoofbydrae was die gevolgtrekking dat onderontwikkeling die gevolg van kapitalisme in ontwikkelende state was (Vorster, 1989:62; Hettne, 1990:82). Die situasie waarin ontwikkelende lande hulleself bevind het, is gesien as 'n direkte gevolg van die manier waarop ontwikkelde lande betrek is in die kapitalistiese wêreldsisteem, wat gedomineer is deur die Weste en Noord-

Amerika (Randall & Theobald 1985:120). Hierdie kapitalistiese sisteem het die uitvoer van rou materiaal vanaf ontwikkelende lande na ontwikkelde lande, en die vervaardiging van dié rou materiaal tot produkte en die verkope daarvan, ingesluit. Hierdie sisteem kan as die basis van afhanklikheid en onderontwikkeling gesien word.

Latyns-Amerikaanse akademici het ondersoek ingestel na die verhouding tussen die ontwikkelde en ontwikkelende lande en die *Economic Comission of Latin America* (ECLA) het in die 1960's die argument gemaak dat daar in die wêreldekonomie twee sektore is, naamlik kernstate en randstate (Kampbhampati, 2004:72). Die randstate het stadige produktiwiteit en verouderde produksietegnieke gehad, en die kernstate vinnige en moderne tegnieke en hoë produktiwiteitsvlakke.

Die strukturele perspektief van die afhanklikheidsbenadering het gefokus op probleme met betrekking tot kapitalistiese ontwikkeling, spesifiek in die randstate. Die randstate en die kernstate was albei deel van dieselfde ekonomiese stelsel en sodoende het ’n verhouding tussen die twee sektore bestaan. Dit het duidelik geword dat die verspreiding van internasionale arbeid meer lonend is vir die kernstate as vir die randstate (Vorster, 1985:61). ’n Afhanklikheid het tussen die twee state bestaan; die aanhoudende en vermeerderde ongelykhede tussen die kern- en randstate is vererger deur die internasionale verdeling van arbeid en produksie. Hier het die gevoel ontstaan dat ontwikkelende lande armer raak en ontwikkelde lande ryker word omdat die welvaart vanaf die ontwikkelende staat na die ontwikkelde staat gevloei het. Dit het voorgekom of ryk lande (kernstate) die wêreldekonomie monopoliseer (Vorster, 1985:62-63).

Die afhanklikheidsbenadering het gepoog om die historiese ongelykhede wat modernisering gekenmerk het uit die weg te ruim deur gelyke kommunikasieteorieë en prosesse in ontwikkeling, wat ontbreek het by die dominante paradigma, daar te stel (Huesca, 2008:182).

#### 2.2.2.3 Kommunikasie binne die afhanklikheidsparadigma

Ontwikkelende lande het die ongebalanseerde vloei van mediaprogramme en inligting wat van die ryker lande af gekom het, gesien as 'n vorm van kulturele imperialisme (Servaes, 2008:50). Die afhanklikheidsparadigma het 'n belangrike rol gespeel in die daarstelling van die *New World Information and Communication Order* (NWICO) (Mefalopulos, 2008:6; Servaes & Malikhao 2008:161). NWICO het in die 1970's en 1980's veral klem gelê op die behoefte aan gebalanseerde en gelyke kommunikasietegnologieë, en inligting en kulturele

programme tussen ryk en arm lande wat gebruik kan word vir die regverdige en gebalanseerde vloei van inligting (Servaes, 2008:49; Mefalopulos, 2008:6).

Die kommunikasie in hierdie paradigma was steeds gewortel in die liniêre eenrigtingmodel, maar kundiges het gefokus op die belangrike verband tussen kommunikasie en kultuur (Mefalopulos, 2008:6). In teenstelling met die moderniseringsparadigma het die afhanklikheidsparadigma dus erken dat verskillende kulture en bevolkingsgroepe in verskillende lande verskillende behoeftes het en verskillend benader behoort te word. Hoewel die kommunikasiemodel basies ooreengestem het met dié van modernisering, lê die verskil in wie die boodskap beheer en gestuur het en vir watter doel dit gestuur is (Servaes, 2008:50).

#### 2.2.2.4 Kritiek teen die afhanklikheidsparadigma

Die afhanklikheidsparadigma kan ook gekritiseer word op grond van die hoofsaaklike eenrigtingkommunikasie wat gebruik is en dat plaaslike kennis en hulpbronne steeds oor die hoof gesien is. Hoewel daar 'n sterk fokus was op verskillende kulture en bevolkingsgroepe en die feit dat hulle verskillend benader behoort te word, is daar steeds van massamedia gebruik gemaak om ontwikkeling te inisieer, wat 'n eenrigtingproses is (Mefalopulos, 2008:6).

In die afhanklikheidparadigma is daar van ontwikkelende lande verwag om ekonomies en kultureel selfonderhoudend te word. Die ontwikkelende lande moes hulself distansieer van die eksterne faktore deur hulself te onttrek van die wêreldekonomie. Die meeste onderontwikkelde lande was egter ekonomies te swak en in die skuld om onafhanklik te funksioneer (Servaes & Malikhao, 2008:162).

Afhanklikheidsteoretici het al die blaam op die kern-internasionale kapitalisme geplaas, en nie die interne oorsake in ag geneem wat bygedra het tot ontwikkelingsprobleme nie (Mefalopulos, 2008:48). Dit het die idee geskep dat ontwikkelende lande nie beheer oor hul eie ontwikkeling of toekoms kon neem nie, wat tot verdere kritiek teen die benadering gelei het. Die afhanklikheidsbenadering het tot 'n groot mate op die plaaslike industrie gefokus. Die beskerming en ondersteuning van plaaslike industrieë het egter nie die verwagte resultate en doelwitte van die afhanklikheidsbenadering bereik nie. Dit het dikwels gelei tot swak kwaliteit produkte asook die mislukking van alternatiewe pogings tot onafhanklikheid (Mefalopulos, 2008:49).

Die paradigma was steeds ekonomies georiënteerd in die sin dat sosiale klasse, die staat, politiek, ideologie en kulturele probleme baie min aandag geniet het (Goonatilake, 1990:9 Somjee, 1991:55; 93; Servaes & Malikhao, 2008:163). Daar is ook nie baie aandag geskenk aan die verskille in polities-ekonomiese statusse tussen ontwikkelende lande nie, wat tot gevolg gehad het dat groot en potensiële ryk lande (byvoorbeeld Brasilië en Indië) in dieselfde kategorie geplaas is as kleiner en armer lande (Mefalopulos, 2008:48).

Die afhanklikheidsbenadering is ook gekritiseer oor die vaagheid daarvan aangesien dit nie 'n duidelike plan voorgestel het nie. Afhanklikheidsteoretici het baie gefokus op die kritisering van modernisering en om probleme uit te wys, maar hulle het nie genoegsame antwoorde gegee oor hoe die probleme opgelos behoort te word nie (Mefalopulos, 2008:6). Die vaagheid sluit ook onder meer in dat dit soms moeilik is om ’n land as onderontwikkeld of selfs ontwikkelend te bestempel. Dit was onduidelik wanneer lande ontwikkelend is, en of die feit dat 'n land afhanklik is van 'n ander, die land ontwikkelend maak al dan nie. State soos Suid-Afrika het ontwikkelde en onderontwikkelde gebiede en dit maak dit moeilik om die land te klassifiseer.

Afhanklikheidsteoretici het die selfgesentreerde aard van kapitalistiese ontwikkeling beklemtoon en die argument dat geïndustrialiseerde lande tot 'n mate afhanklik bly van die kernstate het later geloofwaardigheid verloor (Goonatilake, 1990:9).

### 2.2.3 'n Nuwe era van ontwikkeling

Sedert die 1990’s het die diskoers en praktyk van ontwikkeling baie verander, van 'n vertikale, rigiede model na meer buigbare alternatiewe wat in ag neem wat mense werklik nodig het (Gumucio-Dagron, 2008:88).

Die gebrek aan deelname in die moderniserings- en afhanklikheidsparadigma is as een van die redes waarom dit nie tot ontwikkeling bygedra het nie, geïdentifiseer. Op grond hiervan het die behoefte aan 'n meer deelnemende benadering ontstaan. Deelname het oor die jare die ontwikkelingsveld geherstruktureer in ontwikkelde en ontwikkelende lande (Jacobson & Kolluri, 1999:276; Melkote, 2006:153). Die deelnemende benadering word vandag algemeen as normatiewe benadering tot ontwikkelingskommunikasie aanvaar (Huesca, 2002:500).

### 2.2.4 Die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie

#### 2.2.4.1 Sosiale konteks

Die fokus van ontwikkeling het met die tyd verskuif vanaf die afwaartse model na 'n model wat van wedersydse kommunikasie getuig en met deelname gepaardgaan. Ontwikkelingsagente wat modernistiese ontwikkelingsprogramme in ontwikkelende lande moes implementeer, het op grond van hul ervaring aangedui dat die eenrigting-, afwaartse wyse van kommunikasie wat deur modernisering geïmpliseer was, nie geskik was om ontwikkeling in ontwikkelende lande mee te bring nie (Agunga, 1998:36). ’n Soeke na idees en planne wat vanaf die voetsoolvlak geïnisieer word, het ontwikkel. Die gedagte het ontstaan dat al die idees en die implementering van ontwikkeling in die gemeenskappe 'n gesamentlike proses behoort te wees waarin die ontwikkelaar en bevoordeeldes ewe betrokke is (Bessette, 2004:9; Swanepoel & De Beer, 2006:29).

In hierdie studie word aanvaar dat wanneer daar in spesifieke, konteksgebonde behoeftes voorsien word, soos dit deur die gemeenskappe geïdentifiseer is, werklike ontwikkeling behoort plaas te vind wat oor die lang termyn ’n positiewe bydrae tot ontwikkeling kan maak en wat volhoubaar kan wees. Die term *volhoubare ontwikkeling* is ’n prominente term binne die deelnemende benadering. Die *World Commission of Environment and Development* het ’n fundamentele definisie daarvoor in 1987 daargestel: “Om in die huidige behoeftes te voorsien, sonder om toekomstige generasies die geleentheid te ontneem om in hulle eie behoeftes te voorsien” (Sustainability, 2010). Hierdie betekenis is vandag steeds relevant vir dié studie.

#### 2.2.4.2 Algemene uitgangspunte met betrekking tot ontwikkeling

In die deelnemende benadering is ontwikkeling en deelname onlosmaaklik verbind, in albei die besigheids- en die sosiale veld. Deelname is 'n sleutelbeginsel van ontwikkeling en daar word in dié benadering aanvaar dat deelname nodig is om volhoubare ontwikkeling mee te bring (Servaes & Arnst, 1999:116; Thurston *et al.*, 2004:481; Kenny, 2005:1).

Die begrip deelname is ’n komplekse begrip wat nie uit een spesifieke definisie bestaan nie (Gumucio-Dagron, 2008:70; Huesca, 2008:188). Gemeenskapsdeelname beteken nie slegs dat die gemeenskap beperkte betrokkenheid tot die program sal geniet nie, maar dat hulle by al verskillende fases in die ontwikkelingsproses betrokke sal wees; die gemeenskap

behoort eerstens deel te wees van die *beplanning-* en *besluitnemingsproses*, waar hulle natuurlike hulpbronne en probleme bespreek; probleme en behoeftes identifiseer, probleme analiseer en prioritiseer en konkrete oplossings vir die probleme te inisieer. Hulle behoort tweedens ook deel van die *implementering te wees,* waar hulle oplossings self implementeer in die ontwikkelingsprogram. Laastens behoort hulle ook deel van die *evaluasie* van die program te wees, waar hulle betrokke is by die proses om pogings te monitor en te evalueer en vir toekomstige aksie te beplan (Jacobson & Kolluri, 1999:267; Bessette, 2004:7-14; Swanepoel & De Beer, 2006:28).

Deelname in ontwikkelingskontekste beskryf die betrokkenheid van diegene wat deur die ontwikkelingsprogram bevoordeel word met die doel om hul eie lewens te beïnvloed of 'n sê te hê in die besluite wat hul lewens raak en beïnvloed (Coetzee, 2001:126; Roodt, 2001:470). Hulle moet deelneem aan die sosiale veranderinge, wat poog om beide sosiale en materiële voordeel te bring wat die volgende insluit: groter gelykheid, vryheid en ander waardegedrewe kwaliteite (Melkote, 2006:155).

In die deelnemende benadering kan deelname in ontwikkelingskommunikasie omskryf word as wedersydse kommunikasie tussen partye, met die oog op voorgestelde positiewe verandering van omstandighede asook die strategiese gebruik en beplanning van kommunikasie om 'n beleid saam te stel om dialoog tussen mense aan te wakker (Nair & White, 1993:54). Jacobson en Kolluri (1999:268) is van mening dat deelname in ontwikkelingkommunikasie meebring dat mense in staat is om wedersydse begrip vir die stand van sake te hê. Die enigste manier waarop 'n persoon of instelling werklik kan bepaal en verstaan wat die probleme in 'n gemeenskap is, is as daar deelname vanaf die gemeenskap is. Wanneer die navorser/ontwikkelingsagent luister na die gemeenskap en die gemeenskap deelneem aan al die vlakke van ontwikkeling, kan die regte behoeftes aangespreek word. Wanneer die gemeenskap nie self betrokke is by die beplanning en uitvoering van die ontwikkelingsprosesse nie, is effektiewe, volhoubare ontwikkeling onwaarskynlik (Servaes & Arnst, 1999:124; Bessette, 2004; Swanepoel & De Beer, 2006:20). Deur die monopolie van kennis vanaf die navorser/ontwikkelingsagent af te breek en kennis van die gemeenskap af in ag te neem, kan die regte behoeftes op die regte wyses aangespreek word (Coetzee, 2001:126). Kommunikasie is die kernaspek om hierdie verandering te fasiliteer. Aangesien daar in hierdie benadering aangeneem word dat ontwikkeling nie sonder deelname kan geskied nie, word veronderstel dat die aard van kommunikasieproses ook deelnemend behoort te wees.

Vervolgens sal die beginsels van die deelnemende benadering waarop deelnemende

ontwikkelingskommunikasie gegrond is, bespreek word.

## 2.3 BEGINSELS VAN DIE DEELNEMENDE BENADERING

Ontwikkelingskommunikasie in die deelnemende benadering behoort ŉ klimaat te skep waarin ontwikkelingsprogramme effektief geïmplementeer kan word (Rahim, 1994:6). Soos daar reeds vroeër in die hoofstuk bespreek is, is daar verskillende fases van ontwikkeling waaraan die gemeenskap behoort deel te neem vir volhoubare ontwikkeling. Een van hierdie fases is die *evaluasieproses.* Dit veronderstel dat die evaluasie deur deelnemende kommunikasie gefasiliteer behoort te word. In hierdie studie word spesifiek gefokus op die evaluasie van ontwikkelingsprogramme, en daarom sal daar gefokus word op beginsels van die deelnemende benadering wat relevant vir die evaluasieproses is, naamlik *dialoog, bemagtiging-tot-selfonderhoud*, *betrokkenheid* en *inagneming van diversiteit.*

### 2.3.1 Dialoog

In die deelnemende benadering word die dialogiese aard van kommunikasie beklemtoon. Dialoog veronderstel dat die betrokkenes by ontwikkeling nie net luister nie, maar ook praat oor hulle behoeftes en deelneem aan die besluitneming oor oplossings van die probleme. Dit is nodig om in dialoog te staan met die gemeenskap sodat ŉ indiepte-insig in mense se omstandighede en verskillende sosiale groepe gekry kan word (Rahim, 1994:119). Hierdie indiepte-kennis van 'n gemeenskap kan gebruik word om by te dra tot ontwikkeling en tot verandering in hierdie omstandighede. Kommunikasie word in hierdie benadering onder meer gebruik om die verskeidenheid van probleme en behoeftes in die gemeenskap te identifiseer (Rahim, 1994:119). Dialoog beteken dat die fokus van kommunikasie sal wegskuif van oorreding en die verspreiding van inligting, na die fasilitering van die uitruil van inligting tussen die ontwikkelaar en bevoordeeldes in die gemeenskappe wat betrokke is by die ontwikkelingsinisiatiewe (Bessette, 2006:79). Sodoende word 'n gemeenskaplike probleem aangespreek en moontlike oplossings bespreek, en die vennootskap, kennis en hulpbronne wat nodig gaan wees om hierdie oplossings te ondersteun, word gesamentlik geïdentifiseer (Bessette, 2006: 80). Die kommunikasie behoort dus tweerigting-, interaktiewe kommunikasie te wees.

Dialoog speel ŉ onontbeerlike rol in die ontwikkeling van ŉ gemeenskap, en dit stel mense in staat om die subjekte te word van hulle eie ontwikkeling eerder as die objekte van tegnologie of prosesse (Thomas, 1994:49). Drie belangrike teoretici wat ŉ invloed gehad het op die konseptualisering van dialoog in die konteks van deelnemende ontwikkelingskommunikasie

is Martin Buber (1958), Paulo Freire (1967), en Syed A. Rahim (1999).

**Buber** verwys na die bestaan van twee tipes verhoudings, naamlik: Die "ek-jy" en die "ek-dit" verhouding. Die "ek-jy" verhouding is hoe hy die ideaal gesien het – dit is ʼn verhouding wat uit dialoog en wedersydse respek bestaan. In dié verhouding versterk en aanvaar die "ek" en "jy" mekaar, en daarmee gaan gepaard die voorsiening in albei partye se behoeftes. In teenstelling met hierdie verhouding, bestaan die "ek-dit" verhouding uit monoloog, ongelykheid, objektiwiteit en geen verbintenis nie. Dialoog is nodig om werklike deelname te bewerkstellig (Buber, 1937:3-8). Die "ek-jy" verhouding vorm die basis van dialogiese kommunikasie, wat die sleutel tot kennis van die gemeenskap is.

**Freire** het voortgebou op Buber se werk en dialoog het ook 'n sentrale fokus van sy werke geword. Hy was oortuig dat die deelname wat deur dialoog meegebring word, tot bevryding kan lei (Freire, 1993:31; Thomas, 1994:50). Freire het onder meer gefokus op die selfbewussyn van die mens. Sy filosofie en oriëntasie teenoor deelname wys daarop dat die mens se bestaan gaan oor vry wees, vry van materiële en psigologiese agterstand, en ook vry van die lewenspatroon wat van bo af afgedwing word en wat nie voorsiening maak vir deelname in die prosesse van mense se verandering nie. Hy is van mening dat as mense as passiewe ontvangers optree, hulle kennis “indrink” en nie die egtheid daarvan bevraagteken nie. Die kennis wat hulle ontvang is gevolglik nie húlle kennis nie, maar kennis wat slegs vaagweg of geen verband hou met hulle realiteit nie (Freire, 1993:29-30).

Indien mense slegs passiewe ontvangers van inligting is, is hulle nie vry nie, en kan hulle nie self die realiteit ontdek nie. Volgens Freire het alle mense die kapasiteit om te reflekteer, om abstrakte denke te genereer, om te konseptualiseer, om besluite te neem, om alternatiewe metodes te kies en sosiale veranderinge te beplan en deur dialoog in hierdie prosesse word mense in staat gestel om realiteit vir hulleself te ontdek. Hy het verder geredeneer dat mense deur dialoog deel word van die prosesse en sodoende bevry kan word van onderdrukking. Volgens Freire moet effektiewe kommunikasie deelnemend, dialogies en gelyk wees (Freire, 1993:26). Deelname is die sleutelkonsep van Freire se filosofie; die deelname wat hy voorstel is gebaseer op 'n verwagting van gelykheid en wedersydse respek (Thomas, 1994:50). Freire word beskou as die “vader van deelname” en sy denke het talle teoretici en aktiviste, wat betrokke was by deelnemende ontwikkelingsprogramme, regoor die wêreld beïnvloed.

**Rahim** argumenteer dat kommunikasie-aktiwiteite nie uit die konteks waarin dit plaasvind, geneem kan word nie omdat die elemente van die konteks betekenis in die ontwikkelingsisteem meebring (Rahim, 1994:135). Dialoog is dus konteksgebonde en word

deur tyd en plek beïnvloed. Elke gemeenskap se kommunikasie verskil en is uniek van aard; daarom vereis die dialogiese proses indiepte-kennis van die ontwikkelingssisteem. Rahim glo dat dialoog ŉ komplekse proses is, aangesien dit uit interne en eksterne dialoë bestaan. Interne dialoog is ŉ belangrike aspek van dialoog wat mens moet erken en dit kan gesien word as ŉ soort meditasie. Die mediterende subjek is bewus van sy omgewing en van ander subjekte wat deel uitmaak van die omgewing. Hy/sy argumenteer stil met hulle, probeer hulle verstaan en hulle posisies insien, en ondersoek dan ook sy/haar eie ideologie. Dit is egter nie alle mense wat die tipe dialoog beoefen nie, maar dit kan aangeleer word deur ŉ stimulerende kommunikasieproses (Rahim, 1994:130). Eksterne dialoog vind plaas in verskeie kommunikasiemedia en ontwikkelingsdiskoerse. In die uitgebreide sin is dialoog 'n deurdringende en inherente sosiale fenomeen. Deelnemende dialoog wat in hierdie konteks die ideaal is, veronderstel egter dat almal wat betrokke is 'n gelyke reg het om te praat en om gehoor te word. Die verwagting bestaan hier dat niemand se stem deur ander onderdruk sal word of saam sal smelt nie (Rahim, 1994:131). Hierdeur beweeg mense weg daarvan om subjekte in hulle eie ontwikkeling te wees, maar word hulle deel van die proses en bepaal húlle die ontwikkeling wat sal plaasvind; sodoende word die relevante behoeftes in die konteks aangespreek. Dialoog in 'n verhouding bring mee dat daar geluister word na mekaar, dat daar wedersydse respek vir mekaar is en dat selfvertroue op die manier gebou word.

Ware deelname ontstaan uit dialoog (Thomas, 1994:52). Konsensus, individuele verandering of ontwikkeling kan waarskynlik nie sonder dialoog geskied nie (Mody, 1991:28). Na aanleiding van die bogenoemde blyk dit dat dialoog geleentheid aan alle betrokkenes gee om hul behoeftes en verwagtinge uit te lig en te bespreek; dit kan lei tot nuwe, vars begrip, nuwe kennis en selfvertroue en uiteindelik bevryding (Servaes & Arnst, 1999:124).

Aangesien dialoog gelyke deelname en toegang vir al die vennote in die ontwikkelingsproses veronderstel, moet daar 'n magsbalans wees tussen die vennote. Dié magsbalans sal vervolgens bespreek word as die tweede beginsel wat relevant is by deelnemende evaluasie.

### 2.3.2 Bemagtiging tot selfonderhoud

Dit is belangrik om te beklemtoon dat bemagtiging verskillende betekenisse het wanneer daar met groepe van diverse kulture, agtergronde en sosiale identiteite gewerk word (Raheim, 2002:96). Eksterne omstandighede, soos persoonlike agtergrond, demografiese

eienskappe en sosiale geleenthede, speel ook 'n rol in die bemagtigingsproses (Rahim, 1994:135). Daarom kan daar verwag word dat individue van verskillende rasse, geslagte, klasse en sosiale agtergronde verskillende betekenisse aan bemagtiging sal kan heg (Raheim, 2002: 96; Kemp *et al.,* 2002:17).

Breedweg handel bemagtiging oor die verspreiding van mag in die gemeenskap waardeur die gemeenskapslede beheer neem van hul eie situasie en in staat gestel word om hulself te kan help (Servaes & Arnst, 1999:116; Fourie & Kloppers, 2009:93).

Wanneer die gemeenskap deel word van die navorsing, ontwerp, besluitneming, implementering en evaluasie van die ontwikkelingsproses, behoort dit by te dra tot 'n situasie van eienaarskap wat situasie van mag kan bewerkstelling by die mense uit die gemeenskap (Anyaegbunam *et al.,* 2004:8). Die gemeenskap se situasie van magteloosheid en beperkte situasie van eienaarskap kan dus aangespreek word deur deelname.

Bemagtiging het nie net emosionele en motiverende dimensies nie, maar ook kognitiewe of intellektuele dimensies. Deur middel van deelnemende aktiwiteite word mense bemagtig om hul eie opinies, behoeftes, probleme en vaardighede te deel met die ontwikkelingsagente en ook onder mekaar. Freire (1993:29) het ook veronderstel dat deelname deur die dialogiese proses mense in staat stel om self te redeneer oor kennis wat hulle ontvang en sodoende kan hulle vir hulleself ontdek wat die wêreld bied, wát hulle wíl ontwikkel en hoé hulle dit wil ontwikkel. Tydens bemagtiging word kommunikasie 'oorhandig', sodat mense vir hulself kan praat en hulle stemme gehoor kan word; hierdie bemagtiging dra by tot die mobilisering van mense om self kollektiewe aksie te neem om die doelwitte van die ontwikkeling te behaal (Thomas, 1994:54; Anyaegbunam *et al.,* 2004:10).

Die konsep selfonderhoud bring mee dat elke gemeenskap hoofsaaklik op hul eie vaardighede en hulpbronne in terme van die lede van die gemeenskap se energie en hulle natuurlike en kulturele omgewing staatmaak in die ontwikkelingsproses (Servaes, 1995:43). Selfonderhoud is een van die belangrikste uitgangspunte van bemagtiging omdat mense deur ontwikkelingsinisiatiewe bemagtig behoort te word om selfonderhoudend te funksioneer, in plaas daarvan om afhanklik te raak van die ontwikkelingsinisiatiewe. Mense kan slegs bemagtig word wanneer hulle betrokke is by die ontwikkelingsprosesse.

### 2.3.3 Betrokkenheid

Die Wêreldbank (1994:3) wys daarop dat mense se betrokkenheid in

ontwikkelingsinisiatiewe wat op hulle gemik is, een van die sleutelelemente van die deelnemende benadering is. Betrokkenheid kan as ŉ komplekse, dinamiese en voortdurend veranderende konsep beskryf word en is dus 'n konteksgebonde konsep (Jennings, 2000:1; Otto, 2004:58).

Die beginsel van betrokkenheid fokus daarop dat mense in verskillende prosesse van ontwikkeling betrokke behoort te wees; hulle moet in alle besluitnemingsprosesse en ook in die implementering van die besluite betrokke wees (Jacobson & Kolluri, 1999:267; Esau, 2007:192). Die lede van die gemeenskap behoort reeds by die navorsing betrokke te raak en nie eers by die implementering van die programme nie. Inligting behoort nie "weggesteek" te word vir die gemeenskap tot die ontwikkeling begin nie; die gemeenskap behoort betrokke te wees by die beplanning en besluitnemingsprosesse van die ontwikkelingsproses (Servaes & Arnst, 1999:109). Wanneer kommunikasie deelnemend geskied en die gemeenskap geleentheid kry om hulle stemme te laat hoor, deel te neem aan die identifisering van probleme en oplossing en ook aan die besluitneming oor hoe die oplossings toegepas gaan word, bring dié kommunikasie mee dat plaaslike gemeenskappe bemagtig word om sodoende selfonderhoudend te word (Pēterson, 2007:8).

Dit is belangrik om tot die besef te kom dat wanneer onderdruktes of gemarginaliseerdes van gemeenskappe betrokke raak by ontwikkelingsaktiwiteite, hulle ook met 'n proses van bewuswording en herstel begin. Hulle word bemagtig (sien afdeling 3.5.2) om vir hulleself te bepaal waar ontwikkeling moet geskied. Hierdeur word bedoel dat daar deur middel van dié betrokkenheid 'n verantwoordelikheid ontstaan dat die kwaliteit van lewensverbeteringe nou afhang van plaaslike inisiatiewe en insette (Jennings, 2000:2). Daarom is dit belangrik dat alle partye eers lojaal teenoor die ontwikkeling en hulle betrokkenheid in die ontwikkelingsproses is. Wanneer albei partye 'n deeglike verstaan van die ontwikkelingsproses het, kan die prosesse deurgevoer word en selfonderhoud kan daarna geskied.

Betrokkenheid in alle fases en fasette van ontwikkeling is belangrik ten einde tot bemagtiging te kan lei. Hierdie betrokkenheid by die verskillende fases, soos die navorsing, behoeftebepaling, implementering en evaluasie, beteken nie net om die gemeenskap in te lig of te betrek by die fases nie, maar hulle behoort ook deel te neem aan die *besluitneming*sprosesse in al die fases wat relevant is vir die ontwikkelingsproses (Jacobson & Kolluri, 1999:267; Esau, 2007:192).

Die belangrikheid van betrokkenheid in die ontwikkelingsproses beklemtoon die feit dat alle mense en gemeenskappe nie dieselfde behoeftes of situasies het nie; dit erken ook dat mense verskillende redeneer en reageer. Die diversiteit van 'n gemeenskap word dus

beklemtoon wanneer mense deelneem aan die ontwikkelingsprosesse.

### 2.3.4 Inagneming van diversiteit in gemeenskappe

Dit is belangrik om die gemeenskap se behoeftes te ken en verstaan, want elke gemeenskap is divers en uniek, en daarom gaan 'n generiese oplossing nie in die ontwikkeling van verskeie gemeenskappe effektief wees nie. Deelnemende kommunikasie kan van groot hulp wees om tradisies en gewoontes te begryp, te respekteer en te gebruik in die ontwikkelingsprogramme (Gumucio-Dagron, 2008:90). Hierdeur kan daar beter begrip vir die gemeenskap ontstaan en hulle behoeftes en probleme kan ook beter begryp word.

Mense is dikwels geneig om hulself met 'n spesifieke kultuur te assosieer of identifiseer en aan die ander kant is mense ook geneig om na ander kulture te kyk en 'n assosiasie met hulle te maak (Servaes & Vershooten, 2008:48). Mense voel dikwels gebonde aan hulle moedertaal, aan hul kleredrag, aan hul musiek en aan hul geloofsoortuigings. Kinders ontvang 'n verskeidenheid volgehoue boodskappe oor hulself, oor ander, oor sosialisering en oor die wêreld om hul in hul primêre omgewing – hulle huise, skole en buurte waarin hul grootword. Hierdie boodskappe het 'n direkte effek op die individu en sy selfbewussyn in die wêreld (Kemp *et al.,* 2002:15). Die omgewing waarin 'n individu dus grootword of woonagtig is, het ook 'n invloed op die diversiteit van 'n gemeenskap. Daar is ook verskeie ander faktore wat bydra tot 'n diverse gemeenskap, waaronder kulture, rasse-etnisiteit, geslag; seksuele oriëntasie en sosio-ekonomiese status (Raheim, 2002:96).

In die deelnemende benadering word kulturele identiteit en meerdimensionaliteit beklemtoon en daarom is deelname in alle besluitnemingsprosesse nodig (Servaes & Malikhao, 2005:93).

Servaes (2008:13) het die belangrikheid van diversiteit beklemtoon in sy werk. Hy is van mening dat die inagneming van diversiteit van gemeenskappe stereotipiese denkwyses uit die weg kan ruim. Deur stereotipering uit die weg te ruim, kan daar 'n beter bewussyn ontstaan van diversiteit en pluraliteit, wat meebring dat daar respek vir die waardigheid en gelykheid van mense wat in verskillende omstandighede lewe en verskillend optree, ontstaan (Servaes, 2008:13).

Wanneer daar met horisontale kulture, soos Gumucio-Dagron (2008:89) daarna verwys, gewerk word, is daar geen plek vir vertikale denke nie. Horisontale kulture verwys na diverse en unieke kulture wat dikwels uit meer as een bevolkingsgroep bestaan en verskillende

vlakke van geletterdheid, vaardighede en hulpbronne insluit. Vertikale denke sluit die universele "klaar-opgemaakte" pakkette in, wat eens vir ontwikkeling daargestel was deur ander internasionale entiteite of selfs nasionale regerings tydens modernisering. Hierdie pakkette werk nie noodwendig in ontwikkelende lande, soos Afrika, nie, omdat die land uit talle horisontale kulture bestaan.

Kultuur is eens gesien as 'n struikelblok, maar vandag kan dit as 'n konstruktiewe en kreatiewe hulpbron vir die ontwikkelingsproses beskou word. Om kultuurverskille en tradisies optimaal te gebruik in die ontwikkelingsproses, is interkulturele kontak van groot belang (Servaes & Verschooten, 2008:48). Wanneer die ontwikkelingsagente begrip het vir die gemeenskap en al sy fasette, kan die relevante behoeftes op die regte tyd aangespreek word.

Na aanleiding van die voorafgaande argumente kan die gevolgtrekking gemaak word dat die vier bogenoemde beginsels, naamlik: dialoog, betrokkenheid, bemagtiging tot selfonderhoud en inagneming van diversiteit, van die deelnemende benadering interafhanklik van mekaar is en as 'n onlosmaaklike deel van die benadering gesien word. Die beginsels is nie die enigste beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie nie, maar is uitgesonder op grond van hul relevansie tot *deelnemende evaluasie*. Deelnemende evaluasie en die verhouding tussen die beginsels sal in die volgende gedeelte aan die orde kom.

## 2.4 EVALUASIE AS KOMPONENT VAN DIE DEELNEMENDE BENADERING

Deelnemende evaluasie en monitering word volgens Bessette (2004:7) as een van vyf belangrike komponente van deelname in die ontwikkelingsproses gesien.

Deelnemende evaluasie word op die boublokke van die deelnemende benadering gegrond (Wallace, 2008:202) en daarom word hierdie beginsels nou as uitgangspunt gebruik in die bespreking van deelnemende evaluasie.

### 2.4.1 Deelnemende evaluasie

Deelnemende evaluasie kan gedefinieer word as die belangegroepe – die individue wat belange het in die program – se betrokkenheid in alle aspekte van die evaluasieproses van 'n ontwikkelingsinisiatief (Wallace, 2008:202; Parkinson, 2009:230; Scarinci *et al.*,

2009:222). Deelnemende evaluasie bestaan uit meer as vraelyste en monitering van dokumente; aktiewe betrokkenheid van die gemeenskap is nodig tydens alle aspekte van die evaluasieproses (Boyden *et al.* 2002:5; Grünewald, 2003:69; Parkinson, 2009:230; Scarinci *et al.*, 2009:222).

Een van die hoekstene waarop volhoubare ontwikkeling gebou word, is gepaste evaluasiestelsels wat die betrokke gemeenskap en ontwikkelaars in staat stel om die omstandighede waarin gewerk word te verstaan. Daar behoort geleenthede te wees vir die gemeenskap om hul opinies te lug en die konteks van die program te verduidelik. 'n Standaardprogram vir evaluasie gaan nie ten alle tye die uniekheid van elke program in ag neem nie, en daar behoort dus van 'n evaluasieproses gebruik gemaak te word wat toepaslik is vir die betrokke situasie en die betrokke mense (Grünewald, 2003:69). Dit is van groot belang dat die evaluasie op 'n gepaste geletterdheidsvlak behoort te wees en dat dit op 'n gerieflike tyd, plek en wyse vir albei die ontwikkelaars en die gemeenskap behoort te geskied (Parkinson, 2009:230). Die gemeenskap en ontwikkelaars moet dus saamstem en besluit hoé die evaluasie gaan plaasvind.

As die omstandighede deur albei die ontwikkelaars en die gemeenskap verstaan word, kan probleme en struikelblokke in die program geartikuleer word. Dit is belangrik om hierdie struikelblokke te identifiseer, sodat doelwitte en metodes van evaluasie in lyn met die waardes van volhoubaarheid gevorm kan word; die gemeenskap behoort ook geleentheid te kry om struikelblokke en oplossings voor te stel (Ukaga, 2001:27-28). Deelnemende evaluasie, as deel van die deelnemende benadering tot ontwikkeling, bied die geleentheid om sterk- en swakpunte van ontwikkelingsprogramme te bepaal aan die hand van die plaaslike betrokkenes se siening van die program (Chrishna, 2006:218). Die gemeenskap behoort onder andere deel te wees van die besluitnemingsproses oor wát geëvalueer gaan word deur die evaluasie.

Die beginsels van deelnemende evaluasie, met die doel om 'n bydra tot volhoubare ontwikkeling te maak, sal nou uiteengesit word om sodoende vas te stel hoe deelnemende evaluasie van KSV-programme daaruit behoort te geskied.

## 2.5 BEGINSELS VAN DEELNEMENDE EVALUASIE

Verskillende beginsels van deelnemende evaluasie word in die literatuur geïdentifiseer, maar daar is sekere algemene beginsels wat oorvleuel en deurlopend na vore kom in verskeie navorsingswerke (Bradley *et al.,* 2002; Fawcett *et al.,* 2003; Scarinci *et al.,* 2004;

Thurston *et al.,* 2004; Chrishna, 2006; Burnett, 2008; Njuki *et al.,* 2008; Wallace, 2008; Parkinson, 2009). Dié beginsels is die volgende:

1. Vennootskap
2. Betrokkenheid
3. Inagneming van plaaslike kennis
4. Bemagtiging
5. Verandering

### 2.5.1 Vennootskap

In ooreenstemming met die beginsels van dialoog (sien paragraaf 2.3.1) behoort die evaluasieproses in 'n program soos 'n **gesprek tussen vennote** te verloop, en nie soos 'n toets of inspeksie nie (Chrishna, 2006:218). Dit moet vir die gemeenskapslede **geleentheid bied om hulle opinies te lug** en as medevennoot in die program te praat, en werklik na mekaar te luister.

Wanneer daar 'n vennootskap in die evaluasieproses gevorm word, word **verantwoordelikhede, prioriteite en oplossings in die vennootskap gedeel** en geïmplementeer, eerder as wat dit slegs deur die ontwikkelaars of akademici daargestel word (Scarinci *et al.,* 2009:221). Wanneer die gemeenskap aktief as vennote aan die gesprek deelneem behoort nuwe doelwitte en inisiatiewe rondom die program na vore te kom, (Thurston *et al.*, 2004:482).

Deelnemende evaluasie bied 'n geleentheid waar bevoordeeldes die positiewe waarde van kritiese analisering kan sien en begryp (Chrishna, 2006:218). Gemeenskappe sal makliker deelneem en vindingryke opinies deel as hulle bewus is van die positiewe impak van evaluasie op die ontwikkeling. Wanneer die gemeenskap bewus word van die waarde van evaluasie vir albei die betrokkenes asook die program, behoort daar 'n gemakliker atmosfeer te ontstaan, en die gemeenskap behoort te begryp dat evaluasie nie iets is waaroor hulle skepties hoef te wees nie. Dit is belangrik dat alle vennote, spesifiek die gemeenskapslede, moet **verstaan waaroor die evaluasie gaan**. In die vennootskap is dit belangrik dat alle vennote geken word in die besluitneming rakende tyd en energie wat die ontwikkeling en evaluasie van hulle sal verg (Parkinson, 2009:230).

Hieruit kan afgelei word dat 'n vennootskap tussen die organisasie en die gemeenskap kan lei tot nuwe en effektiewe ontwikkelingsinisiatiewe en verbeterde evaluasieprosesse en 'n gemakliker omgewing vir gespreksvoering. Dit is van groot belang dat die organisasie die

gemeenskap sal sien as vennote. Die volgende spesifieke teoretiese stelling word na aanleiding van die bogenoemde argumente gemaak:

Teoretiese stelling 1: Deelnemende evaluasie behoort te getuig van 'n vennootskap waarin alle vennote, ook die gemeenskapslede, gelyke geleentheid het om aan die dialoog deel te neem en opinies te deel en waarin verantwoordelikhede en besluitneming gedeel word.

### 2.5.2 Betrokkenheid

Dit is belangrik dat die bevoordeeldes in die program deel is van die proses om hul eie **doelwitte**, en ook die **inisiatiewe** wat gebruik gaan word om dié doelwitte te behaal, daar te stel (Njuki *et al.*, 2008:633). Hierdie **besluitnemingsproses** behoort ook in deelnemende evaluasie sigbaar te wees (Njuki *et al.*, 2008:633; Scarinci *et al.*, 2009:221).

**Inligtingsinsameling en metodes** wat in die ontwikkelingsprogram, spesifiek in die evaluasieproses, gebruik gaan word, behoort in die groep (vennootskap) bespreek te word (Scarinci *et al.*, 2009:222; paragraaf 2.3.3). Die vennote besluit saam hoe evaluasie gaan plaasvind en ook wat geëvalueer gaan word. Na aanleiding van die bogenoemde argumente word die volgende spesifieke teoretiese stelling gemaak.

Teoretiese stelling 2: Deelnemende evaluasie behoort te getuig van geleenthede waar die gemeenskapslede betrokke is in die prosesse om doelwitte van evaluasie daar te stel, waarin inligtingsinsameling en metodes gesamentlik met die bevoordeeldes geformuleer word en waar hulle deel is van alle besluite wat rakende evaluasie geneem word.

### 2.5.3 Inagneming van plaaslike kennis

In paragraaf 2.3.4 is geargumenteer dat die gemeenskap praktiese kennis het in terme van die probleem, die program, die gemeenskap waarin die program geskied en die diversiteit van deelnemers in die program. Diversiteit van groepslede in die program kan sterker en meer akkurate inligting oor gemeenskapskwessies na vore bring (Thurston *et al.*, 2004:492). Dit is van groot belang dat die **diversiteit van die gemeenskap in ag geneem word** en dat hierdie **plaaslike kennis in die evaluasieproses in ag geneem word**, omdat dit die plaaslike konteks kan verduidelik en belangrike inligting oor die mense in die gemeenskap se persepsies rakende die kommunikasie tydens evaluasie aan die lig kan bring (Wallace, 2008:202).

Deelnemende evaluasie gaan oor die **proses om kennis in te win van die mense wat direk geraak en betrokke is by die ontwikkeling** om sodoende by te dra tot beter begrip van die program in geheel, en om die kennis toe te pas om die poging te versterk en te verbeter (Fawcett *et al.*, 2003:23). Die **indikatore** in die ontwikkelingsprogram behoort deur deelnemende evaluasie, in terme van die gemeenskap se ondervindinge, persepsies en kennis van die plaaslike omgewing en mense, bepaal te word (Njuki *et al.*, 2008:633).

Uit die bogenoemde argumente word die volgende spesifieke teoretiese stelling daargestel.

<u>Teoretiese stelling 3:</u> Deelnemende evaluasie behoort te getuig van die insameling, inagneming en respektering van plaaslike kennis wanneer die bepaling van indikatore vir die evaluasie in die ontwikkelingsprogram daargestel word.

### 2.5.4 Bemagtiging

Een van die doelwitte van deelnemende evaluasie, net soos by die algemene beginsel van die deelnemende benadering, is om die bevoordeeldes te **bemagtig** (Njuki *et al.*, 2008:934; Parkinson, 2009:229). Soos daar reeds bespreek is (sien paragraaf 2.3.2), is daar verskillende fasette waaraan voldoen behoort te word om bemagtiging mee te bring. Dit is dieselfde fasette wat bespreek is onder die deelnemende benadering, naamlik **emosionele en motiverende dimensies**, asook **kognitiewe of intellektuele dimensies**; die **uitoefen van beheer oor eie situasie** en **die gebruik van eie sterkpunte en hulpbronne**.

Bessette (2006:91) verduidelik dat evaluasie suiwer vir bemagtiging gebruik kan word en hy lig 'n voorbeeld uit waar die bevoordeeldes 'n regeringsprogram, wat 'n ontwikkelingsprogram in hulle gemeenskap bestuur het, geëvalueer het. Hieruit het baie nuttige inligting gekom. In plaas daarvan dat die regering onder normale omstandighede vir die bevoordeeldes sou verduidelik wat om te doen, het die bevoordeeldes nou voorstelle gemaak van wat gedoen kan word deur die regering. Die regering het na afloop hiervan baie van die idees toegepas in die program. Hierdeur is die bevoordeeldes bemagtig in die sin dat hul opinies aan die lig gebring is, en hulle is gemotiveer om krities en kreatief te dink. Die regering het ook bewus geraak van inligting en behoeftes wat andersins nie gekommunikeer sou word nie (Bessette, 2006:91).

In die bogenoemde voorbeeld word geïllustreer dat die bemagtiging deur middel van evaluasie aan die verskillende fasette voldoen het. Die gemeenskap is aangemoedig om self aan nuwe idees te dink, om dit uit te redeneer en dit te kommunikeer; hulle het selfvertroue

gebou omdat hulle idees gebruik is en daar sodoende in nuwe behoeftes voorsien is, dus het hulle beheer gehad oor hulle eie situasie deur gebruik te maak van hulle kennis en magte. Dieselfde deelname as in die voorbeeld behoort in enige ontwikkelingsprogram 'n positiewe en bemagtigende uitwerking te hê, sodat die gemeenskapslede wat betrokke is by die program self in die toekoms ontwikkelingsinisiatiewe kan evalueer.

Bemagtiging sal nie geskied as die gemeenskap nie betrokke is by die proses van evaluasie nie, omdat hulle nie in staat gestel word om self in die toekoms die ontwikkelingsprosesse te kan behartig nie.

Na aanleiding van die bogenoemde argumente word die volgende spesifieke teoretiese stelling gemaak:

Teoretiese stelling 4: Deelnemende evaluasie behoort te getuig van bemagtigingsdoelwitte wat beide emosionele en motiverende dimensies asook kognitiewe of intellektuele dimensies aanspreek en waar gemeenskappe in staat gestel word om beheer oor hul eie situasie uit te oefen.

### 2.5.5 Verandering

Die betrokkenheid van die gemeenskap in die evaluasieproses kan daartoe lei dat die gemeenskap **insette lewer by die definiëring van probleme** in die huidige ontwikkelingsprogram, by die daarstelling van doelwitte en ook by die oplossing van dié probleme (Bradley *et al.,* 2002:269). Hierdeur word daar **aksie geneem in terme van probleme** wat tans ondervind word in die ontwikkelingsprogram en spesifiek in die evaluasie van die program, en sodoende word toekomstige probleme moontlik uitgeskakel (Njuki *et al.*, 2008:634). Daar kan dus verandering plaasvind in die implementering van metodes en aktiwiteite in die evaluasieprosesse om toekomstige probleme en struikelblokke te beperk of te voorkom.

Daar behoort 'n verandering in die fokus en uitvoering van die program plaas te vind nadat die gemeenskap deel geword het van die evaluasieprosesse. Ontwikkelingsprogramme behoort meer **behoefte-georiënteerd** te word as die gemeenskap die evaluasieprosesse begryp en deel is daarvan (Burnett, 2008:226). Die volgende spesifieke teoretiese stelling word na aanleiding van die bogenoemde argumente gemaak:

Teoretiese stelling 5: Deelnemende evaluasie behoort by te dra tot 'n behoefte-georiënteerde program waar die implementering van metodes en aktiwiteite tydens die

evaluasie voortdurend verander na aanleiding van die gemeenskapslede se insette.

Die bogenoemde teoretiese stellings is die hooffokuspunte van die studie en sal as boublokke dien vir die strukturering van die onderhoudskedule in die volgende hoofstuk.

## 2.6 SAMEVATTING

KSV is 'n manier waarop korporatiewe organisasies kan bydra tot volhoubare ontwikkeling. Elke organisasie het sy eie programme en kan deur dié programme 'n bydrae maak in spesifieke gemeenskappe se ontwikkeling, omdat die gemeenskappe as 'n belangegroep behoort gesien te word.

In hierdie hoofstuk is tot die gevolgtrekking gekom dat modernisering, as prominente paradigma by ontwikkelingskommunikasie, hoofsaaklik op eenrigting-kommunikasie gefokus het deur die massamedia te gebruik vir oorreding. Mense is deur middel van massamedia oorreed om hulle ou waardes en tradisies prys te gee en nuwe waardes en tradisies aan te leer in 'n poging om sogenaamde ontwikkeling mee te bring. Die moderniseringsparadigma het egter gefaal om ontwikkeling mee te bring, en kritiek teen hierdie benadering het gelei tot die totstandkoming van die afhanklikheidsbenadering. Die afhanklikheidsbenadering was egter ook nie suksesvol in ontwikkelingspogings nie, en van die belangrikste kritiek teen hierdie benadering is dat die benadering steeds ekonomies-georiënteerd was en dat daar grootliks gefokus is op eksterne oorsake soos internasionale kapitalisme vir die onderontwikkeling van lande - interne oorsake is nie in ag geneem nie. Lande is aangemoedig om totaal onafhanklik te funksioneer, en baie lande was te klein en arm hiervoor. Beide die moderniserings- en afhanklikheidsparadigmas se mislukkings word onder andere toegeskryf aan 'n gebrek aan deelname op voetsoolvlak, wat die behoefte geskep vir 'n meer deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie.

Soos daar reeds bespreek is, is deelname van die gemeenskap onontbeerlik in verskillende fasette en fases van die ontwikkelingproses (sien paragraaf 2.2.4.2): Die gemeenskap behoort deel te wees van die *beplanning-* en *besluitnemingsproses*, deel van die *implementering* en ook van die *evaluasie* van die program. Hieruit is dit duidelik dat evaluasie as 'n komponent van die deelnemende benadering gesien word. Om seker te maak dat bevoordeeldes deelneem aan al die vlakke, is dit belangrik om die beginsels van die deelnemende benadering, wat relevant is vir evaluasie, in ag te neem. Hierdie beginsels sluit in *Dialoog, Bemagtiging, Betrokkenheid* en *Inagneming van Diversiteit.* Dit wil sê dat evaluasie ook deelnemend moet geskied en aan die beginsels van die deelnemende

benadering behoort te voldoen.

Deelnemende evaluasie kan slegs effektief geskied as dit voldoen aan die riglyne van 'n **vennootskap** tussen die organisasie en bevoordeeldes van die program, **deelname** en beheer van bevoordeeldes in evaluasieprosesse aanmoedig, die **inagneming van plaaslike kennis** toepas, **bemagtiging** ten doel het en **verandering** meebring deur die daarstelling en bespreking van struikelblokke en probleme wat ervaar word deur beide vennote. Dit is dus belangrik vir organisasies soos Maatskappy X en Maatskappy Y om deurlopende deelnemende evaluasie in hulle KSV-programme te handhaaf om sodoende tot ontwikkeling by te dra.

In die volgende hoofstuk gaan die verskillende navorsingmetodes wat in die studie gebruik is om vas te stel hoe deelnemend die betrokke finansiële organisasies se evaluasie in die gekose KSV-programme is, bespreek word.

# HOOFSTUK 3
# NAVORSINGSMETODES

## 3.1 INLEIDING

Die doel van hierdie studie is om te bepaal wat die aard van kommunikasie in die evaluasie van KSV-programme in die finansiële sektor is. Die evaluasieprosesse van vyf KSV-programme wat deur twee maatskappye in die finansiële sektor ondersteun word, is vir hierdie doel geanaliseer. Hierdie studie wil vasstel in watter mate die maatskappye gebruik maak van deelnemende evaluasie, wat poog om tot volhoubare ontwikkeling by te dra. In die vorige hoofstuk is die beginsels van die deelnemende benadering wat relevant vir deelnemende evaluasie is, geïdentifiseer. Daar is ook bykomende en ooreenstemmende beginsels van *deelnemende evaluasie* geïdentifiseer. In hoofstuk 4 word die navorsingsbenadering asook navorsings-metodes omskryf wat gebruik is om die evaluasieprosesse wat in die verskillende programme gebruik word, te ondersoek.

Die kwalitatiewe navorsingsbenadering word eerstens bespreek waarna daar gefokus word op die navorsingsontwerp en die verskillende navorsingsmetodes wat gebruik is om inligting in te samel. Die navorsingsmetodes wat gebruik is in die studie is *semigestruktureerde onderhoude, fokusgroepe* en *kwalitatiewe inhoudsanalise*. Daar sal telkens aangetoon word waarom daar gekies is om dié navorsingsmetodes te gebruik en ook hoe die verskillende metodes in die studie toegepas is. Nadat die navorsingsmetodes en die wyse waarop dit uitgevoer is bespreek is, word leemtes en struikelblokke wat tydens die navorsingsproses ervaar is, bespreek.

## 3.2 DIE KWALITATIEWE NAVORSINGSBENADERING

In enige navorsingsproses moet die keuse gemaak word om óf 'n meer kwalitatiewe óf 'n meer kwantitatiewe benadering tot navorsing te gebruik. Die terme "kwalitatiewe" en "kwantitatiewe" verwys na die aard van die inligting wat gegenereer word in die navorsingsproses, asook na hoe die navorsingsproses benader word. Kwalitatiewe navorsing veronderstel om inligting in prosa- of teksvorm voor te stel en staan bekend as "sagte" navorsing, terwyl kwantitatiewe navorsing data in die vorm van syfers en statistieke daarstel en bekend staan as "harde" navorsing (Bauer *et al.,* 2000:7). Die doel en aard van die studie is deurslaggewend in die keuse van die navorsingsbenadering (Durrheim, 2006:47).

Eerstens sal daar ondersoek gedoen word na eienskappe van die kwalitatiewe benadering.

Na aanleiding daarvan sal die toepaslikheid van kwalitatiewe navorsing vir die huidige studie, bespreek word.

Denzin en Lincoln (2003:3) bespreek sewe historiese fases en tradisies van kwalitatiewe navorsing. Die sewende fase, wat vanaf die jaar 2000 tot die hede strek en die toekoms-fase genoem word, gaan oor morele diskoers. Hierdie sewende fase veronderstel dat sosiale wetenskappe en geesteswetenskappe 'n gespreksplatform word vir kritiese besprekings van demokrasie, rasse, geslag, klasse, globalisering, vryheid en gemeenskap. Hierdie fase van die kwalitatiewe benadering lê klem op die begrip en verstaan van die betrokkenes se persepsies. Die kwalitatiewe navorsingsbenadering word meestal gebruik wanneer daar 'n soeke na menslike belange en waardes in navorsing ontstaan (Hocking *et al.,* 23:28). In hierdie studie word die menslike belange en waardes van bevoordeeldes wat deel uitmaak van KSV-programme, tydens die evaluasieproses van die program ondersoek. Dit is van belang dat die persepsies van die bevoordeeldes verstaan word en dat daar ook begrip is vir hulle omstandighede en situasies. Kwalitatiewe navorsing laat die navorser toe om opvolgvrae te vra en indiepte-terugvoer te ontvang en deeglik te bespreek. Hierdeur kan die navorser werklik begrip kry vir die betrokkenes se persepsies oor die kommunikasie tydens evaluasie.

Kwalitatiewe navorsing is *naturalisties* (*realisties)*, *holisties* en *induktief* (Durrheim, 2006:47). Die *naturalistiese* eienskap van die kwalitatiewe benadering dui aan dat werklike-wêreld-situasies ondersoek word soos dit natuurlik plaasvind. By kwalitatiewe navorsing word 'n spesifieke (konteksgebonde) populasie bestudeer, die situasies of uitkomste word nie gemanipuleer of beheer nie, die navorsing is ook nie voortvarend en oormoedig nie, maar daar is oopheid en ontvanklikheid vir enige gebeurtenisse tydens die navorsing (Holland & Campbell, 2005:2; Durrheim, 2006:47). Die betrokke studie vind in 'n ontwikkelingskonteks plaas waar verskillende gemeenskappe besoek is en waar ondersoek ingestel is na hulle ervaring van die kommunikasie tydens KSV-evaluasieprosesse sonder dat deelnemers of die situasie gemanipuleer of beheer is.

Die *holistiese* eienskap dui daarop dat die hele fenomeen wat ondersoek word as 'n komplekse sisteem beskou word. Die navorsing fokus op komplekse onderlinge afhanklikhede; dit word nie met opset na 'n paar diskrete veranderlikes verander en gerig nie. Omdat die studie in 'n ontwikkelingskonteks plaasvind waar daar in talle kulturele en sosiale kontekste gewerk gaan word, is dit belangrik om 'n holistiese navorsingsbenadering te volg, sodat die konteks as 'n geheel hanteer word. Net soos die kwalitatiewe benadering bestaan deelnemende kommunikasie en dus deelnemende evaluasie ook uit verbandhoudende en wedersydse afhanklike konsepte en konstrukte wat nie in isolasie van

mekaar bestudeer kan word nie. Om hierdie rede sal die holistiese eienskap van die kwalitatiewe navorsingsbenadering ondersteuning bied vir die feit dat die betrokke studie se konteks as 'n geheel hanteer sal word en die verskillende kulturele en sosiale kontekste nie in isolasie bestudeer sal word nie. Elke gemeenskap se kulture, tale, tradisies en sosiale kontekste sal holisties benader word om sodoende 'n werklike beeld van hulle persepsies te probeer kry.

Die *induktiewe* aard van die kwalitatiewe benadering veronderstel dat die navorser nie vooropgestelde idees of hipoteses in die navorsing daarstel nie, maar dat gevallestudies eers bestudeer word en daar dan tot 'n gevolgtrekking gekom word. Kwalitatiewe navorsing is induktief wanneer die navorser poog om die betekenis van 'n besondere situasie(s) te bepaal sonder om reeds bestaande verwagtings op die navorsing af te dwing (Durrheim, 2006:47; Holland & Campbell, 2005:2). Blanche *et al.* (2006:272) beklemtoon dat kwalitatiewe navorsing gebruik word vir navorsing waar geen of beperkte veranderlikes vooraf bepaal kan word nie. Dit is dus in teenstelling met hipoteties-deduktiewe empiriese navorsing wat eis dat die belangrikste veranderlikes eers gespesifiseer moet word en dat navorsingshipoteses geformuleer moet word voor die insameling van gegewens. Omdat die ontwikkelingskonteks waarin die studie plaasvind so uniek en kompleks is, is dit nie moontlik om vooraf hipoteses te vorm nie, en moet elke program waarnemend verken word. Hoewel die studie nie hipoteses wil bewys nie, is daar wel teoretiese aannames geformuleer wat gebruik word om die insameling van inligting te rig en daarna die ingesamelde inligting te analiseer. Daar bestaan dus 'n kombinasie van die verkenning van besondere situasies en die analisering van bevindinge aan die hand van voorafbepaalde teoretiese stellings in hierdie studie.

Die kwalitatiewe benadering word ook geken aan die *verklarende* en *verhelderende* eienskappe daarvan; hierdie eienskappe bring mee dat daar ryk en indiepte-inligting gegenereer kan word (Gaskell, 2000:39). In plaas daarvan om die norm in terme van standaardisering te beskryf, stel kwalitatiewe navorsing juis ondersoek in om die verskille in terme van mense en situasies te verduidelik. In die soeke na begrip vir sosiale diversiteit en sosiale interaksie, soos in die geval van hierdie studie, tussen en in populasiegroepe, word die komplekse en meervoudige realiteite van gemeenskappe en die samelewing verken. Tydens kwalitatiewe navorsing het die navorsers geleentheid om die situasie en prosesse indiepte te begryp. Dit is ook 'n belangrike eienskap van kwalitatiewe navorsing dat hierdie indiepte-kennis en -begrip vanuit die deelnemer se perspektief verkry word (Flick, 2009:15-16). Die *deelnemende* eienskap van kwalitatiewe navorsing sluit hierby aan.

Die gemeenskap wat ondersoek word deur kwalitatiewe navorsing, neem deel aan die navorsing (Holland & Campbell, 2005:3). Dit is van groot belang dat die deelnemers se

ervarings in ag geneem sal word ten einde sin te maak van mense se persepsies. Die kwalitatiewe benadering fokus op die deelnemers se perspektief. Om begrip te kry vir die persepsies van mense is interaksie nodig en die navorser moet veral aandag skenk aan wat die deelnemers vertel (Blanche *et al.,* 2006:274). Om dié rede is die onderhoude en fokusgroepe só beplan dat daar slegs enkele wye vrae gevra word, sodat die deelnemers self kan uitbrei en vertel hoe hulle die kommunikasie tydens die evaluasie van die betrokke KSV-programme ervaar. Al die programme wat besoek is tydens die navorsing, is programme wat in arm gemeenskappe gesetel is en die deelnemers se ervarings van die evaluasieprosesse vorm die kern van die studie.

Die kwalitatiewe benadering het ook *interpreterende* en *analiserende* eienskappe, waarvan die fokus daarin lê om inligting binne konteks te interpreteer en om op die kwalitatiewe aspekte van kommunikasie te fokus (Du Plooy, 2009:30). Waar daar na verskillende programme uit verskillende gemeenskappe gekyk word in hierdie studie, is dit belangrik dat al die inligting wat ingesamel word, binne die bepaalde konteks geïnterpreteer en geanaliseer word.

Die kwalitatiewe benadering is ook 'n buigbare benadering tot navorsing, wat aanpas by die gegewe konteks en situasie. Dit dui daarop dat dié metode die navorser in staat stel om bewus te word van die verskeidenheid van perspektiewe en handelinge in die veld as gevolg van die subjektiewe perspektiewe en sosiale situasies of agtergronde van die deelnemers (Flick, 2009:16). Die navorser kan dus sy/haar metodes van navorsing aanpas by die omgewing en by die tipe mense en situasies wat ondersoek word. Hierdie eienskap is van groot belang vir die betrokke studie, omdat die aard van die programme en ook die omgewings waarin dit geskied, verskil. Die navorsing behoort dus te kan aanpas by die deelnemers en hul omgewing, soos wat dit nodig sou wees.

Na aanleiding van die bogenoemde eienskappe van kwalitatiewe navorsing kan duidelik gesien word waarom dié navorsingsbenadering gekies is vir die betrokke studie. In die studie is daar gepoog om op 'n kombinasie van induktiewe en normatiewe, naturalistiese en holistiese wyse inligting te genereer deur die persepsies van die deelnemers te probeer verstaan. Sodoende is ryk, indiepte-inligting vanuit hulle perspektief ingesamel, wat daartoe gelei het dat hulle opinies en ervaring van die evaluasieproses van die KSV-programme verkry is.

Vervolgens sal die navorsingsontwerp bespreek word om aan te dui wat die studie ondersoek en hoe dié verlangde inligting ingesamel en verwek sal word.

## 3.3 DIE NAVORSINGSONTWERP

In hierdie studie is vier spesifieke navorsingsvrae in hoofstuk 1 geformuleer wat beantwoord sal word ten einde die algemene navorsingsvraag te kan beantwoord. Tabel 3.1 sluit die spesifieke navorsingsvrae, asook navorsingsmetodes wat gebruik is om die vrae te beantwoord in.

***Tabel 3.1: Navorsingsontwerp***

| Navorsingsvraag | Navorsingsmetodes |
|---|---|
| 1. Watter beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie is relevant vir die evaluasie van KSV-programme in die twee maatskappye? | Literatuurstudie wat fokus op die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie en spesifiek op deelnemende evaluasie. |
| 2. Wat behels die evaluasieproses van die KSV-programme in die twee maatskappye? | Kwalitatiewe inhoudsanalise van die dokumente wat relevant is vir die programme, asook onderhoude met die maatskappyverteenwoordigers en programleiers en fokusgroepe met die bevoordeeldes. |
| 3. Wat is die persepsies van die KSV-bestuurders (maatskappyverteenwoordigers) van die twee maatskappy rakende die kommunikasie tydens die evaluasie van KSV-programme? | Semigestruktureerde onderhoude met die verteenwoordigers van die onderskeie maatskappye en met die bestuurders/leiers van die verskillende KSV-programme. |
| 4. Wat is die persepsies van die betrokke bevoordeeldes rakende die kommunikasie tydens die evaluasie van KSV-programme? | Fokusgroepe met die bevoordeeldes van die verskillende KSV-programme. |

Uit die bogenoemde tabel is dit duidelik hoe die navorsingsvrae in die studie beantwoord is.

Die metodes wat in die tabel geïdentifiseer is, sal nou bespreek word.

## 3.4 NAVORSINGSMETODES

In Tabel 3.1 is daar drie metodes geïdentifiseer wat deel vorm van die empiriese navorsing van hierdie studie, naamlik kwalitatiewe inhoudsanalise, semigestruktureerde onderhoude en fokusgroepe. Daar sal eerste gefokus word op die kwalitatiewe inhoudsanalise. Die redes waarom die ’n kwalitatiewe inhoudsanalise gepas is om in die studie gebruik te word, sal bespreek word en ook hoe daar te werk gegaan is om dit uit te voer. Die semigestruktureerde onderhoude en fokusgroepe sal bespreek word deur aan te dui waarom die navorsingsmetodes in hierdie studie gebruik is, hoe semigestruktureerde onderhoude en fokusgroepe geskeduleer is, hoe toegang tot die verskillende deelnemers verkry is, en ook hoe dit plaasgevind het.

### 3.4.1 Kwalitatiewe inhoudsanalise

Kwalitatiewe inhoudsanalise word veral in kommunikasienavorsing gebruik. Kwalitatiewe inhoudsanalise behels 'n proses waar inligting in kleiner eenhede verdeel word om die elemente en strukture van die inligting duidelik te maak. Inhoudanalise word hoofsaaklik in twee gevalle gebruik: om bestaande dokumente van die betrokke program, wetgewing en beleidstukke wat relevant vir die studie is te evalueer, wat sodoende die agtergrond en konteks van die program skets. Die tweede geval waar inhoudsanalise gebruik word, is om die empiriese inligting van die studie te ontleed (Fourie, 2004:1). Ons, as kommunikasie-navorsers, stel belang in die agtergrond van die boodskap, die effekte van die boodskap en die invloed van die individu en omstandighede waarin die boodskap ontwikkel is (Hocking *et al.,* 2003:171). Om hierdie latente "boodskap" te vind, is 'n kwalitatiewe inhoudsanalise nodig. Kwalitatiewe inhoudsanalise fokus daarop om die manier waarop boodskappe verskillend oorgedra kan word deur verbale en nie-verbale kommunikasie, te bepaal (Du Plooy, 2009:220).

Die doel van kwalitatiewe inhoudsanalise is drievoudig: om te interpreteer; te verstaan en te verduidelik (Gray, 2004:327; Elo & Kyngäs, 2007:108;). Kwalitatiewe inhoudsanalise veronderstel dat al die massas inligting wat bekom is deur die empiriese navorsing, *getransformeer* word deur middel van 'n analitiese proses, tot 'n duidelike, verstaanbare, insiggewende, betroubare en selfs oorspronklike analise (Gibbs, 2007:1).

Kwalitatiewe inhoudsanalise is in die 1900's hoofsaaklik gebruik vir die analisering van koerante, tydskrifartikels, reklame en politiese toesprake. Daarna het inhoudsanalise in verskeie velde begin bekend raak: kommunikasie, joernalistiek, psigologie, sosiologie en in die besigheidsveld (Mayring, 2000:2; Elo & Kyngäs, 2007:107). Kwantitatiewe navorsers het dié navorsingsmetode baie gekritiseer en dit beskryf as 'n eenvoudige metode wat hom nie daartoe leen om statistiese analisering toe te pas nie. Gedurende hierdie tyd is sterk gefokus op die verskille tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing (Mayring, 2000:3). Vandag word hierdie twee benaderings dikwels gekombineer en om mekaar te komplementeer.

Enige boodskap waarvan daar 'n verkrygbare rekord is, se inhoud kan op kwalitatiewe wyse geanaliseer word (Hocking *et al.,* 2003:171). In hierdie studie is die verskeie dokumente wat deur die maatskappye en ook deur die programleiers van die onderskeie programme beskikbaar gestel is, deur middel van kwalitatiewe inhoudsanalise ontleed. Die dokumente wat gebruik is, is jaarverslae, projekbeplanningsdokumente, evaluasievorms, brosjures en kwartaallikse opsommings van die verskeie programme.

Die brosjures en inligtingsblaaie wat van die verskeie programme verkry is, gee meer duidelikheid oor wie die bevoordeeldes van die programme is, waar hulle vandaan kom en hoekom hulle deel is van die program. Hieruit ken die navorser reeds die bevoordeeldes gedeeltelik en kan dié inligting rakende die bevoordeeldes en hul omstandighede in gedagte gehou word wanneer die fokusgroepe en onderhoude geanaliseer word. Daar is gekyk na 'n verskeidenheid van programme, in verskillende omstandighede en situasies, waar dit belangrik is om die agtergrond van die mense en hul omstandighede in gedagte te hou. Deur die kwalitatiewe inhoudsanalise kan al die inligting wat verkry is gedurende die studie geïnterpreteer word in hierdie lig.

Kwalitatiewe inhoudsanalise is nie slegs gebruik om die dokumente mee te analiseer nie, maar ook om die inligting wat deur die semigestruktureerde onderhoude en fokusgroepe ingesamel is te analiseer. Die transkripsies wat gemaak is van elke onderhoud met die verteenwoordigers van die twee maatskappye, sowel as met die programleiers en die fokusgroepe met die bevoordeeldes van die programme, is dus op ’n kwalitatiewe wyse geanaliseer aan die hand van die konsepte en konstrukte wat uit hoofstuk 3 afgelei is. Die dokumente en brosjures wat vanaf die maatskappye en KSV-programme voorsien is, is ook aan die hand van hierdie konsepte en konstrukte geanaliseer. Met behulp van die konstrukte was dit baie effektief om die inligting wat ingesamel is daarvolgens te ontleed en te analiseer om vas te stel hoe die verskillende programme geëvalueer word en ook die deelnemendheid daarvan vas te stel. Die konstrukte is geformuleer deur die literatuurstudie se gevolgtrekkings en bevindinge toe te pas op die analise van die evaluasieprosesse van die

verskillende programme van Maatskappy X en Y. Die konsepte en konstrukte wat gebruik is vir die inhoudsanalise van die studie word in Tabel 3.2 uiteengesit.

### 3.4.2 Semigestruktureerde onderhoude

Gillham (2005:70) identifiseer vyf eienskappe wanneer hy die konsep "semigestruktureerd" beskryf. Die eerste eienskap is dat dieselfde vrae aan alle deelnemers gevra behoort te word. Semigestruktureerde onderhoude vind plaas deur gebruik te maak van 'n onderhoudskedule wat tydens onderhoude met al die deelnemers van die studie gebruik word. Die skedule sluit vrae en temas wat belangrik is vir die navorsing in en dien as 'n riglyn vir die onderhoudvoerder (Schurink, 1998:299). De Vos *et al.* (2011:352) stem saam en versterk die redenasie deur klem te lê op die doel van die onderhoudskedule. Hulle is van mening dat die onderhoud eerder deur die skedule *gelei* behoort te word as gedikteer te word daardeur. Die onderhoudskedule wat tydens semigestruktureerde onderhoude gebruik word, verseker dat daar aandag gegee word aan alle onderwerpe van die navorsing (Gillham; 2005:70). Dit verseker ook dat inligting vergelyk en geïntegreer kan word. Die inligting tydens die semigestruktureerde onderhoud word dus redelik sistematies ingewin en sodoende word verhoed dat inligting verlore gaan of vergeet word (Shurink, 1998:300).

Die tweede eienskap gaan daaroor dat die aard en tipe vrae deur 'n ontwikkelingsproses gaan om die onderwerpfokus te peil (Gillham; 2005:70). In hierdie studie is daar 'n onderhoudskedule opgestel op grond van die teoretiese stellings wat in hoofstuk 2 geformuleer is.

Die derde eienskap is dat 'n ekwivalente analisering plaasvind deur bykomende vrae te vra as die deelnemers nie spontaan reageer het op een van die onderafdelings van die skedule nie (Gillham; 2005:70). Die onderhoudvoerder is vry om vrae weg te laat, aan te pas en opvolgvrae te vra soos hy of sy dit goeddink (Du Plooy, 2009:198). Semigestruktureerde onderhoude is dus buigbaar vir beide die navorser en die deelnemer. Tydens die onderhoud is die navorser in staat om verskeie interessante paaie wat verskyn, te volg; hierdeur word die deelnemer in staat gestel om 'n vollediger beeld te skep van hoe hy/sy situasies beleef (De Vos *et al.*, 2011:351). Vir hierdie studie beteken die buigbaarheid van die navorsingsmetode dat onderwerpe wat relevant vir die studie is, maar nie vooraf deur die navorser geïdentifiseer is nie, ingesluit kan word en dat die deelnemers die geleentheid gebied word om hulle persepsies volledig te deel.

Die vierde eienskap impliseer dat min of meer dieselfde tyd verleen word aan die

verskillende onderhoude (Gillham; 2005:70). Omdat daar volgens 'n onderhoudskedule as riglyn gewerk word tydens die onderhoude en dieselfde vrae aan almal gevra is, is daar min of meer dieselfde hoeveelheid tyd aan elke onderhoud bestee.

Die vyfde eienskap lê klem daarop dat vrae oop behoort te wees met die doel om oop, uitgebreide en ryk data in te win. Semigestruktureerde onderhoude word gesien as een van die beste maniere om data in te samel omdat die buigbaarheid van dié onderhoude gebalanseer word deur die struktuur en die kwaliteit van die inligting wat daardeur verkry word (Gillham, 2005:70). Wanneer navorsing in die sosiale of ontwikkelingsveld gedoen word, is dit nodig om mense se perspektief en sienings te verkry en te verstaan. Hocking *et al.* (2003:209) is van mening dat semigestruktureerde onderhoudvoering die antwoord hiervoor is. Omdat interaksie openlik tydens onderhoudvoering geskied, kan mense hulle perspektiewe en sienings gemaklik deel. Oor die algemeen word dié onderhoude gebruik om 'n beskrywende beeld te vorm van die deelnemer se oortuigings en persepsies van 'n spesifieke onderwerp (De Vos *et al.,* 2011:351). In hierdie studie is dit van groot belang dat die sienings en persepsies van die mense wat deel uitmaak van die verskillende KSV-programme van die spesifieke maatskappye verstaan word, om sodoende vas te stel hoe die evaluasie van die programme plaasvind, volgens beide die gemeenskap en die maatskappye.

Die voordeel van die balans wat tussen struktuur en oopheid deur semigestruktureerde onderhoude gestel word, lei daartoe dat die interaksie wat ontstaan ryk inligting, en spesifiek persepsies van deelnemers kan peil (Gillham, 2005:79), terwyl inligting wat van verskillende mense ingesamel is ook geïntegreer en vergelyk kan word. Daar is semigestruktureerde onderhoude gevoer met die persone in die onderskeie maatskappye wat in beheer is van die KSV-programme van daardie maatskappye (Daar word na maatskappyverteenwoordigers verwys). Die twee maatskappye is genader en onderhoude is gereël met die persoon(ne) in beheer van KSV en ook spesifiek in beheer van die verskillende programme wat in die studie ondersoek word (daar word na programleiers verwys).

Tydens al die semigestruktureerde onderhoude is daar gebruik gemaak van 'n onderhoudskedule wat uit ses breë, oop vrae bestaan. Die teoretiese stellings wat in die studie geformuleer is, is op grond van ’n paar rigtinggewende argumente gepeil en dien as basis vir dié vrae. Die rigtinggewende argumente en vrae wat as riglyne vir al die semi-gestruktureerde onderhoude, sowel as die fokusgroepe gebruik is, word in tabel 3.3 uiteengesit en lyk soos volg:

*Tabel 3.2 Die onderhoudskedule*

| **Teoretiese stelling waarop vrae gefundeer is** | **Vrae wat aan die maatskappyverteenwoordigers, programleiers en bevoordeeldes gevra is** |
|---|---|
| **Teoretiese Stelling 1**<br><br>Deelnemende evaluasie behoort te getuig van 'n vennootskap waarin daar dialoog gevoer word ten einde verantwoordelikhede en besluitneming te deel. | • Beskryf die kommunikasie tussen die vennote. |
| **Teoretiese Stelling 2**<br><br>Deelnemende evaluasie veronderstel dat alle vennote deelneem aan die fases en fasette van die evaluasieproses. | • Beskryf die rolle van elke vennoot in die evaluasieproses. |
| **Teoretiese Stelling 3**<br><br>Deelnemende evaluasie behoort te getuig van die insameling, inagneming en respektering van plaaslike kennis wanneer die bepaling van indikatore vir die evaluasie in die ontwikkelings-program daargestel word. | • Beskryf die invloed van plaaslike kennis en die gemeenskap se insette tydens evaluasie. |
| **Teoretiese Stelling 4**<br><br>Deelnemende evaluasie behoort te lei tot bemagtiging waar emosionele en motiverende dimensies asook kognitiewe en intellektuele dimensies aangespreek word en waar gemeenskappe in staat gestel word om beheer oor hul eie situasie uit te oefen. | • Hoe word die gemeenskap bemagtig gedurende die evaluasieproses?<br><br>• Tot watter mate word die gemeenskap in staat gestel om eie besluite te neem? |
| **Teoretiese Stelling 5**<br><br>Deelnemende evaluasie behoort 'n behoefte-georiënteerde program te wees waar die | • Verduidelik hoe metodes en aktiwiteite verander na evaluasie plaasgevind het. |

| | |
|---|---|
| implementering van metodes en aktiwiteite voortdurend verander na aanleiding van die gemeenskapslede se insette. | |

Daar sal nou gefokus word op die wyse waarop die spesifieke navorsingsmetodes toegepas is in die studie.

#### 3.4.2.1 Semigestruktureerde onderhoude met die verteenwoordigers van die maatskappye

Die kommunikasie- en openbaresake-bestuurders van Maatskappy X en Maatskappy Y is onderskeidelik gekontak om kennis te maak om die doel en konteks van die studie aan hulle te verduidelik en daarna is daar semigestruktureerde onderhoude met die maatskappyverteenwoordigers gevoer en inligting rakende die evaluasie van die programme is ingesamel. Tydens die semigestruktureerde onderhoude is besluit op verskillende programme wat toepaslik vir die studie is. Uit beide maatskappye is programme wat in ooreenstemmende fokusareas val, aangewys en kon dit dus as ’n eenheid hanteer word. Die kontakbesonderhede van die programleiers van elke geïdentifiseerde program is aan die navorser beskikbaar gestel.

Daarvolgens is daar onderskeidelik met die programleiers van Programme X1, X2, X3 en Y1, Y2 en die *evaluasiemaatskappy* wat deur Maatskappy Y aangestel is, semigestruktureerde onderhoude geskeduleer.

Die maatskappyverteenwoordigers het die persone in beheer van die verskillende gekose programme gekontak om te bevestig dat die programleiers en bevoordeeldes van die programme bereid is om deel te neem aan die studie. Daarna is per e-pos bevestig dat die bestuurders van die onderskeie programme ingestem het en dat hul gekontak kan word; hulle kontakbesonderhede en fisiese adresse is ook aan die navorser verskaf.

#### 3.4.2.2 Semigestruktureerde onderhoude met die programleiers

Daar is deur middel van e-posse en telefoonoproepe met elk van die bogenoemde programleiers gekommunikeer. In die e-pos of telefoniese gesprekke het die navorser die

doel en konteks van die studie verduidelik en ook verduidelik wat van elke program verwag word. Tydens die gesprekke is gereël vir 'n ontmoeting met elke programleier voordat die formele semigestruktureerde onderhoud sou plaasvind, om sodoende die konteks en doel van die studie volkome te begryp. Tydens die ontmoeting is daar vasgestel dat die programleier beskikbaar sal wees vir 'n semigestruktureerde onderhoud en dat hy/sy ook sal reël vir fokusgroeponderhoude met die bevoordeeldes van die onderskeie programme op 'n tyd en plek wat vir hulle van pas is.

Die eerste formele semigestruktureerde onderhoud is gevoer met die programleier van Program Y1. Hierdie onderhoud het plaasgevind by die dansstudio van die program. Die onderhoudskedule het as riglyn gedien vir die verloop van die onderhoud en na 65 minute se onderhoudvoering het die fokusgroep-ontmoeting met die studente, wat bevoordeeldes van Program Y1 is, plaasgevind.

Die tweede semigestruktureerde onderhoud is met die direkteur van al die wiskundevaardigheid-programme, insluitende Program Y2 gevoer. Die onderhoud het in Braamfontein by haar kantoor plaasgevind. Die onderhoud het slegs 30 minute geduur en na afloop daarvan is die programleier van Program Y2 aangewys om dié program te verteenwoordig. Die opeenvolgende dag is 'n semigestruktureerde onderhoud met die programleier gevoer en van daar is daar na die program by 'n skool in Tembisa, 'n gemeenskap naby Braamfontein, gegaan waar die fokusgroep met die leerders plaasgevind het.

Die volgende semigestruktureerde onderhoud is met die evaluasiemaatskappy, wat verantwoordelik vir die evaluasie van programme Y1 en Y2 is, gevoer; hierdie semigestruktureerde onderhoud het ongeveer 45 minute geduur.

Die vierde semigestruktureerde onderhoud is met die uitvoerende direkteur van ’n NRO, waarvan Program X1 deel is, gevoer. Na 50 minute se onderhoudvoering is die navorser verwys na die programleier van Program X1. 'n Tweede semigestruktureerde onderhoud is op die dag gevoer met die programleier, wat 'n breër en meer indiepte-kennis van die program aan die lig gebring het.

Die vyfde semigestruktureerde onderhoud is gevoer met die skakelbestuurder van 'n aantal KSV-programme regoor Suid-Afrika, waarby verskillende maatskappye betrokke is. Hierdie onderhoud het in Brakpan plaasgevind en het 45 minute geduur. Tydens die onderhoud is beluit dat Program X2, wat een van die programme is wat deur Maatskappy X ondersteun word, besoek sou word; die program se kontakbesonderhede is beskikbaar gestel en daar is

vandaar gereël vir 'n fokusgroep-ontmoeting met die bevoordeeldes van die program wat in Khutsong geleë is.

Die laaste semigestruktureerde onderhoud is gevoer met die programleier van die Program X3. Hierdie onderhoud het 60 minute geduur en die fokusgroep van hierdie program het op 'n latere stadium in Potchefstroom plaasgevind, terwyl die bevoordeeldes almal daar was vir wiskunde-opleiding.

Die persepsies van die bevoordeeldes is belangrik om die werklike aard van die evaluasie van elke program te verstaan. Dieselfde onderhoudskedule wat tydens die semigestruktureerde gebruik is, is tydens die fokusgroepe as riglyn gebruik (Sien Tabel 3.3). Hierdeur is dieselfde vrae aan die bevoordeeldes gevra en kon inligting maklik vergelyk word. Die tabel lyk soos volg:

***Tabel 3.3: Konsepte en konstrukte***

| **Konsepte van Deelnemende Evaluasie** | **Sekondêre konsep** | **Konstruk** |
|---|---|---|
| **Vennootskap** | • Gesprek | ➢ Dialoog<br>➢ Oopheid<br>➢ Interaksie<br>➢ Indiepte-kennis van die ontwikkelingsisteem<br>➢ Gelyke regte om te praat en gehoor te word |
| | • Geleentheid | ➢ Om nuwe doelwitte en inisiatiewe daar te stel<br>➢ Om behoeftes en verwagtinge uit te lig |

| | | |
|---|---|---|
| | • Verantwoordelikheid | ➢ Verantwoordelikhede, prioriteite en oplossings in die vennootskap gedeel en geïmplementeer<br>➢ Gee en ontvang (lojaliteit)<br>➢ Wedersydse respek |
| | • Deelnemende besluitneming | ➢ Alle vennote word geken in die besluitneming van die hoeveelheid tyd en aandag wat daar aan die ontwikkeling en evaluasie spandeer gaan word<br>➢ Voorsiening in beide se behoeftes<br>➢ Selfvertroue word gebou |
| **Deelname/ Betrokkenheid** | • Doelwitte | ➢ Stel eie doelwitte en inisiatiewe wat in program gebruik gaan word daar |
| | • Data-insameling | ➢ Data-insameling en metodes moet in die groep (vennootskap) bespreek word |
| | • Besluitneming | ➢ Neem deel aan die verskillende prosesse van besluitneming |

| | | |
|---|---|---|
| **Inagneming van plaaslike kennis** | • Inagneming | ➢ Plaaslike kennis moet in ag geneem word |
| | • Indikatore | ➢ Indikatore in die evaluasieproses moet deur plaaslike mense bepaal word |
| **Bemagtiging** | • Selfonderhoud | ➢ Bemagtig om beheer te neem om self welstand te kan verbeter |
| | • Kognitiewe en intellektuele dimensies | ➢ Mense begin vir hulself praat en hul stemme word gehoor<br>➢ Tweerigting-, interaktiewe kommunikasie |
| | • Bestaande hulpbronne<br>○ Natuurlik<br>○ Vaardighede | ➢ Maak staat op hulle natuurlike en kulturele omgewing<br>➢ Maak staat op eie hulpbronne soos lede uit die gemeenskap se energie |
| **Verandering** | • Aksie | ➢ Aksie word geneem teenoor probleme wat tans ondervind word in ontwikkelingsproses |
| | • Implementering van metodes | ➢ Verandering in die implementering van metodes |

| | | |
|---|---|---|
| | • Behoefte-georiënteerd | ➢ Meer behoefte-georiënteerd (Verandering in fokus en uitvoering van program) |
| | • Gemeenskapsbydrae | ➢ Gemeenskap lewer insette by identifisering van probleme en oplossings |

### 3.4.3 Fokusgroepe

Daar is verskeie maniere om groepsonderhoude te voer, waarvan fokusgroepe een is. Fokusgroepe verskil van die ander omdat dit *gefokus* is. Gillham (2005:65) redeneer dat fokusgroepe op twee maniere *gefokus* is:

- Deur die spesifieke identifisering van die onderwerpe wat bespreek gaan word
- Deur die samestelling van die groep, in die sin dat al die deelnemers belange of ervaring het van die onderwerp(e), en ongeveer gelyk is in ander relevante sake (bv. geletterdheid en omstandighede van die respondente is dieselfde).

Daar is verskillende beperkinge en nadele van groepsonderhoude wat nie *gefokus* is nie, byvoorbeeld 'n ongelyke samestelling van 'n groep wat kan lei tot dominering in die gesprekke. Dit kan ook die struikelblok van verskillende vlakke van geletterdheid en taalvoorkeure meebring, aangesien skaam en ongeletterde persone geleentheid ky om hul opinies ook te lug (Stewart *et al.,* 2007:43). Met fokusgroepe word hierdie beperkinge en nadele uit die weg geruim deur beplanning van die onderwerp en die keuse van deelnemers.

Fokusgroepe word sedert die 1980's gebruik en het sedertdien vinnig versprei en bekend geword in talle navorsingsvelde (Macnaghten & Myers, 2004:65). 'n Fokusgroep is 'n groepsbespreking van agt tot twaalf persone wat kennis oor dieselfde onderwerpe deel (sien paragraaf 1.8.4). Fokusgroepe word in die sosiale konteks gebruik vir onderwerpe waaroor mense met mekaar kan praat in die daaglikse gang van hul lewens, maar dit sluit meestal onderwerpe in waaroor hulle nie juis in hul alledaagse gesprekke praat nie (Macnaghten & Myers, 2004:65). Dit gaan met ander woorde oor onderwerpe waarvan almal bewus is en belang by het, maar nie noodwendig met mekaar oor gesels nie. As hulle egter in die situasie van 'n fokusgroep kom, waar die gedagtes rondom dié onderwerp(e) gestimuleer

word, sal daar moontlik gemaklike gesprekke daaroor kan begin. Fokusgroepe is voordelig omdat dit baie buigbaar is; daar is nie 'n vasgestelde soort onderwerp of tipe mense of situasies en plekke waarin dit moet geskied nie - dit kan by 'n groot verskeidenheid geleenthede, doelwitte en onderwerpe gebruik word (Stewart *et al.*, 2007:43). Die navorser kan gedurende fokusgroepe die onderwerpe waaroor gepraat word, peil en beheer deur gekonsentreerde hoeveelheid inligting spesifiek oor die verlangde onderwerp in te bring in die gesprek (Morgan, 1997:13). Fokusgroepe kan ook lei tot gesprekke wat inligting bevat wat nie deur suiwer waarneming of voorafgestelde vraelyste na vore sou kom nie (Hocking *et al.,* 2003:209). Deelnemers behoort gemaklik te voel tydens die fokusgroepontmoeting en vrylik en oop te gesels. 'n Rede hiervoor is die oop terugvoerformaat wat daargestel word deur fokusgroepe (Stewart *et al.,* 2007:42). Die deelnemers kan dus ook deelneem aan die gesprek en is in staat om van ander se opinies te verkil of dit te beaam (Hocking *et al.,* 2003:209). Die navorser behoort hierdeur dieper betekenisse en ervaringe van sekere aspekte in hierdie studie te kan identifiseer (Leslie, 2010:57).

In die studie is relevante, alledaagse situasies waarby die respondente betrokke is, ondersoek. Daar is gekyk na hoe die programme waarby hulle betrokke is geëvalueer word en hoe hulle deel daarvan is. Dit is moontlik nie 'n onderwerp waaroor daar spontaan gesels word nie, maar almal word geraak deur die program en spesifiek deur die evaluasie van die program, en dus het daar gemaklike gesprekke daarrondom gevorm tydens die fokusgroepe.

By die programme wat ondersoek is, is baie van die persone ongeletterd, en die gemaklike geselsomgewing het hulle aangemoedig om hul perspektiewe te deel. Wanneer daar oor die evaluasie van die KSV-programme gesels is, is almal wat deel is van die fokusgroep vanselfsprekend geraak en daarom het almal saam gesels en hulle opinies gemaklik gelewer.

Fokusgroeponderhoude beperk nie deelnemers tot een onderwerp nie (Leslie, 2010:57). Tydens die fokusgroepe met de bevoordeeldes het verskeie temas en sienings rondom evaluasie na vore gekom en is dit bespreek as deel van die fokusgroeponderhoud. Hoewel die onderwerp van al die fokusgroepbesprekings dieselfde is in die studie, verskil die opset en individue van die programme van mekaar, en dus is daar tydens elke fokusgroeponderhoud verskillende temas aan die lig gaan bring. ’n Laaste rede waarom fokusgroepe gebruik is in die studie, gaan oor die feit dat fokusgroepe 'n redelike vinnig en goedkoop manier is om kwalitatiewe inligting te bekom (Hocking *et al.,* 2003:209; Leslie, 2010:57).

Die bogenoemde eienskappe en voordele van fokusgroepe beklemtoon die redes waarom dié navorsingsmetode geskik is vir die empiriese afdeling van hierdie studie. Die afleiding word gemaak dat fokusgroepe die beste manier is om volle deelname, ryk inligting en perspektiewe vanaf die bevoordeeldes oor die evaluasie van die KSV-programme te kon bekom. Die maatskappyverteenwoordigers het op grond van hulle kennis en insig in die programme die deelnemers gekies en die fokusgroepe gereël.

#### 3.4.3.1 Fokusgroepe met bevoordeeldes van Maatskappy X

Die eerste fokusgroepontmoeting het by Program X2 in Khutsong, 'n gemeenskap net buite Carletonville, plaasgevind. Daar is reëlings met die bestuurder van die program getref en die fokusgroep het by hulle bakkery plaasgevind waar 10 vroue, wat bevoordeeldes van die program is, deelgeneem het aan die fokusgroepbespreking.

Die tweede fokusgroepontmoeting is met die bevoordeeldes van Program X1 gehou. Hierdie program is geleë in Jouberton, 'n baie groot gemeenskap net buite Klerksdorp. Die fokusgroepbespreking het in die kerksaal van die gemeenskap plaasgevind aangesien dit 'n sentrale punt is waar al die bevoordeeldes maklik die bespreking kon bywoon. Daar was 12 vroue wat as verpleegkundiges werk vir Program X1, wat deelgeneem het aan die fokusgroepbespreking.

Die volgende fokusgroep is gehou op die NWU Potchefstroomkampus. By hierdie fokusgroep was daar 12 studente van Program X3 betrokke. Die studente is geselekteer deur die organiseerder van die projek op grond van hul gewilligheid om deel te neem aan die navorsing. Die studente kom vir kwartaallikse besoeke na die NWU Potchefstroomkampus waar hulle wiskunde- en wetenskaponderrig ontvang. Daar is vooraf reëlings getref dat die geselekteerde studente na afloop van die onderrig op kampus sal bly vir die fokusgroepbespreking.

#### 3.4.3.2 Fokusgroepe met bevoordeeldes van Maatskappy Y

'n Fokusgroep is met die bevoordeeldes van Program Y1 gehou. Hierdie bevoordeeldes bestaan uit studente wat dansers is. Daar het 10 studente deelgeneem aan die fokusgroep wat in een van hul dansstudio's in Newtown, Johannesburg plaasgevind het. Die groep studente is gekies omdat die ander dansers reeds professioneel dansklasse aanbied en hulself nie meer as bevoordeeldes van die program sien nie, en dus nie ingestem het om

deel te neem aan die navorsing nie.

Die vyfde fokusgroepbespreking het plaasgevind in Tembisa by die skool van die bevoordeeldes van Program Y2. Die bespreking het direk na skool plaasgevind en daar was 11 leerders betrokke. Al die betrokke leerders is graad 11-leerders. Daar is 15 leerders wat deel uitmaak van die bevoordeeldes van die program, maar vier van die leerders kon, weens ander verpligtinge, nie aan die fokusgroepbespreking deelneem nie.

Die onderhoudskedule is in al die bogenoemde fokusgroepe gebruik om leiding en rigting te gee aan die gesprekke wat gevorm is. Die navorser het die vraag aan die bevoordeeldes gevra en daar was geleentheid vir die groep om die vraag onder mekaar te bespreek, sodoende is die gesprekke tydens die fokusgroeponderhoude deur dié vra gestruktureer en gelei, sonder dat die navorser deel geneem het aan die bespreking. Tydens al die bogenoemde onderhoude is veldnotas gemaak, en onderhoude is opgeneem en getranskribeer.

Tydens die empiriese deel van die studie wat nou bespreek is, het daar verskillende struikelblokke na vore gekom wat oorbrug moes word..

### 3.5 STRUIKELBLOKKE

Die eerste struikelblok is die feit dat daar probleme ervaar is om instemming vanaf finansiële maatskappye te verkry om aan die studie deel te neem, maar daar is wel daarin geslaag om twee maatskappye te kry met 'n verskeidenheid van programme. Sodoende het die betrokke maatskappye genoegsame inligting vir die studie gebied. Die volgende probleem is die beperkte kommunikasiemiddels van verskillende gemeenskappe wat besoek is: daar was dikwels net een kontakpersoon met een telefoon. Dit het in een geval gebeur dat die (een) persoon met die selfoon vergeet het om te reël vir bevoordeeldes wat kon deelneem aan 'n fokusgroep, en sodoende is enige mense van die straat af genooi om op die dag deel te neem aan die fokusgroepbespreking. Die fokusgroepbespreking was uiteindelik nie toepaslik op die studie nie omdat die groep wat deelgeneem het, nie op dieselfde vlak in terme van geletterdheid en ouderdomme was nie en ook nie gemeenskaplike belange en ervarings van die onderwerp gehad het nie. Die probleem moes oorkom word deur 'n tweede fokusgroepontmoeting te reël in die gemeenskap met die direkte bevoordeeldes van die KSV-program. Hoewel die eerste fokusgroep ongepas was vir die studie se navorsingsresultate, het daar wel inligting na vore gekom wat die navorser meer begrip en

kennis van die gemeenskap en hulle omstandighede gegee het.

Die laaste probleem is die manier waarop die KSV-programme geselekteer is. Die moontlikheid ontstaan dat daar vooroordeel in die seleksie van programme kon wees, aangesien die maatskappyverteenwoordigers in sommige gevalle die programme gekies het en die navorser nie by die proses van identifisering betrokke was nie. Die navorser was betrokke by die seleksie van programme wat deel uitmaak van Maatskappy Y se KSV, maar nie by die seleksie van programme by Maatskappy X nie.

### 3.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar eerstens aangetoon waarom daar op 'n kwalitatiewe navorsingbenadering besluit is. Daarna is dié navorsingsbenadering omskryf en die spesifieke navorsingsmetodes wat gebruik is in die studie is bespreek. Daar is aangetoon waarom elk van die spesifieke navorsingsmetodes gekies is en waarom dit gepas vir die betrokke studie is. Daar is verduidelik hoe die kwalitatiewe inhoudsanalise gebruik is om die ingesamelde inligting te verwerk en hoe daar te werk gegaan is om hierdie inligting in te samel deur die verskeie metodes. Struikelblokke wat ervaar is gedurende die studie is laastens in die hoofstuk bespreek.

Na die afloop van 'n uiteensetting van hoe die studie uitgevoer is, sal die resultate vanuit die navorsing in die volgende hoofstuk aan die orde kom.

# HOOFSTUK 4

# RESULTATE

## 4.1 INLEIDING

In hoofstuk 3 is aangetoon hoe die empiriese navorsing van hierdie studie beplan, georganiseer en uitgevoer is, asook hoe die ingesamelde inligting verwerk is. In hierdie hoofstuk word die inligting wat deur die semigestruktureerde onderhoude en fokusgroepe en ook deur die beskikbare dokumente ingesamel is, en daarna deur kwalitatiewe inhoudsanalise geanaliseer is, bespreek.

In hoofstuk 2 is aangetoon dat deelnemende evaluasie 'n belangrike komponent van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie is (sien afdeling 2.5). Nadat deelnemende evaluasie bespreek is, is aangedui dat deelnemende evaluasie van die volgende beginsels behoort te getuig:

- Vennootskap;
- Betrokkenheid;
- Plaaslike kennis;
- Bemagtigingsdoelwitte en
- Verandering.

Hierdie beginsels is gebruik om die inligting wat deur die onderhoude, fokusgroepe en dokumente ingesamel is, te struktureer en te analiseer. 'n Kort oorsig oor elkeen van die betrokke programme sal eers gegee word sodat die konteks van die verskillende programme duidelik word en om ’n oorsig oor die aard van die evaluasieprosesse van die programme te verskaf.

## 4.2 KONTEKS VAN PROGRAMME

In hierdie studie is daar vyf programme, soos reeds bespreek is in afdeling 1.3, ondersoek, wat deel uitmaak van die twee betrokke maatskappye (Maatskappye X en Y) se KSV-inisiatiewe. Daar is ook ondersoek ingestel na die *evaluasiemaatskappy* wat deur Maatskappy Y aangestel is om die evaluasie van die KSV-programme te behartig. In al die

programme is daar twee prominente kommunikasiekanale gevind – die eksterne kommunikasie tussen die bevoordeeldes en die maatskappy en die interne kommunikasie tussen die bevoordeeldes en die programleier.

**Program X1**

Program X1 is die program waar vroue uit die gemeenskap opgelei word om verpleegsters en verpleegkundiges te word wat na Vigs-pasiënte omsien. Volgens die KSV-Jaarverslag van Maatskappy X is daar baie fondse vir hierdie program (en soortgelyke programme in dieselfde fokusarea) beskikbaar gestel. Die rede wat die maatskappy hiervoor aanhaal is die feit dat MIV lei tot armoede en ongeletterdheid omdat die las van die geïnfekteerdes uiteindelik op die kinders in die familie rus. Dit lei daartoe dat kinders gedwing word om tuis te bly om na die siekes om te sien, en dus verhoed word om skool toe te gaan en skoolopvoeding te geniet (Maatskappy X Jaarverslag, 2011:12 en 30-31).

Die kontrak wat onderteken word deur die bevoordeeldes met hulle aansluiting tot die program beklemtoon dat elke bevoordeelde onder ’n senior bevoordeelde sal werk en dat alle probleme, struikelblokke of navrae aan dié bevoordeelde gerig moet word. Uit dié kontrak, kan ook afgelei word dat die bevoordeeldes se werkskedules en roetines reeds vasgestel is en dat hulle aanvaar om daarvolgens te werk (Kontrak van Program X1, 2011: afdeling 7.1).

Maatskappy X maak grootliks staat op die verslae wat een keer 'n kwartaal deur die programleiers ingestuur word om hierdie program mee te evalueer. Daaruit sien hulle die behoeftes van die bevoordeeldes en programleier en spreek dit ooreenkomstig aan (Maatskappyverteenwoordiger, 2011). Die maatskappyverteenwoordiger het ook beklemtoon dat die verslae dié doel in al die programme dien, dus word die verslag in Program X2 en X3 ook gebruik om die behoeftes van die bevoordeeldes vas te stel en sodoende aan te spreek.

**Program X2**

Program X2 lei vroue uit 'n arm gemeenskap op om brood, koekies en ander lekkernye te bak. Hulle word voorsien van 'n infrastruktuur om 'n bakkery in hulle gemeenskap te open en te onderhou. Program X2 is 'n uitsondering tussen die KSV-programme van Maatskappy X omdat 'n ontwikkelingsinstansie hulle eie evaluasiesisteme daarstel en uitvoer. Die ontwikkelingsinstansie het baie soortgelyke programme regoor Suid-Afrika en is al baie jare

in die bedryf (Beleidsdokument van ontwikkelingsinstansie, 2011:1). Maatskappy X het hulle aangestel oor die program en voorsien net in die finansiële behoeftes van die program. Die ontwikkelingsinstansie hanteer dus al die prosesse in die program, insluitende die evaluasieproses (Programleier, 2011).

Uit die dokumentasie wat deur die programleier (die bestuurder van die ontwikkelingsinstansie) beskikbaar gestel, word duidelik uiteengesit dat elke KSV-program unieke evaluasiemetodes en –prosesse het. Maatskappy X maak egter slegs staat op die verslae wat een keer 'n kwartaal deur die programleier ingestuur word om hierdie program mee te evalueer.

**Program X3**

Program X3 fokus op die verbetering van wiskunde- en wetenskapsvaardighede van onderwysers van skole uit arm gemeenskappe. Hierdie program werk op 'n vasgestelde wiskunde- en wetenskapkurrikulum. Volgens die maatskappyverteenwoordiger is die enigste doel van die programme om bevoordeeldes se wiskunde- en wetenskapvaardighede te verbeter en om sodoende toe te sien dat die slaagsyfer van die skole waarby die bevoordeeldes betrokke is, verhoog.

In die KSV-Jaarverslag van Maatskappy X word Program X3 wel genoem, maar spesifieke inligting oor hierdie program ontbreek. Daar word slegs melding gemaak van die feit dat Maatskappy X 'n finansiële bydrae lewer tot die program, maar hulle betrokkenheid andersins word nie bespreek nie. Maatskappy X maak grootliks staat op die verslae wat een keer per kwartaal deur die programleier ingestuur word vir die evalusie van hierdie program (Maatskappy X Jaarverslag, 2011:2).

**Program Y1**

Die fokus van Program Y1 is mentorskap- en onderrig-ontwikkeling van dans vir die jeug. om jeugdiges met danstalent as professionele dansers op te lei en ook ander gemeenskapslede te kan oplei om professioneel te kan dans (Inligtingsblad, Program Y1, 2012:2).

In die brosjure/inligtingsblad van Program Y1 word verduidelik dat die program bevoordeeldes in staat stel om ekonomiese wins uit die kunsindustrie te genereer. Volgens

die beleidsdokument van Maatskappy Y ondersteun die kuns, kultuur en erfenis-KSV-programme jeug uit gemeenskappe om verskillende kultuurdissiplines onder die knie te kry. Hierdie dissiplines sluit musiek, dans, drama en visuele kuns in. Hierdie program word op drie verskillende wyses geëvalueer: Daar bestaan maandelikse groepbesprekings rondom die groei en probleme van die program. Tydens hierdie bespreking word spesifieke en lukrake vrae bespreek. Die tweede evaluasieproses is 'n een-tot-een gesprek tussen elke bevoordeelde en die programleier. By laasgenoemde is die maatskappy nie betrokke nie terwyl die maatskappyverteenwoordiger gereeld die eergenoemde evaluasieproses bywoon. Die laaste evaluasieproses vind deur 'n evaluasiemaatskappy plaas en Maatskappy Y is ook nie hier betrokke nie.

**Program Y2**

Program Y2 fokus op die verbetering van wiskundevaardighede van graad 12-leerders van skole in arm gemeenskappe. Hierdie program werk op 'n vasgestelde wiskundekurrikulum. Volgens die beleidsdokument van Maatskappy Y ondersteun die maatskappy 'n verskeidenheid van inisiatiewe wat op die verbetering van wiskundevaardighede fokus, onder andere Universiteitsprogramme, Beurse en Uitreikprogramme wat deur onafhanklike skole geïnisieer word (Beleidsdokument, Maatskappy Y, 2011:14). Hierdie program word op grond van vasgestelde vrae deur beide die programleier en die valuasiemaatskappy geëvalueer.

***Evaluasiemaatskappy***

In die beleidsdokument, sowel as die jaarverslag van Maatskappy Y is verduidelik dat die maatskappy ander instansies gebruik, wat reeds goeie en gewaarborgde modelle in plek het om elke program se spesifieke behoeftes aan te spreek. 'n Groot deel van maatskappy Y se KSV-fonds word in dié eksterne instansies, soos die evaluasiemaatskappy belê. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat Maatskappy Y gebruik maak van die evaluasiemaatskappy en baie staatmaak op die terugvoer van dié maatskappy af (Jaarverslag, Maatskappy Y, 2011:13).

Uit die bogenoemde inligting word daar geskets hoe die KSV-programme van die verskillende maatskappy geëvalueer word en hoe die maatskappy daarby betrokke is. Die volgende afdeling van die studie sal fokus op hoe die bevoordeeldes die evaluasie van die

programme sien en beleef.

## 4.3 BESPREKING VAN RESULTATE

Soos daar reeds bespreek is, is relevante konsepte en konstrukte, deur middel van die literatuurstudie onder elk van die beginsels wat uiteengesit is onder deelnemende evaluasie, geïdentifiseer (Sien paragraaf 3.4.).

Daar is eerstens sekondêre konsepte onder elke beginsel geïdentifiseer wat die areas van belangrikheid aantoon. Onder elkeen van dié sekondêre konsepte is konstrukte gevorm, wat in die tabelle by die bespreking van elke konsep gevind kan word. Hierdie tabelle is tydens elke onderhoud en fokusgroepbespreking byderhand gehou om te verseker dat al die aspekte van elke konsep bespreek word en belangrike inligting nie verlore gaan nie. Die geanaliseerde inligting wat vanaf die maatskappye, programleiers en bevoordeeldes ingesamel is, sal nou aan die hand van die sekondêre konsepte bespreek word. Elke program sal een vir een volgens hierdie konsepte bespreek word. Die betekenis en belangrikheid van die konstrukte sal ook deurlopend duidelik word.

Die eerste konsep wat bespreek word, is *vennootskap.*

### 4.3.1. VENNOOTSKAP

Dit is van belang dat daar 'n vennootskap bestaan tussen die korporatiewe maatskappye en die bevoordeeldes van die KSV-program. Die eerste teoretiese stelling wat in hoofstuk 2 (sien afdeling 2.5.1) gevorm is, veronderstel dat hierdie vennootskap gelyke geleentheid aan alle vennote, veral die gemeenskapslede, behoort te bied om te gesels en opinies te deel en ook om verantwoordelikhede en besluitneming onder hulle te verdeel. Hierdie vennootskap

**Konsepte en konstrukte van Vennootskap**

**Gesprek**

- Dialoog
- Oopheid
- Interaksie
- Indiepte-kennis van die ontwikkeling-sisteem
- Gelyke regte om te praat en gehoor te word

**Geleentheid**

- Om nuwe doelwitte en inisiatiewe daar te stel
- Om behoeftes en verwagtinge uit te lig

**Verantwoordelikheid**

- Verantwoordelikhede, prioriteite en oplossings in die vennootskap gedeel en geïmplementeer
- Gee en ontvang (lojaliteit)
- Wedersydse respek

**Deelnemende besluitneming**

- Alle vennote word geken in die besluitneming van die hoeveelheid tyd en aandag wat daar aan die ontwikkeling en evaluasie spandeer gaan word
- Voorsiening in beide se behoeftes
- Selfvertroue word gebou

behoort dus die volgende eienskappe (sekondêre konsepte) in te sluit: **Gesprek**; **Geleentheid**; **Verantwoordelikheid** en **Deelnemende besluitneming**.

Aan al die bogenoemde betrokkenes is dieselfde vraag gevra, naamlik:

> *"Beskryf die kommunikasie tussen die vennote."*

#### 4.3.1.1 Vennootskap: Program X1

**A. Gesprek**

Die programleier van Program X1 was baie ontsteld oor die kommunikasie tussen haar en Maatskappy X. Sy het gesê:

> *Daar is nie eers kommunikasie om te beskryf nie, ek kry net al die vereistes en ek moet verslae skryf, ek weet nooit of wat ek doen reg of verkeerd is nie.*

Tydens die semigestruktureerde onderhoud met die maatskappyverteenwoordiger is hierdie stelling bevestig deur die verteenwoordiger se onmiddellike en enigste verwysing na die kwartaallikse verslae. Omdat die verslae die enigste vorm van gesprek tussen die twee partye is, is dit duidelik dat daar nie oop en interaktiewe kommunikasie plaasvind nie.

Die programleier en die maatskappyverteenwoordiger is albei van mening dat daar nie gereelde programbesoeke plaasvind nie, en die programleier beklemtoon dit deur die volgende stelling:

> *Behalwe vir die verslae elke kwartaal, het maatskappy X my net een maal besoek, en dit was jare terug, ek dink nie eers hulle kan onthou waar ons geleë is nie.*

Die ongereelde programbesoeke en gebrek aan interaktiewe, tweerigting-kommunikasie het tot gevolg dat die maatskappy nie indiepte-kennis van die ontwikkelingssisteem het nie. Hierdie bevindinge is direk teenstrydig met die KSV-Jaarverslag van Maatskappy X, wat veronderstel dat KSV tans nie meer slegs gaan oor die bydrae van finansies nie, maar ’n baie meer betrokke, empatiese en geïntegreerde proses is. In dié verslag word die belangrikheid van kommunikasie en deursigtigheid beklemtoon en dialoog word gemotiveer om betrokkenheid te bewerkstellig (Maatskappy X, Jaarverslag, 2011:30-31).

Tydens die fokusgroep was dit duidelik dat daar geen kommunikasie tussen Maatskappy X en die bevoordeeldes is nie en die volgende woorde van een van die bevoordeeldes het dit

bevestig:

*Hulle praat maar net met die programleier en sy kom sê weer vir ons.*

Die maatskappyverteenwoordiger het ook bevestig dat daar geen direkte kommunikasie tussen haar en die bevoordeeldes is nie. Hieruit is dit duidelik dat alle kommunikasie vanaf en na die bevoordeeldes deur 'n filter gaan, en die gevolg hiervan is dat kommunikasie nie oop, interaktief en gelyk is nie.

Tydens die fokusgroep met die bevoordeeldes het dit eers geblyk of daar baie geleentheid vir kommunikasie met die programleier is, maar die meerderheid van die fokusgroep se persepsies dui daarop dat die kommunikasie dominerend en eenrigting is. Die programleier is egter oortuig dat die kommunikasie tussen haar en die bevoordeeldes oop, interaktief en op 'n gereelde basis plaasvind. Sy het dit bevestig met die volgende woorde:

*Ek sien hulle almal elke dag en ek weet presies wat aangaan in hulle lewens.*

Dié wanpersepsie wat die programleier het, beklemtoon die feit dat daar nie dialoog tussen die twee partye plaasvind nie. Die gebrek aan interaksie is die oorsaak van hierdie wanpersepsie en lei daartoe dat die programleier nie bewus is van die bevoordeeldes se indruk van ongelyke regte om te praat en gehoor te word nie.

**B. Geleentheid**

In Program X1 is dit reeds uit die bogenoemde duidelik daar geen kommunikasie tussen die bevoordeeldes en die maatskappy en ook nie tussen die programleier en die maatskappy plaasgevind het nie; die bevoordeeldes se persepsie is ook dat die kommunikasie tussen hulle en die programleier grootliks eenrigting is. Dit bring mee dat die bevoordeeldes van mening was dat hulle behoeftes nie deur middel van die verslae aan die maatskappy gekommunikeer word nie en sodoende nie aangespreek word nie. Een van die respondente het dit soos volg gestel, en die ander het beaam wat sy gesê het:

*Sy is baie lief vir die pasiënte wat ons oppas, maar sy ken nie vir ons nie, sy sien nie ons swaarkry nie.*

Omdat die bevoordeeldes en die programleier nie gelyke insette in die kommunikasie met die maatskappy het nie en daar eerder deur middel van 'n vasgestelde verslag gekommunikeer word, is daar nie vir die programleier of vir die bevoordeeldes geleentheid om nuwe doelwitte en inisiatiewe vir die program of die evaluasie daar te stel nie.

### C. Verantwoordelikheid

Deur al die onderhoude en fokusgroepe met die betrokkenes van Program X1 is die gebrek aan gedeelde verantwoordelikheid kenmerkend. Omdat daar nie gesprekke plaasvind tussen die maatskappyverteenwoordiger en die bevoordeeldes nie, en die kommunikasie tussen die programleier en die bevoordeeldes meestal eenrigting is, word verantwoordelikhede, oplossings en prioriteite van die program nie bespreek of gedeel nie.

### D. Deelnemende besluitneming

Die bevoordeeldes van Program X1 het genoem dat hulle nie die vrymoedigheid het om vir die programleier 'n "please call me" (gratis boodskap wat ’n persoon deur sy/haar selfoonnetwerk kan stuur met die versoek dat die ontvanger hom/haar sal bel) te stuur nie. Die rede hiervoor blyk te wees dat daar al talle klagtes opgegee is aan die programleier, maar daar is nie gereageer nie of die oplossings was nie gepas nie. 'n Voorbeeld wat genoem is, het gegaan oor die behoefte aan veiligheid vir die bevoordeeldes. Die bevoordeeldes meen dat hulle gevaarlike paaie stap en dat hulle bang is. Hulle sê dat na talle klagtes daar uiteindelik gereageer is, maar die oplossing was nie wat die bevoordeeldes sou voorstel nie. In plaas daarvan om hulle skedules aan te pas, sodat die paaie liewer in daglig gestap word, het die maatskappy hulle verbied om alleen te loop; hulle moet nou in 'n groep na hulle verskillende punte toe stap. Die gevolg hiervan was dat hulle nie by al hulle rondtes uitkom nie, want dit neem langer omdat almal nie noodwendig in dieselfde rigting hoef te stap nie.

Hieruit word gesien dat nadat daar talle klagtes oor die veiligheid van die bevoordeeldes ingedien is, is daar uiteindelik 'n besluit geneem, maar die bevoordeeldes is nie geken in die besluitnemingsproses nie. Die gevolg hiervan was dat daar nie in die behoeftes van die bevoordeeldes voorsien is nie en dat die oplossing tot verdere probleme gelei het.

**Gevolgtrekking oor vennootskap: Program X1**

Uit die bogenoemde besprekings is dit duidelik dat daar **nie gesprekke** plaasvind tussen die maatskappyverteenwoordiger en die bevoordeeldes van die program nie en dat daar dus nie gelyke regte vir al die betrokkenes is om te praat en gehoor te word nie; dit bring mee dat daar **weinig geleentheid** vir die bevoordeeldes is om hulle behoeftes te kommunikeer, en daar is ook nie baie geleentheid om nuwe inisiatiewe en doelwitte daar te stel nie. Daar vind geen interaktiewe kommunikasie met die maatskappy plaas nie; indien daar wel met die maatskappy geskakel word, neem die bevoordeeldes nie deel aan die gesprekke nie en geskied dit in die vorm van 'n geskrewe verslag. Hoewel die programleier en die

bevoordeeldes 'n redelike verhouding handhaaf, lyk dit nie of daar ten alle tye tweerigtingkommunikasie in die verhouding teenwoordig is nie. Die bevoordeeldes deel glad **nie in verantwoordelikhede** om prioriteite en oplossings daar te stel nie. Hulle neem ook **nie deel aan die besluitneming** rakende enige van die prosesse in die program nie. Aangesien daar nie ten volle aan die vereistes van gesprek, geleentheid en gedeelde besluitneming en verantwoordelikheid voldoen word nie, kan die afleiding gemaak word dat daar nie 'n vennootskap (soos in dié studie gedefinieer) bestaan tussen Maatskappy X en Program X1 nie.

#### 4.3.1.2 Vennootskap: Program X2

##### A. Gesprek

Die programleier van Program X2 meen dat daar 'n oop kommunikasiekanaal tussen haar en Maatskappy X is. Sy het die volgende gesê oor die kommunikasie:

> *Ek praat op baie gereelde basis met Maatskappy X, ek en die verteenwoordiger van die maatskappy het 'n goeie verhouding deur die jare opgebou.*

Die maatskappyverteenwoordiger het ook bevestig dat sy en die programleier gereeld praat; hieruit lyk dit asof die kommunikasie tussen die programleier en die maatskappy-verteenwoordiger 'n oop en interaktiewe dialogiese proses is.

Uit die fokusgroep en semigestruktureerde onderhoude kan afgelei word dat daar geen direkte kommunikasie tussen die bevoordeeldes en Maatskappy X plaasvind nie. Volgens die programleier is dit nie nodig dat die bevoordeeldes met die maatskappy hoef te kommunikeer nie. Sy het die volgende stelling gemaak:

> *Ek sou myself en my span beskryf as die skakelpersoon tussen die twee 'vennote', want indirek praat die twee entiteite gereeld met mekaar – deur my en my span.*

Die wyse waarop die bevoordeeldes en die maatskappy kommunikeer, bestaan nie uit dialoog wat oop en interaktief is nie, omdat die kommunikasie tussen die maatskappy-verteenwoordiger en die betrokkenes ten alle tye deur 'n filter gaan en nie direk plaasvind nie. Die gebrek aan interaksie bring mee dat daar nie gelyke geleenthede om te praat en gehoor te word, bestaan nie.

Volgens die programleier vind daar goeie kommunikasie tussen haar en die bevoordeeldes plaas en sy besoek die program op 'n gereelde basis. Die bevoordeeldes deel dieselfde

gevoel teenoor die kommunikasieproses tussen hulle en die programleier en het bevestig dat die proses interaktief van aard is. Hierdie interaktiewe kommunikasie skep geleentheid vir oop dialoog en gelyke regte om te praat en gehoor te word.

### B. Geleentheid

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat Maatskappy X nie werklik betrokke is by die funksionering van Program X2 nie, omdat dit deur die aangestelde ontwikkelingsinstansie bestuur word. Die bevoordeeldes se behoeftes en vordering word slegs deur die programleier aan die maatskappy oorgedra wat impliseer dat daar nie direkte kommunikasie tussen die twee partye is nie. Aangesien die kommunikasie tussen die bevoordeeldes en die maatskappy deur 'n filter gaan, bestaan daar nie geleentheid vir die bevoordeeldes om hulle behoeftes direk aan Maatskappy X te kommunikeer nie.

Beide bevoordeeldes en die programleier het dit duidelik gestel dat daar baie geleentheid is vir die bevoordeeldes om hulle behoeftes te kommunikeer en ook om nuwe inisiatiewe daar te stel. Dit is ook duidelik dat daar in hulle behoeftes voorsien word en hulle inisiatiewe steeds gehoor en toegepas word deur middel van hulle kommunikasie met die programleier.

### C. Verantwoordelikheid

Die bevoordeeldes en die programleier het onderskeidelik beklemtoon dat verantwoordelikhede in die program onder hulle verdeel word. Elke party weet hy is verantwoordelik vir sekere sake en dit lyk of daar altyd duidelikheid is oor die verantwoordelikhede.

Daar bestaan egter glad nie gedeelde verantwoordelikheid oor die oplossings en prioriteite van die program tussen bevoordeeldes en Maatskappy X nie, maar aangesien die maatskappy nie werklik as deel van Program X2 gesien kan word nie, kan die afleiding gemaak word dat die bevoordeeldes in die verantwoordelikheid rondom prioriteite en oplossings deel.

Tussen die maatskappy en die programleier lyk dit of verantwoordelikhede en prioriteite wel bespreek en gedeel word; daar is ook begrip by beide partye oor elkeen se verantwoordelikhede en die rol wat hul in Program X2 speel.

### D. Deelnemende besluitneming

Uit die semigestruktureerde onderhoud met die programleier het dit duidelik geword dat die

programleier alle besluite, uitsluitend besluite met finansiële implikasies, self neem. Finansiële besluite word deur die programleiers, deur middel van die verslag, aan die maatskappy gekommunikeer. Die programleier van Program X2 het die volgende gesê:

> *Maatskappy X kom kyk nie sommer wat ons doen nie, hulle vertrou ons genoeg om die program self te bestuur en self besluite te neem.*

Dit blyk dus dat die bevoordeeldes en die programleier se kommunikasie oop en interaktief van aard is, dat die bevoordeeldes betrek word by veranderinge en aanpassings in die program en dus ook deel is van die besluitnemingsprosesse. Volgens die bevoordeeldes sal die programleier nie besluite namens hulle neem nie, en word hulle insette deurgaans gevra en gebruik in die uitbreiding van die program. Volgens die programleier en bevoordeeldes berus die finale, groot besluite oor die program steeds by die maatskappy.

**Gevolgtrekking oor vennootskap: Program X2**

Uit die inligting blyk dit of die programleier en die maatskappy gereeld in **gesprek** is met mekaar; hierdie gesprekke is oop en interaktief en albei partye het gelyke geleenthede om te praat en gehoor te word, aangesien daar al 'n goeie verhouding tussen hulle gebou is. Hoewel daar geen direkte kommunikasie tussen die bevoordeeldes en die maatskappy nie, en daar dus **nie geleentheid** vir die bevoordeeldes is om hulle behoeftes en verwagtinge direk aan die maatskappy te kommunikeer nie, is daar baie geleentheid vir hulle om hulle behoeftes aan die programleier te kommunikeer en sodoende insette in die funksionering van die program te lewer. Die bevoordeeldes deel ook op hierdie wyse in die **verantwoordelikhede** rakende prioriteite en oplossings wat in die program geïdentifiseer word. Dit lyk of die programleiers en die bevoordeeldes gesamentlike **besluite neem** oor die program, maar die bevoordeeldes is nie deel van die finale besluitneming wat by die maatskappy gesetel is nie. Hoewel daar dus nie 'n vennootskap tussen die bevoordeeldes en die maatskappy is nie, is daar wel 'n vennootskap tussen die bevoordeeldes en die programleier. Die feit dat daar oor die algemeen besluite oor die funksionering van Program X2 geneem word, sonder Maatskappy X se teenwoordigheid, maak hierdie vennootskap baie belangrik.

#### 4.3.1.3 Vennootskap: Program X3

**A. Gesprek**

Die programleier van Program X3 het gesê dat die enigste kommunikasie wat eintlik tussen hom en die maatskappy plaasvind, die kwartaallikse verslae wat hy moet indien is. Naas hierdie verslag is daar ook 'n jaarlikse vergadering wat die programleier moet bywoon, maar hy het die volgende rakende die vergadering gesê:

> *Ek praat nie eintlik by die vergadering nie, behalwe as ek die program se getalle en slaagsyfers deurgee. Verder word daar nie iets van my gevra of verwag nie.*

Tydens die vergadering vind daar meestal eenrigting-kommunikasie van die bestuur af plaas en dit is dus nie dialogiese proses nie.

Volgens die maatskappyverteenwoordiger het daar ook nie enige kommunikasie, naas die verslae en die jaarlikse vergadering, met die programleier plaasgevind nie. Sy het gesê dat dit nie nodig is om met die programleier te kommunikeer nie. Die rede wat sy hiervoor aangehaal het, is die feit dat alle doelstellings en uitgangspunte vooraf opgestel is, aangesien daar volgens 'n vaste kurrikulum gewerk word. Sy was van mening dat die verslag volledige terugvoer gee oor die vordering van die program.

Volgens die programleier besoek Maatskappy X ook nie die program nie; hy het die volgende aanmerking gemaak:

> *Maatskappy X is nou al vir meer as 10 jaar een van die grootste befondsers van Program X3, so ek ken die gesigte van die maatskappy, maar ek ken nie die mense nie.*

Dit is duidelik uit die bogenoemde dat Maatskappy X slegs fokus op voorafgestelde doelstellings en uitgangspunte en dus geen behoefte het om interaktiewe kommunikasiegeleenthede met die programbetrokkenes te skep nie. Dit impliseer ook dat die maatskappy nie oor indiepte-kennis van die ontwikkelingsisteem beskik nie, dit wil sê die maatskappy weet nie werklik hoe dit met die ontwikkeling van die bevoordeeldes gaan en wat die bevoordeeldes se werklike behoeftes is nie.

Tydens die fokusgroepbespreking het dit duidelik geword dat die bevoordeeldes nie eers bewus is van Maatskappy X se betrokkenheid by die program nie. Die bevoordeeldes het bygevoeg dat hulle nog nooit iemand van Maatskappy X ontmoet of gesien het nie. Daar is ook bevestig dat daar geen kommunikasie tussen hulle en die maatskappy is nie. Die gebrek

aan kommunikasie kan grootliks toegeskryf word aan Maatskappy X se siening dat verdere interaksie, naas die verslagindiening, nie nodig is nie. Dit bring mee dat daar nie ruimte vir die bevoordeeldes is om te praat en gehoor te word nie.

Volgens die programleier sien hy die bevoordeeldes slegs vier keer per jaar en is dié tyd dus te min is om doeltreffende kommunikasiesisteme te skep. Die bevoordeeldes is ook onder die indruk dat die programopset 'n gebrek aan deurlopende, interaktiewe kommunikasie skep.

**B. Geleentheid**

Tydens die semigestruktureerde onderhoude met die programleier en die maatskappyverteenwoordiger is vasgestel dat daar slegs twee wyses is waarop kommunikasie tussen die twee partye plaasvind. Die eerste wyse is die indiening van die kwartaallikse verslae en die tweede is 'n jaarlikse vergadering. Dit is egter duidelik dat nie een van hierdie wyses geleentheid bied vir die interaktiewe daarstelling van doelwitte en nuwe inisiatiewe nie.

Omdat die programleier en die bevoordeeldes mekaar slegs vier keer 'n jaar sien en 'n vasgestelde kurrikulum het om af te handel in dié beperkte tyd, bestaan daar nie geleenthede waarin die bevoordeeldes hulle behoeftes of opinies rakende die program kan kommunikeer nie.

**C. Verantwoordelikheid**

Program X3 se verantwoordelikheid is beperk tot die invul van die vasgestelde vraelys, asook die afhandeling van voorafgestelde vaste kurrikulums. Hieruit is dit duidelik dat die programleier en die bevoordeeldes van Program X3 nie betrek word by die identifisering of implementering van verantwoordelikhede in die program nie.

**D. Deelnemende besluitneming**

Uit die bogenoemde inligting is dit duidelik dat daar geen deelnemende besluitneming in Program X3 bestaan nie. Die bevoordeeldes en die programleier kry 'n voorafgestelde, vaste kurrikulum wat deur die maatskappy saamgestel is en hulle moet dit afhandel.

**Gevolgtrekking oor vennootskap: Program X3**

Dit blyk uit die bogenoemde dat daar nie **gesprekke** tussen die betrokkenes van program X3 plaasvind nie. Hoewel daar interaktiewe, tweerigting-kommunikasie tussen die programleier en die bevoordeeldes bestaan, is daar nie **geleentheid** vir die bevoordeeldes

om hulle behoeftes en verwagtinge van die program te kommunikeer nie. Geen **verantwoordelikheid** word gedeel rakende die prioritisering en die oplossings in die program nie; dit blyk uit die feit dat die doelwitte en uitkomste vasgestel is en die gemeenskap, asook die programleier, geen insette daarin het nie. Dit bring ook mee dat hulle nie deel van enige **besluitnemingsprosesse** in die program is nie. Aangesien die konsepte *gesprek, geleentheid, verantwoordelikheid* en *deelnemende besluitnemingsproses* ontbreek in die verhouding tussen Maatskappy X en Program X3, kan die verhouding nie as 'n vennootskap gesien word nie.

#### 4.3.1.4 Vennootskap: Program Y1

**A. Gesprek**

Volgens die programleier en die maatskappyverteenwoordiger van Program Y1 is daar deurlopende kommunikasie tussen hulle. Die programleier was van mening dat die maatskappyverteenwoordiger gereeld besoek aflê en sy het die volgende opmerking gemaak:

> *Dis altyd lekker om die verteenwoordiger van die maatskappy hier te hê, sy daag soms sommer onverwags op.*

Die beleidsdokument van Maatskappy Y veronderstel dat die maatskappy werklike verhoudings bou met die gemeenskappe waarin hulle betrokke is om daardeur optimale veranderinge in terme van die uitdagings in die gemeenskappe mee te bring. Uit die semigestruktureerde onderhoude met die maatskappyverteenwoordiger en die programleier het dit ook duidelik geword dat die hulle 'n oop en interaktiewe verhouding het waarin gereelde dialoog plaasvind.

Die programleier het gespog met 'n maandelikse een-tot-een gesprek wat sy met elkeen van die bevoordeeldes het; sy het die volgende gesê:

> *Ek en die bevoordeeldes praat min of meer elke dag met mekaar en ons het absolute vrymoedigheid om met Maatskappy Y te skakel.*

Tydens die fokusgroepbespreking is hierdie opinie van die leier bevestig. Die bevoordeeldes se persepsies is dat hulle 'n baie goeie en oop verhouding met die programleier het. Hulle het gesê dat hulle alles met die programleier sal deel, omdat sy dikwels die enigste mens is wat hulle vertrou; hulle is ook van mening dat die programleier altyd na hulle luister. Uit

hierdie oop verhouding kan afgelei word dat die kommunikasie ook oop, interaktief en dialogies plaasvind. Dit is ook duidelik dat daar gelyke regte bestaan om te praat en gehoor te word.

Die bevoordeeldes het ook gesê dat hulle almal die verteenwoordiger van Maatskappy Y ken, en hulle toon 'n baie positiewe gesindheid teenoor haar. Volgens die bevoordeeldes besoek die maatskappyverteenwoordiger gereeld die program, waartydens sy graag deelneem aan die aktiwiteite en met hulle gesels.

Aangesien die maatskappyverteenwoordiger die program gereeld besoek en gereeld in tweerigting-kommunikasie gesprekke met die programleier en die bevoordeeldes tree, word die aanname gemaak dat die maatskappy oor indiepte-kennis van die program beskik

**B. Geleentheid**

In Program Y1 is dit duidelik dat daar oop kanale van kommunikasie tussen al die betrokke partye is. Uit die fokusgroepbespreking en semigestruktureerde onderhoude is afgelei dat daar geleentheid vir die bevoordeeldes is om hulle behoeftes gereeld met die programleier te deel. Dit lyk ook of die programleier gereeld geleentheid kry om dié behoeftes aan die maatskappyverteenwoordiger te kommunikeer. Die bevoordeeldes kan dit ook self doen tydens die besoeke van die maatskappyverteenwoordiger.

Op grond van die gereelde besoeke en interaktiewe kommunikasie is dit duidelik dat daar geleentheid vir bevoordeeldes in Program Y1 is om nuwe doelwitte en inisiatiewe aan Maatskappy Y te kommunikeer.

**C. Verantwoordelikheid**

In Program Y1 blyk daar wedersydse verantwoordbaarheid te rus op die maatskappy en die programleier deur die programleier se volgende woorde:

> *Maatskappy Y vertrou my om die program te doen soos ek goeddink en al moet ek verslae indien, weet ek dit is nie soos 'n toets nie; dit verduidelik aan die maatskappy waaraan hulle geld bestee word en dit gee my ook voete om op te staan wanneer ek meer geld of ander ondersteuning sou verlang.*

Die kwartaallikse verslag dien in hierdie geval 'n doel, en blyk meer relevant vir die program te wees. Hoewel die programleier duidelik verantwoordelikheid deel in die program, lyk dit nie of die bevoordeeldes direk betrek word by die daarstelling of aanvaarding van hierdie verantwoordelikheid nie.

### D. Deelnemende besluitneming

Die bevoordeeldes van Program Y1 geniet oop kanale van kommunikasie met die programleier en ook met die maatskappyverteenwoordiger. Hoewel daar vir hulle gereeld geleentheid is om hulle behoeftes te kommunikeer en selfs nuwe inisiatiewe en doelwitte daar te stel, het dit duidelik uit die fokusgroepbespreking geword dat hulle nie deelneem aan die besluitnemingsprosesse nie. Die programleier en die maatskappy blyk besluite en veranderinge in die program te bespreek, en dan sal die programleier, of soms die maatskappyverteenwoordiger self, die bevoordeeldes inlig oor die besluite wat geneem is rondom die probleme, behoeftes of inisiatiewe wat daargestel is.

Hoewel die bevoordeeldes nie direk deelneem aan die besluitneming nie, blyk dit dat hulle tevrede is met die opset omdat die kommunikasie rondom die besluite deurgaans oop en deursigtig is en hulle stemme, deur middel van die programleier se teenwoordigheid by die besluitneming, gehoor word.

**Gevolgtrekking oor vennootskap: Program Y1**

Op grond van die navorsing wat gedoen is met program Y1 se betrokkenes kan afgelei word dat daar **gereelde gesprekke** tussen albei die programleier en die bevoordeeldes met die maatskappyverteenwoordiger plaasvind. Hierdie gesprekke blyk 'n dialogiese proses te wees waarin daar oop, interaktiewe kommunikasie plaasvind. Die programleier en die bevoordeeldes kry **gereeld geleentheid** om hulle behoeftes en verwagtinge, maar ook hulle idees en inisiatiewe met die maatskappyverteenwoordiger te deel; dit lyk egter of die bevoordeeldes verkies om nie hulle probleme direk met die maatskappyverteenwoordiger te bespreek nie, maar eerder met die programleier. Die programleier is onder die indruk dat sy deel in verantwoordelikheid oor prioriteite en oplossings in die program, maar dit kom voor of die bevoordeeldes nie **verantwoordelikheid** in die program deel nie, omdat daar geen sprake was van 'n dialogiese proses rondom die bespreking van verantwoordelikhede of van besluitneming nie. Dit is wel duidelik dat die maatskappy die **besluitnemingsproses** behartig, al is die programleier soms daarby betrokke.

Aangesien die konsepte, gesprek en geleentheid teenwoordig is in die verhouding tussen die bevoordeeldes, programleier en die maatskappyverteenwoordiger, kan die afleiding gemaak word dat daar tot ’n mate 'n vennootskap bestaan tussen Maatskappy Y en Program Y1. Daar is egter steeds ’n gebrek aan gedeelde verantwoordelikhede en deelnemende besluitneming in hierdie vennootskap.

#### 4.3.1.5 Program Y2

##### A. Gesprek

Volgens die programleier is die enigste gereelde kommunikasie tussen hom en maatskappyverteenwoordiger die kwartaallikse verslae wat hy indien en vergaderings wat deur die maatskappy gehou word. Die maatskappyverteenwoordiger het hierdie proses bevestig. In hierdie program blyk dit nie of daar deurlopend van interaktiewe en oop kommunikasie gebruik gemaak word nie. Die aard van Program Y2 is dieselfde as Program X3 en net soos Maatskappy X, voel Maatskappy Y ook dat interaktiewe kommunikasie met die gemeenskap nie nodig is by vasgestelde kurrikulumgebaseerde programme nie.

Volgens die beleidsdokument van Maatskappy Y ondersteun die maatskappy ’n verskeidenheid van inisiatiewe wat op die verbetering van wiskundevaardighede fokus, onder andere Universiteitsprogramme, Beurse en Uitreikprogramme wat deur onafhanklike skole geïnisieer word (Maatskappy Y, Beleidsdokument, 2012:7). Hierdie programme word almal finansieel ondersteun, maar kommunikasie andersins blyk nie van belang te wees nie.

Volgens die programleier kommunikeer Maatskappy Y glad nie direk met die bevoordeeldes nie. Die bevoordeeldes het tydens die fokusgroepbespreking ook gesê dat hulle nie met die maatskappyverteenwoordiger praat nie. Daar vind dus nie dialoog tussen die bevoordeeldes en die maatskappy plaas nie, omdat hulle hoofsaaklik deur 'n filter (die programleier) met mekaar kommunikeer.

Uit die bogenoemde inligting kan afgelei word dat daar nie dialoog of interaksie tussen die bevoordeeldes en Maatskappy Y plaasvind nie. As gevolg van Maatskappy Y se siening rakende die vasgestelde aard van die program en die leemte aan interaktiewe kommunikasie wat daardeur meegebring word, het die maatskappy nie werklik indiepte-kennis van die ontwikkelingsisteem nie omdat die maatskappy nie werklik die behoeftes van die bevoordeeldes ken en verstaan nie.

Die programleier van Program Y2 is van mening dat daar baie goeie, tweerigting-kommunikasie tussen hom en die bevoordeeldes plaasvind; hy besoek die bevoordeeldes gereeld volgens 'n vaste skedule en ook as hulle dit sou versoek. Hy is van mening dat die bevoordeeldes vrymoedigheid het om hom enige tyd te bel. Die bevoordeeldes het ook bevestig dat hulle almal die leier se selfoonnommer het en hom gereeld kontak deur middel van boodskappe en oproepe. Hieruit kan afgelei word dat daar 'n gemaklike, oop en interaktiewe kommunikasiekanaal tussen die twee partye teenwoordig is.

### B. Geleentheid

In Program Y2 is dit duidelik dat die kommunikasiekanaal tussen die programleier en die maatskappy nie geleentheid bied vir die kommunikasie rondom behoeftes en verwagtinge nie. Een van die hoofredes hiervoor is dat daar van verslae, wat nie ruimte laat vir gelyke insette vanaf die programbetrokkenes nie, gebruik gemaak word. By die kwartaallikse vergaderings is daar ook nie geleentheid vir die programleier om die program se behoeftes en verwagtinge te kommunikeer nie.

Wat die kommunikasie tussen die bevoordeeldes en die programleier betref, is daar meer geleentheid vir die bevoordeeldes om hulle stemme te laat hoor. Die programleier besoek gereeld die program in 'n informele hoedanigheid omdat hy voel dat die tyd wat aan die kurrikulum se werk bestee word, nie ruimte laat vir behoeftebepaling nie. Die bevoordeeldes heg ook baie waarde aan dié informele besoeke, omdat hulle hier geleentheid gegun word om hulle behoeftes en verwagtinge te deel en ook om nuwe inisiatiewe daar te stel

Dit is egter so dat die behoeftes van die bevoordeeldes deur middel van 'n filter tot by die maatskappy gaan. Daarom ontbreek interaktiewe, tweerigtingkommunikasie en dit veroorsaak dat daar nie geleentheid is vir die bevoordeeldes om hulle behoeftes direk aan die maatskappy te kommunikeer nie.

### C. Verantwoordelikheid

Program Y2, net soos Program X3, funksioneer op grond van vasgestelde kurrikulums waarvan die doelwitte en oplossings van die program reeds vooraf bepaal is; die programleier en die bevoordeeldes neem nie deel aan hierdie prosesse nie. Daar bestaan dus nie gedeelde verantwoordelikhede in Program Y2 nie.

### D. Deelnemende besluitneming

Aangesien alle doelwitte en uitkomste van die program voorafgestel is, neem die programleier en bevoordeeldes nie deel aan besluitnemingsprosesse nie. Die uitkomste van die program is duidelik aan die betrokkenes en daar is nie ruimte vir verdere behoeftes nie. Dus word daar nie in alle behoeftes van beide partye voorsien nie, en kan die afleiding gemaak word dat daar 'n gebrek aan deelnemende besluitneming in Program Y2 is.

**Gevolgtrekking oor vennootskap: Program Y2**

Na aanleiding van die bogenoemde inligting kan gesien word dat daar beperkte **gesprekke** met die maatskappyverteenwoordiger plaasvind en dat daar nie ten alle tye geleentheid vir

die programleier en die bevoordeeldes is om hulle behoeftes te kommunikeer nie. Die programleier word wel betrek by die kwartaallikse vergadering waar hy **geleentheid** het om behoeftes en inisiatiewe van die program aan die orde te bring; die bevoordeeldes is egter glad nie by hierdie vergadering betrokke nie en dit is duidelik dat hulle nie deel in die **verantwoordelikhede** van die program nie. Die vasgestelde kurrikulum verhoed ook dat hulle deelneem aan die **besluitnemingsprosesse** in die program. Omdat die konsepte, *dialoog* en *geleentheid* slegs op ’n beperkte wyse tussen die programleier en die bevoordeeldes teenwoordig is, maar *verantwoordelikheid* en *deelnemende besluitneming* heeltemal ontbreek in dié verhouding kan dit nie as ’n vennootskap beskryf word nie. Al die konsepte ontbreek in die verhouding tussen Maatskappy Y en Program Y2 en dit kan dus ook nie as 'n vennootskap beskryf word nie.

Die eerste teoretiese stelling veronderstel dat deelnemende evaluasie behoort te getuig van 'n vennootskap waarin alle vennote, veral die gemeenskapslede, gelyke geleentheid het om aan die dialoog deel te neem en opinies te deel en waarin verantwoordelikhede en besluitneming gedeel word; waar die bevoordeeldes van die programme as vennote beskou word. Na aanleiding van die bespreekte resultate kan die teenwoordigheid van dié tipe vennootskap gemerk word by programme waar die bevoordeeldes tevrede voorkom.

Die vennootskap tussen die bevoordeeldes en die programleier en/of die maatskappy getuig in sommige van hierdie gevalle van 'n gesprek wat oop en interaktief is, waar beide die maatskappy en/of die programleier en die bevoordeeldes indiepte-kennis van die ontwikkelingssisteem het, en waar albei vennote gelyke regte het om te praat en gehoor te word (sien afdelings 2.3.1 en 2.5.1). By die ander programme is hierdie vennootskap nie gevind nie.

### 4.3.2 BETROKKENHEID

Onder die beginsel *betrokkenheid* is drie sekondêre konsepte uit die teorie geïdentifiseer, naamlik *doelwitte*; *inligtingsinsameling* en *besluitneming*.

Onder elkeen van die konsepte is weer konstrukte uiteengesit wat verduidelik wat belangrik is onder die betrokke konsep en wat in gedagte gehou moet word tydens die navorsingsproses.

**Konsepte en konstrukte van betrokkenheid**

**Doelwitte**

- Stel eie doelwitte en inisiatiewe wat in program gebruik gaan word daar

**Data-insameling**

- Data-insameling en metodes moet in die groep (vennootskap) bespreek word

**Besluitneming**

- Neem deel aan die verskillende prosesse van besluitneming

Die sekondêre konsepte (sien 3.7.2) beklemtoon dat betrokkenheid in die evaluasieproses geleenthede behoort te skep waar die gemeenskapslede betrokke is in die **prosesse waar doelwitte daargestel word**. Hier behoort die bevoordeeldes hulle eie doelwitte en ook die inisiatiewe wat gebruik gaan word om dié doelwitte te behaal, daar te stel. Die **inligtingsinsameling en metodes behoort aan alle lede bekend te wees** sodat die bevoordeeldes **deel is van alle besluite wat geneem word** en nie as passiewe objekte van kennis gesien word nie, maar eerder as *kenners* op die gebied.

Hierdie konsepte en konstrukte is gebruik as riglyn om die volgende vraag aan die leiers en bevoordeeldes van die programme te vra:

> *"Beskryf die rolle van elke vennoot in die evaluasieproses."*

#### 4.3.2.1 Betrokkenheid: Program X1

##### A. Doelwitte

Die programleier van Program X1 is van mening dat die verslae die enigste wyse is waarop die program geëvalueer word. Die maatskappyverteenwoordiger van Maatskappy X het bevestig dat sy slegs op grond van die verslae die program evalueer; sy het die volgende stelling gemaak:

> *In die verslag kan ons sien of die mense hulle werk doen, en of die bevoordeeldes die voordeel trek wat oorspronklik beplan is.*

Die voordeel waarna die maatskappyverteenwoordiger verwys is die doelwitte van die program, wat reeds in die kontrak, wat die bevoordeeldes teken wanneer hulle aansluit by die program, uiteengesit is. Die evaluasieproses word ook in hierdie kontrak uiteengesit met ’n voorbeeld van die kwartaallikse vraelys. Uit die fokusgroepbespreking het dit duidelik geword dat die bevoordeeldes nie al die vrae op die vraelyste verstaan nie, en ook nie die doel van die vrae verstaan nie en dus geen waarde heg aan die vraelyste nie.

Hieruit is dit duidelik dat die vraelyste nie op grond van die bevoordeeldes en/of programleier se inisiëring van doelwitte en inisiatiewe te saamgestel is nie, maar reeds vooraf beplan en uiteengesit is. Uit die fokusgroep het dit duidelik geword dat die bevoordeeldes nie vrymoedigheid het om doelwitte of nuwe inisiatiewe daar te stel wat in die evaluasie gebruik kan word nie; dit kan afgelei word uit ’n bevoordeelde se woorde:

> *Die programleier sal nie luister as ons vir haar sê nie, sy wil nie hoor as ons kla of*

*verander aan die manier van dinge doen nie.*

Hierdie ingesteldheid, word beaam deur die programleier se woorde:

> *Die aard van hierdie program laat nie toe dat mense hier werk wat nie gewillig is om by die rowwe skedules te hou nie; ons werk met mense se lewens en hulle is afhanklik van die bevoordeeldes se daaglikse besoeke.*

Uit die bogenoemde persepsies is dit duidelik dat daar nie ruimte geskep word vir voorstelle of veranderinge vanaf die bevoordeeldes in die program nie, maar dit beklemtoon ook die ontoeganklikheid van die programleier in terme van die evaluasieproses. Die bevoordeeldes het dus nooit die geleentheid om te sê wat hulle deur middel van die evaluasieproses wil bereik nie.

**B. Inligtingsinsameling**

Die feit dat die vraelyste vooraf opgestel is en die evaluasieproses reeds in die kontrak uiteengesit is, dui daarop dat die bevoordeeldes nie deel is van die inligtingsinsamelings-prosesse nie. Hierdie afleiding is beklemtoon deur die volgende woorde van 'n bevoordeelde:

> *Die vraelyste is net 'n klomp vrae oor die programleier en die program en dit gaan nie oor ons nie, hulle kan niks van ons gevoelens sien deur middel van dié vraelyste nie.*

Hieruit kan afgelei word dat die bevoordeeldes nie deel is van die proses waar besluite en keuses geneem word oor hoé die inligting vir die vraelyste ingesamel moet word nie. In die proses van evaluasie ontvang die bevoordeeldes voorafgestelde vraelyste en word daar van hulle verwag om dit in te vul. Die bevoordeeldes is duidelik nie betrokke by die beplanning van die inligtingsinsamelingsprosesse van Program X1 nie.

**C. Besluitneming**

Die voorafgestelde vraelyste en metode van evaluasie, wat reeds in die kontrak gestipuleer is, beklemtoon die feit dat die bevoordeeldes geensins deel is van die besluitneming oor hoe die evaluasie gaan plaasvind nie en ook nie wat geëvalueer sal word nie.

**Gevolgtrekking oor betrokkenheid: Program X1**

Uit die bogenoemde persepsies is dit duidelik dat daar nie ruimte geskep word vir enige **doelwitte** of inisiatiewe vanaf die bevoordeeldes vir die evaluasieproses van Program X1 nie. In die evaluasieprosesse word daar slegs vasgestelde vraelyste ingevul, wat meebring

dat die bevoordeeldes nie deel van die **inligtingsinsamelingsproses** is nie en ook nie insette lewer oor die metodes wat in die evaluasie gebruik word nie. Dit is ook duidelik dat hulle nie deel van die **besluitnemingsprosesse** rakende die evaluasie is nie. Omdat die konsepte: *Doelwitte, inligtingsinsamelingsproses* en *Deelnemende besluitnemingsproses* almal ontbreek by Program X1, is die gevolgtrekking dat die bevoordeeldes van die program nie betrokke is by die beplanning en besluitneming oor die evaluasieproses nie.

#### 4.3.2.2 Betrokkenheid: Program X2

**A. Doelwitte**

Volgens die programleier is daar twee verskillende evaluasieprosesse in Program X2: die eerste bestaan uit die invul van die evaluasie-afdeling in die kwartaallikse verslag wat Maatskappy X verlang en die tweede evaluasieproses word deur haar en haar span uitgevoer. Die programleier kombineer egter die twee prosesse deur interaktiewe sessies een maal per kwartaal te hou waar daar besprekings rondom die verpligte vrae (van die verslag) gehou word en addisionele vrae deur die programleiers gevra word.

Volgens die bevoordeeldes is die evaluasieproses interaktief en is hulle gemaklik om doelwitte en inisiatiewe tydens die evaluasie en vir evaluasie voor te stel. Die programleier is van mening dat die bevoordeeldes self aandui wat hulle deur middel van die evaluasie wil bereik en die evaluasieprosesse word daarvolgens bepaal. Die evaluasie wat deur Maatskappy X veronderstel word, sluit net die evaluasie-afdeling van die verslag in, wat reeds vooropgestel is, en bied geen interaktiewe geleentheid waar die bevoordeeldes hulle doelwitte vir die evaluasieproses aan die maatskappy kan kommunikeer nie.

**B. Inligtingsinsameling**

Volgens die programleier van Program X2 bepaal sy en haar span saam wat die aard van die evaluasie behoort te wees nadat hulle die program en die bevoordeeldes leer ken het. Die bevoordeeldes word, volgens die programleier, genader vir opinies en voorstelle om die evaluasie so effektief moontlik te maak. Die bevoordeeldes het dit tydens die fokusgroep duidelik gemaak dat die evaluasieproses deursigtig is en dat hulle enige tyd veranderinge kan voorstel indien hulle sou wou. Uit die gesprekke met die betrokkenes is dit duidelik dat hulle deel is van alle inligtingsinsamelingsprosesse en dat hulle voorstelle kan gee; hulle verstaan ook al die metodes en die implementering daarvan.

### C. Besluitneming

Aangesien Program X2 deur die programleiers bestuur en onderhou word, en die maatskappy net van die "kantlyn" af kyk of alles reg verloop, word die evaluasie wat die programleiers daarstel, as primêre evaluasie gesien. Tydens hierdie evaluasie word die bevoordeeldes uitgenooi om interaktief deel te neem en is daar geleentheid vir hulle om deel van die besluitnemingsprosesse oor die funksionering van Program X2 te wees. Die programleier was van mening dat sy alle inligting wat tydens die evaluasieproses ingesamel is - beide die antwoorde op die vasgestelde vrae en die addisionele vrae, en ook die behoeftes en voorstelle van die bevoordeeldes - in die verslag saam instuur na die maatskappyverteenwoordiger. Die besluite rondom die funksionering van die program en die verloop van die evaluasieproses word egter reeds gemaak deur die programleier en die bevoordeeldes, tensy dit 'n groot besluit met finansiële implikasies is. In so 'n geval word die versoek aan die maatskappy gerig en hulle neem die besluit in isolasie.

**Gevolgtrekking oor betrokkenheid: Program X2**

Uit die bogenoemde inligting is dit duidelik dat die evaluasie wat deur die maatskappy plaasvind, nie die betrokkenheid van die bevoordeeldes daarstel nie weens die gebrek aan geleentheid om **doelwitte** daar te stel, deel van die **inligtingsinsamelingsproes** te wees en deel van die **besluitnemingsprosesse** te wees.

Dit is egter nie die geval in die evaluasiegeleentheid wat die programleiers daarstel nie. Tydens hierdie evaluasie is daar baie geleentheid vir die bevoordeeldes om hulle eie **doelwitte** en ook inisiatiewe daar te stel. Hulle is ten alle tye bewus en deel van die **inligtingsinsameling** en is ook deel van die proses om metodes te identifiseer en te implementeer. Hieruit is dit ook duidelik dat die bevoordeeldes deel van die daaglikse besluitnemingsprosesse in die program is en ook spesifiek van die besluite rondom die evaluasie van die program. Hieruit word die afleiding gemaak dat daar betrokkenheid in die evaluasie van Program X2 is.

## 4.3.2.3 Betrokkenheid: Program X3

### A. Doelwitte

Die Programleier van Program X3 het die volgende gesê oor die evaluasieproses:

*Daar is net die evaluasie van die verslag, ek gee die vrae vir die studente en die*

*studente vul dit in. Verder kan ek nie nog evaluasie doen nie, ek sien die bevoordeeldes te min en daar is te veel werk!*

Hy voel dat die vrae wat in die vraelys gevra word nie altyd gepas is vir die aard van die program nie, maar dat hy dit elke kwartaal in hulle skedule inwerk, omdat Maatskappy X dit verlang. Tydens die fokusgroep het dieselfde gevoel na vore gekom; een van die bevoordeeldes het die volgende gesê en die ander het dit beaam en daarop uitgebrei:

*Daar word nooit vir ons niks gevra nie ... Hulle weet nie eers hoe ons hier kom en waar ons bly nie ... Hulle gee net die klasse en dan gaan ons weer huis toe.*

Die bevoordeeldes het verwys na die vraelyste wat hulle ontvang en moet invul, maar hulle was van mening dat hulle nie die vrae verstaan nie en dat dit hulle tyd mors. Omdat hulle nie die relevansie van die vraelyste verstaan nie, word daar nie erns daaraan gekoppel nie en het hulle gevoel daar is nie vir hulle geleentheid om hulle opinies, doelwitte en inisiatiewe te kommunikeer nie. Die bevoordeeldes het dus nie deel daaraan om te bepaal watter doelwitte hulle deur die evaluasie wil bereik nie.

Die doelwitte van die program is duidelik gebaseer op die gesette kurrikulums waarvolgens die bevoordeeldes opgelei word, en die bevoordeeldes het dus geen geleentheid om insette te lewer nie.

**B. Inligtingsinsameling**

Aangesien die funksionering van Program X3 gebaseer is op die opgestelde kurrikulums waarvolgens die bevoordeeldes opgelei word, en die bevoordeeldes en die programleier geen insette lewer voor, na of tydens evaluasie nie, word die afleiding gemaak dat hulle nie deel is van die inligtingsinsameling nie. Die metodes wat in die program, en spesifiek in die evaluasie gevolg word, word ook nie met die betrokkenes bespreek nie en hulle het geen insette in die proses van inligtingsinsameling nie.

**C. Besluitneming**

Die bevoordeeldes van Program X3 se ontevredenheid en soeke na geleentheid om hulle behoeftes te kommunikeer, het duidelik na vore gekom tydens die volgende stellings wat gemaak is:

*As ons met hulle kan praat, sal hulle hoor dat ons nie so ver kan kom elke keer nie.*

*Ons kan nie vier keer in die jaar betaal om so te bly hier waar ons niemand ken nie*

*en dan moet ons eet ook.*

*Ons sal vir hulle sê ons soek die opleiding daar in ons provinsies, nie al die pad tot hier in die Noordwes nie.*

*Nee, hulle weet niks van ons behoeftes en klagtes nie.*

*Dis hoekom hulle nie weet wat ons wil hê nie, en dis hoekom ons nog met die ou metodes werk!*

Op grond hiervan word die afleiding gemaak dat die bevoordeeldes ook nie betrek word by enige besluitnemingsprosesse van die evaluasie nie, en dit blyk ontevredenheid mee te bring.

**Gevolgtrekking oor betrokkenheid: Program X3**

Uit die bogenoemde inligting is dit duidelik dat daar geen geleentheid vir die bevoordeeldes of die programleier is om hulle eie **doelwitte** en inisiatiewe vir evaluasie daar te stel nie, aangesien dit reeds deur die gesette evaluasieafdeling in die verslag vasgestel is. Hierdeur is dit ook duidelik dat die **inligtingsinsameling** nie bekend is aan die bevoordeeldes en die programleier nie en dat hulle dus ook nie betrek word by die **besluitnemingsprosesse** van Program X3 nie. Aangesien al drie van die konsepte nie teenwoordig is in die funksionering van Program X3 nie, word die gevolgtrekking gemaak dat daar geen betrokkenheid vanaf die bevoordeeldes in die evaluasie van die program is nie.

#### 4.3.2.4 Betrokkenheid: Program Y1

**A. Doelwitte**

Volgens die programleier is dit vir haar, sowel as vir Maatskappy Y, baie belangrik om al die bevoordeeldes te betrek by die evaluasie en daarom word daar twee verskillende tipes evaluasieprosesse toegepas – 'n een-tot-een-gesprek met elke bevoordeelde op 'n maandelikse basis, en 'n vergadering in die vorm van 'n informele groepsbespreking, wat elke maand plaasvind. Die bevoordeeldes het tydens die fokusgroep ook vertel van die een-tot-een gesprekke en die vergaderings en almal blyk 'n positiewe gesindheid daarteenoor te hê, omdat hulle voel hulle kan enigiets met die programleier bespreek tydens hierdie ontmoetings. Tydens hierdie vergadering het die bevoordeeldes geleentheid om doelwitte vir die evaluasieproses daar te stel.

Tydens die individuele besoeke wat een keer per maand plaasvind, word dieselfde vrae aan elke bevoordeelde gevra. Tydens die vergadering word die bevoordeeldes aangemoedig om die "praatwerk" te doen. Hier word die bevoordeeldes aangemoedig om nuwe idees en inisiatiewe te deel, wat deel kan uitmaak van die program en/of die evaluasie van die program.

Uit die bogenoemde inligting kan die afleiding gemaak word dat daar in beide die evaluasieprosesse interaktiewe gesprekke plaasvind, en dat die bevoordeeldes geleentheid het om hulle eie doelwitte en inisiatiewe in terme van die evaluasieproses daar te stel.

### B. Inligtingsinsameling

Die bevoordeeldes het melding daarvan gemaak dat hulle nie die vrae van die evaluasiemaatskappy as relevant beskou nie en die geleenthede waar hulle die program besoek net bywoon omdat dit van hulle verwag word. Dit blyk nie of daar enige betrokkenheid van die bevoordeeldes of die programleier by die beplanning of uiteensetting van hierdie besoeke is nie, die vrae word net beantwoord.

Dit het tydens die semigestruktureerde onderhoud met die programleier en die fokusgroep met die bevoordeeldes duidelik geword dat sommige bevoordeeldes verkies om hulle opinies en gevoelens en idees liewer tydens die alleensessies met die programleier te deel as in die groep. Na aanleiding hiervan het die individuele gesprekke 'n maandelikse instelling geword. Hieruit is dit duidelik dat die bevoordeeldes deel is van die bespreking en bepaling van metodes en inligtingsinsameling; hulle lug hulle opinies en idees aan die programleier en sy moet dit verder aan Maatskappy Y oordra. Hoewel hulle stemme deur 'n filter na Maatskappy Y gaan, word hulle behoeftes aangespreek en blyk hulle tevrede te wees met hulle bydrae tot die program.

### C. Besluitneming

Volgens die programleier van Program Y1 is dit haar verantwoordelikheid om al die inligting wat ingesamel is tydens die een-tot-een gesprekke met die bevoordeeldes en ook die vergadering, aan die maatskappy te kommunikeer. Sy was van mening dat die maatskappy hierdie inligting verder analiseer en weer met haar bespreek tydens haar besoeke aan die program. Die bevoordeeldes is nie betrokke by hierdie geleentheid nie, en hulle kan dus nie insette lewer by die finale besluite wat geneem word rakende die evaluasieproses – hoe dit moet verloop en wat geëvalueer moet word nie.

**Gevolgtrekking oor betrokkenheid: Program Y1**

Uit die inligting is dit duidelik dat die bevoordeeldes van Program Y1 hulle eie **doelwitte** en inisiatiewe wat gebruik gaan word in die evaluasie, daar kan stel. Die bevoordeeldes is ook deel van die **inligtingsinsameling** en metodes wat in die program gebruik word. Hoewel die programleier en die maatskappy toeganklik is en die bevoordeeldes se stemme in die program gehoor word, is hulle nie werklik deel van al die **besluitnemingsprosesse** rakende die evaluasieprosesse nie omdat hulle nie betrokke is in die finale besluitneming van wat geëvalueer sal word of hoe dit geëvalueer sal word nie. Hieruit word die afleiding gemaak dat daar gedeeltelike betrokkenheid in die evaluasie van Program Y1 is, hoewel die bevoordeeldes sterker deel van die finale besluitnemingsproses van evaluasie behoort te wees.

### 4.3.2.5 Betrokkenheid: Program Y2

**A. Doelwitte**

Die programleier en die maatskappyverteenwoordiger van Program Y2 het tydens die semigestruktureerde onderhoude verduidelik dat die aard van hulle program nie komplekse evaluasie verg nie, aangesien daar slegs volgens sistematiese, vasgestelde kurrikulums gewerk word.

Die programleier het verwys na die evaluasiemaatskappy wat die program een keer per maand besoek en vrae kom vra. Hy was van mening dat dié maatskappy nie altyd relevante vrae vra nie. Die bevoordeeldes het tydens die fokusgroep ook vertel van die evaluasiemaatskappy wat maandeliks kom:

> *Hulle kom en kom vra 'n klomp vrae, ons verstaan nie altyd hoekom hulle die vrae vra nie, want ons ken nie die antwoorde nie.*

Die bevoordeeldes het die vrae wat die evaluasiemaatskappy vir hulle vra as moeilik en onduidelik bestempel. Die bevoordeeldes sien nie die vraag-en-antwoord-sessie as 'n gesprek nie, maar eerder as 'n ondervraging. Hoewel die bevoordeeldes maandeliks die vraelyste van die evaluasiemaatskappy invul, maak hulle nie werklik erns daarmee nie, aangesien hulle nie die relevansie daarvan insien nie.

Die programleier het ook vertel van die evaluasieproses wat hy op sy eie ingestel het en ook maandeliks uitvoer. Die bevoordeeldes was positief toe hulle vertel van die maandelikse

sessies wat hulle en die programleier het. Tydens die fokusgroep het die bevoordeeldes vertel hoe hulle al oor groot probleme met die programleier gepraat het en dat hy hulle al baie kere gehelp het. Die maatskappy is egter nie deel van dié evaluasieproses nie, en die programleier kommunikeer ook nie werklik die behoeftes en inligting wat hieruit na vore kom met die maatskappy nie, aangesien die maatskappy slegs op grond van die vasgestelde kurrikulums en na aanleiding van die evaluasiemaatskappy se terugvoer optree. Hieruit is dit duidelik dat die bevoordeeldes nie hulle eie doelwitte en inisiatiewe vir evaluasie daarstel nie. Hoewel hulle wel hulle behoeftes en inisiatiewe aan die programleier kan kommunikeer, het dit geen invloed op die evaluasie van die program nie.

**B. Inligtingsinsameling**

Die negatiewe gesindheid onder die bevoordeeldes teenoor die evaluasie wat die evaluasiemaatskappy daarstel en waaraan hulle gedwonge deelneem, dui daarop dat hulle nie deel van die inligtingsinsamelingproses is nie, en beslis ook nie deelneem aan die gesprek rondom die metodes wat in die program of die evaluasie gebruik word nie.

**C. Besluitneming**

Daar vind nie direkte kommunikasie tussen Maatskappy Y en die bevoordeeldes van Program Y2 plaas nie. Die doelwitte en inisiatiewe wat deur die programleier se evaluasieproses bepaal word, word nie aan die maatskappy gekommunikeer nie, met die gevolg dat hulle ware behoeftes en gevoelens nooit onder die maatskappy se aandag gebring word nie. Die maatskappy neem besluite op grond van die evaluasiemaatskappy se terugvoer en aangesien die bevoordeeldes nie werklik erns daaraan koppel nie, het dit tot gevolg dat besluite eerstens op grond van wanpersepsies of halwe inligting gemaak word, en tweedens sonder dat die bevoordeeldes enige deel aan hierdie besluitnemingsprosesse het.

**Gevolgtrekking oor betrokkenheid: Program Y2**

Aangesien Program Y2 volgens 'n vasgestelde kurrikulum werk, is die **doelwitte** van die evaluasie reeds vasgestel en is daar nie geleentheid vir die bevoordeeldes om hulle eie inisiatiewe en doelwitte oor wat geëvalueer moet word en hoe dit geëvalueer moet word daar te stel nie. Omdat Maatskappy Y die program streng volgens die vaste kurrikulum hanteer, is die bevoordeeldes nie deel van enige **inligtingsinsameling** of metodes vir die evaluasie van die program nie, en vind dit ook volgens vasgestelde metodes plaas soos die verslag en die evaluasiemaatskappy se besoeke. Dit is ook duidelik dat die bevoordeeldes geen aandeel aan die **besluitnemingsprosesse** in die program het nie. Omdat al drie die

konsepte ontbreek by die program, word die afleiding gemaak dat daar **nie betrokkenheid** van die bevoordeeldes van Program Y2 by die evaluasieproses is nie

Die tweede teoretiese stelling veronderstel dat deelnemende evaluasie behoort te getuig van geleenthede waar die gemeenskapslede betrokke is in die prosesse om die doelwitte van evaluasie daar te stel, waarin inligtingsinsameling en metodes bekend is aan alle lede, en waar die bevoordeeldes deel is van alle besluite wat rakende evaluasie geneem word. Wanneer die gemeenskap wat ondersoek is betrokke is in die evaluasieproses, deel is van die besluitnemingsproses om doelwitte en inisiatiewe vir evaluasie daar te stel, deel is van die bespreking van die data-insamelingsprosesse, en ook deel is van die besluitnemingsprosesse tydens evaluasie, kan tevredenheid onder bevoordeeldes bemerk word (sien afdelings 2.3.3 en 2.5.2). Dit kom voor asof die bevoordeeldes van twee van die vyf programme wat betrokke is by hierdie studie tot 'n mate deelneem aan die evaluasieprosesse terwyl die ander nie deel neem nie.

### 4.3.3 PLAASLIKE KENNIS

Die derde beginsel is die inagneming van plaaslike kennis tydens die evaluasieproses. In hoofstuk 3 (3.7.3) word daar geredeneer dat dit belangrik is om kennis in te win van die mense wat direk betrokke is by die ontwikkeling. Die konsep word in drie sekondêre konsepte ingedeel, naamlik: **inagneming**, **indikatore** en **diversiteit**.

Die **inagneming** van plaaslike kennis dui daarop dat plaaslike kennis die plaaslike konteks en omstandighede van die bevoordeeldes beter kan skets. Sodoende bestaan daar meer begrip oor die program en kan die evaluasie daarvolgens beplan en geskied. Die **indikatore** wat gebruik word in die evaluasieproses, behoort bepaal te word deur die gemeenskap (bevoordeeldes) se ondervindinge, persepsies en kennis van die plaaslike omgewing en mense. Dit is belangrik om te bepaal wat hulle as struikelblokke sien en watter oplossings hulle daarvoor inisieer. **Diversiteit** dui daarop dat 'n "one size fits all" oplossing nie in die ontwikkeling van verskeie gemeenskappe werk nie. Deelnemende kommunikasie in die evaluasieproses kan van groot hulp wees om die

**Konsepte en konstrukte van Plaaslike kennis**

**Inagneming**

- Plaaslike kennis moet in ag geneem word.

**Indikatore**

- Indikatore in die evaluasieproses moet deur die plaaslike mense bepaal word.

**Diversiteit**

- Die diversiteit van die gemeenskap word in ag geneem.

diversiteit van 'n gemeenskap in terme van tradisies en gewoontes te begryp, te respekteer en te gebruik in die wyse van evaluering (sien afdeling 3.5.4).

Die volgende vraag is aan al die betrokkenes gevra:

> *Beskryf die invloed van plaaslike kennis en die gemeenskap se insette tydens die evaluasie.*

#### 4.3.3.1 Plaaslike kennis: Program X1

**A. Inagneming**

Die bevoordeeldes van Program X1 se negatiewe gevoel teenoor die evaluasie van die program en hulle soeke na geleenthede om hulle opinies te lug, dui daarop dat hulle plaaslike kennis en insette nie in ag geneem word in die evaluasie van die program nie.

Die programleier het baie uitgebrei oor hoe plaaslike kennis in die funksionering van die program gebruik word, soos die inagneming van die bevoordeeldes se kennis in terme van die pasiënte in die gemeenskap: die bevoordeeldes sien die pasiënte die meeste, en daarom ken hulle die pasiënte die beste. Hulle ken ook die omgewing waarin die pasiënte is beter as sy. Hoewel die bevoordeeldes se kennis in die funksionering van die *program* gebruik word, is dit duidelik dat daar geen geleentheid is waar die bevoordeeldes hulle plaaslike kennis in die *evaluasieprose*s kan deel nie.

**B. Indikatore**

Die bevoordeeldes van Program X1 heg geen waarde aan die vraelys wat deel van Maatskappy X se verslag is nie; met die gevolg het hulle geen sê in wat geëvalueer behoort te word nie en ook nie hoe die proses moet plaasvind nie. Die bevoordeeldes blyk ook nie gemaklik te wees met die toeganklikheid van die programleiers of die bestuur van die program nie. Hieruit kan gesien word dat die bevoordeeldes nie deelneem aan die beplanning van die evaluasieproses nie en ook nie saam besluit oor die indikatore wat gebruik word nie.

**C. Diversiteit**

Hoewel die bevoordeeldes van Program X1 op geen wyse werklik deel is van die evaluasieproses nie, word hulle kennis wel in die funksionering van die program gebruik en

is dit duidelik dat die maatskappy en die programleier die diversiteit van die gemeenskap in ag neem. Dit is egter problematies dat die bevoordeeldes nie hulle kennis en diversiteit ook in die evaluasie van die program kan gebruik nie.

**Gevolgtrekking oor plaaslike kennis: Program X1**

Die bevoordeeldes se plaaslike kennis word glad nie in die evaluasieproses in ag geneem nie, aangesien die evaluasieproses slegs bestaan uit die invul van 'n vraelys waaraan hulle geen relevansie of belang koppel nie. Hieruit is dit duidelik dat hulle nie bydra tot die indikatore wat in die vraelys vasgestel is nie. Die feit dat die evaluasie-afdeling van die verslag nie relevant is nie, dui daarop dat dit nie die uniekheid en diversiteit van die program en die bevoordeeldes in ag neem nie. Nie een van die drie konsepte wat onder plaaslike kennis uiteengesit is, is teenwoordig by die evaluasie van program X1 nie, en daarom word die afleiding gemaak dat plaaslike kennis geen bydrae tot, of invloed op, die evaluasie het nie.

#### 4.3.3.2 Plaaslike kennis: Program X2

**A. Inagneming**

> *As ons nie met hulle deel wat hier aangaan nie, sal hulle nooit kan verstaan hoekom dinge werk soos dit werk nie; hulle het ons insette baie nodig en hulle vat dit elke dag.*

Dit was die eerste opinie van een van die bevoordeeldes van Program X2 af. Die programleier was ook van mening dat die gemeenskap haar en haar span al baie geleer het, en dat hulle programme (regoor Suid-Afrika) nie so suksesvol sou wees sonder die insette van die gemeenskap self nie. Sy het die volgende gesê:

> *Die bevoordeeldes se kennis oor die gemeenskap, die tradisies, die tradisionele leiers en die plaaslike omgewing is die waardevolste aspek van die evaluasie van elke program.*

Sy het meestal ook verwys na die funksionering van die program en die belangrikheid van plaaslike kennis in die verloop van elke dag. Sy het wel genoem dat dit belangrik is dat die bevoordeeldes ook verstaan waarom daar evaluasie plaasvind en dit moet vir hulle gemaklik wees om deel te neem aan die evaluasie. Die bevoordeeldes het gesê dat hulle kennis baie belangrik is in die evaluasie, omdat die hele program op grond van hulle ervaring geëvalueer

word. Dit is duidelik dat plaaslike kennis in die funksionering van die program sowel as die evaluasie in ag geneem word.

**B. Indikatore**

Tydens die fokusgroep met die bevoordeeldes van Program X2 het dit duidelik geword dat hulle kennis 'n invloed op die funksionering van die program het, maar die bevoordeeldes blyk nie werklik insette te hê as dit kom by die bepaling van die evaluasieproses en die indikatore wat gebruik gaan word nie. Hulle besluit saam waar en wanneer evaluasie sal plaasvind en hulle huiwer ook glad nie om vir die programleier en haar span te sê wat werk in die program en wat werk nie, maar die evaluasiemetodes en prosesse word nie op grond van hulle insette gestruktureer nie.

**C. Diversiteit**

Dit het duidelik uit die semigestruktureerde onderhoud met die programleier en die fokusgroep met die bevoordeeldes na vore gekom dat die diversiteit van die bevoordeeldes en die gemeenskap, in terme van tradisies, waardes en gewoontes, 'n groot bepaling is waarvolgens Program X2 gestruktureer word. Die bevoordeeldes is deel van die besluitneming oor waar en wanneer die evaluasie gaan plaasvind en hulle het ook begrip vir die belangrikheid van die evaluasie. Hulle diversiteit word in ag geneem tydens evaluasie, maar dit kan meer bydra tot die beplanning en strukturering van die evaluasie as wat tans die geval is.

**Gevolgtrekking oor plaaslike kennis: Program X2**

Dit is duidelik dat die bevoordeeldes van Program X2 se plaaslike kennis beslis in beide die funksionering van die program en ook tydens die evaluasie in ag geneem word en as 'n bron van kennis gebruik word. Hulle diversiteit dra ook by tot die strukturering van die verloop van die program, maar nie werklik tot die manier waarop die evaluasie plaasvind nie. Die bevoordeeldes is nie betrokke by die daarstelling van die indikatore wat in die evaluasieproses gebruik gaan word nie. Uit hierdie inligting kan gesien word dat die sekondêre konsep plaaslike kennis in ag geneem word in die evaluasieproses, maar dat dit nie werklik bydra tot die indikatore nie.

#### 4.3.3.3 Plaaslike kennis: Program X3

**A. Inagneming**

By die vorige afdeling is daar waargeneem dat daar geen betrokkenheid van die programleier of die bevoordeeldes van Program X3 by die evaluasieproses is nie. Die leier sowel as die bevoordeeldes se persepsies was egter dat hulle geen stem in die evaluasie van die program het nie. Dit was deurlopend duidelik dat Maatskappy X slegs staatmaak op die verslag as evaluasiemetode. Hoewel die bevoordeeldes die vrae in die verslag moet antwoord, blyk dit nie of plaaslike kennis vir die maatskappy 'n prioriteit is nie; weens die kurrikulum-gebaseerde aard van die program wat lei tot vasgestelde en universele vraelyste vir evaluasie word die diversiteit en uniekheid van die bevoordeeldes en die program nie in ag geneem nie. Die bevoordeeldes het egter gevoel dat plaaslike kennis in ag geneem behoort te word, maar daar is nie geleentheid vir hulle om hierdie opinies te lug nie.

**B. Indikatore**

Aangesien Maatskappy X van mening was dat Program X3 se sukses uitsluitlik gemeet kan word aan die slaagsyfer en prestasie van die wiskunde-uitslae van die skool, en daarom slegs die verslag gebruik om die program te evalueer, is dit duidelik dat die gemeenskap nie betrokke is by die daarstelling van indikatore van die evaluasieproses nie.

**C. Diversiteit**

Die bevoordeeldes van Program X3 begryp nie die waarde of relevansie van evaluasie nie; een rede hiervoor kan die gebrek aan erkenning van die belangrikheid van plaaslike kennis en die inagneming van diversiteit in die opstel en samestelling van die vraelyste en die implementering van evaluasiemetodes in Program X3.

**Gevolgtrekking oor plaaslike kennis: Program X3**

By Program X3 word van vasgestelde vrae, wat deur die maatskappy saamgestel is, vir evaluasie gebruik. Die voorafgestelde vraelys dui op ’n gebrek by inagneming van plaaslike kennis en diversiteit van die bevoordeeldes, en ook op ’n gebrek in die bevoordeeldes se bydrae tot die bepaling van indikatore waarvolgens die program geëvalueer behoort te word.

#### 4.3.3.4 Plaaslike kennis: Program Y1

**A. Inagneming**

Die programleier van Program Y1 het verduidelik dat die maandelikse een-tot-een gesprekke spesifiek gebruik word om die bevoordeeldes se kennis van die kultuur en tradisies van die gemeenskap in te win. Sy is van mening dat hulle kennis en ervaring onvervangbaar is. Die bevoordeeldes het ook bevestig dat hulle hul plaaslike kennis veral in die evaluasiegeleenthede deel. Hulle was van mening dat die evaluasiegeleenthede altyd rondom hulle skedules en beskikbaarheid gereël word. Uit die fokusgroepbespreking het dit duidelik geword dat die bevoordeeldes die belangrikheid van evaluasie begryp, maar ook bewus is van die belangrikheid van hulle kennis in die evaluasieproses. Die maatskappyverteenwoordiger van Maatskappy Y is ook dikwels teenwoordig in die groepevaluasies wat elke ses weke plaasvind. Sy was van mening dat die programleier en die bevoordeeldes alle fasette van die program bespreek en saam besluite neem.

Die evaluasieproses van Program Y1 word gebruik om plaaslike kennis in te win en sodoende word die kennis, tradisies en waardes in ag geneem in beide die funksionering van die program en ook tydens die evaluasie.

**B. Indikatore**

Die bevoordeeldes van Program Y1 voel dat die program so goed funksioneer omdat hulle almal saamstem en dieselfde uitkomste en doelwitte in die oog het. Hulle beskou hulself as deel van die besluitnemingsprosesse rakende die evaluasie van die program omdat hulle gereeld geleentheid kry om voorstelle en inisiatiewe rondom evaluasie aan die lig te bring. Die bevoordeeldes het ’n voorbeeld gegee waar hulle voorgestel het dat die afrigters ook geëvalueer moet word. Hierdeur het die oorsake van sommige klagtes uiteindelik na vore gekom en kon oplossings bepaal word.

Volgens die programleier word die evaluasieproses ook op grond van die bevoordeeldes se belange beplan en saamgestel. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die bevoordeeldes se kennis en belange 'n invloed op die daarstelling van indikatore vir die evaluasie van die program het.

**C. Diversiteit**

Dit lyk of die bevoordeeldes se diversiteit ten alle tye in Program Y1 in ag geneem word. Die programleier het die volgende gesê:

*Program Y1 is absoluut afhanklik van die bevoordeeldes; ons leer by hulle hoe om met die dansers te werk en watter van ons idees sal werk vir die program en watter nie sal werk nie.*

Aangesien die bevoordeeldes betrokke is by die daarstelling van indikatore vir die evaluasieproses en ook uit die programleier, die maatskappy en die bevoordeeldes se gesindheid en ervaring van die evaluasieproses kan afgelei word dat die diversiteit van die bevoordeeldes en die gemeenskap ook in ag geneem word tydens die evaluasieproses.

**Gevolgtrekking oor plaaslike kennis: Program Y1**

Uit die bogenoemde inligting is dit duidelik dat plaaslike kennis 'n geweldige groot rol in die funksionering van Program Y1 speel en ook tydens die evaluasieprosesse. **Plaaslike kennis** en **diversiteit** word nie net **in ag geneem** in die evaluasie nie, maar word ook gebruik om die **indikatore** daar te stel waarvolgens die program geëvalueer word. Aangesien al drie konsepte wat onder plaaslike kennis uiteengesit is teenwoordig is, word die afleiding gemaak dat Program Y1 plaaslike kennis in ag neem en gebruik in die evaluasie.

#### 4.3.3.5 Plaaslike kennis: Program Y2

**A. Inagneming**

Die verteenwoordiger van Maatskappy Y, die *evaluasiemaatskappy* en die programleier van Program Y2 is van mening dat die aard van Program Y2 hom nie daartoe leen om die kennis van die plaaslike bevoordeeldes as belangrik te ag in die evaluering van die program nie.

Die bevoordeeldes het tydens die fokusgroep ook klem daarop gelê dat hulle nog nooit aangemoedig is om hulle kennis en opinies te deel met enige van die betrokke partye nie. Hulle was van mening dat die *evaluasiemaatskappy* se vrae aan hulle baie tegnies is, en nie gaan oor hulle gevoelens en persepsies nie.

*Die evaluasiemaatskappy kom gebruik net al ons tyd op, hulle wil niks weet van ons nie, dit gaan net oor die program.*

Na aanleiding van hierdie inligting is dit duidelik dat plaaslike kennis nie in ag geneem word in Program Y2 nie. Al die betrokke vennote - Maatskappy Y, die programleier, die bevoordeeldes en die *evaluasiemaatskappy* - erken die afwesigheid van plaaslike kennis in

die program en spesifiek in die evaluasieprosesse.

**B. Indikatore**

Tydens die semigestruktureerde onderhoud met die programleier het hy dit ook duidelik gemaak dat die program nie van hom verlang om die plaaslike kennis en opinies van die bevoordeeldes aan hulle te kommunikeer in sy verslag nie. Hulle vra ook nie hieroor uit in die vergadering wat daar gehou word nie. Die bevoordeeldes verstaan nie die vrae wat in die verslag beantwoord moet word nie, en sien ook nie die relevansie van die evaluasie wat deur die verslag of deur die evaluasiemaatskappy plaasvind nie.

Die evaluasiemaatskappy was van mening dat Maatskappy Y daarop aandring dat daar nie op die bevoordeeldes se opinies, kultuurverskille, persepsies en gevoelens gefokus moet word nie. Hulle het gesê dat die program streng oor onderrig gaan en dat die bevoordeeldes se voorkeure en afkeure nie met die programprosesse en sisteme moet "inmeng" nie.

Hieruit is dit ook duidelik dat die bevoordeeldes geen insette tydens evaluasie of die bepaling van indikatore vir die evaluasieproses het nie.

**C. Diversiteit**

Uit die bogenoemde kan afgelei word dat plaaslike kennis van die hand gewys word in die funksionering en ook in die uitvoering van evaluasie van Program Y2. Daar word slegs staat gemaak op die voorafgestelde vrae van die verslag en die evaluasiemaatskappy se besoeke, wat volgens die programleier en die bevoordeeldes nie sinvol is nie. Hieruit kan afgelei word dat die diversiteit van die gemeenskap nie in ag geneem word by die funksionering van die program nie, en beslis ook nie tydens evaluasie nie.

**Gevolgtrekking oor plaaslike kennis: Program Y2**

Dit is baie duidelik dat die plaaslike kennis en diversiteit van die bevoordeeldes en hulle gemeenskap nie in ag geneem word in die funksionering en veral tydens die evaluasie van Program Y2 nie en dat hulle gevolglik nie betrokke is by die identifisering van indikatore vir evaluasie nie. Aangesien al drie die konsepte ontbreek, word die afleiding gemaak dat plaaslike kennis nie in ag geneem word of gebruik word in die evaluasieproses nie.

Die derde teoretiese stelling stel dat deelnemende evaluasie behoort te getuig van die insameling, inagneming en respektering van plaaslike kennis wanneer die bepaling van indikatore vir die evaluasie in die ontwikkelingsprogram daargestel word. In sommige van die programme is dit duidelik dat die bevoordeeldes se plaaslike kennis in ag geneem word

tydens evaluasie, maar in die meeste programme kan gesien word dat hulle nie werklik die totale omvang van hierdie konsep begryp nie en dat die inagneming van plaaslike kennis tydens die evaluasieproses nie as 'n prioriteit beskou word nie (sien afdelings 2.3.4 en 2.5.3).

#### 4.3.4 BEMAGTIGINGSDOELWITTE

Bemagtigingsdoelwitte in die evaluasieproses word volgens die literatuur in hoofstuk 3 (3.7.4) in drie areas van belang verdeel. Hierdie areas vorm dan die sekondêre konsepte van die beginsel *bemagtigingsdoelwitte.* Die areas is **selfonderhoud**, emosionele en **kognitiewe dimensies** van ontwikkeling, en die gebruik van **bestaande hulpbronne**. Selfonderhoud veronderstel dat die bevoordeeldes van KSV-programme beheer begin neem oor hulle eie situasie en evaluasie. Die kognitiewe dimensie van ontwikkeling dui daarop dat hulle ook kognitief en intellektueel gestimuleer moet word wat sal meebring dat hulle nie net beheer neem oor hulle eie situasies nie, maar dat hulle ook ingeligte en rasionele besluite kan neem oor die evaluasie van hulle situasies om sodoende in die toekoms self die programme te kan evalueer. Die laaste faset beklemtoon die gebruik van bestaande hulpbronne; dit verwys daarna dat dit belangrik is dat die evaluasieproses gebruik maak van natuurlike hulpbronne wat bestaan in die omgewing en ook van die vaardighede waaroor die bevoordeeldes reeds besit.

**Konsepte en konstrukte van Bemagtiging**

**Selfonderhoudendheid**

- Bemagtiging om beheer te neem om self welstand te kan verbeter.

**Kognitiewe dimensies**

- Mense begin vir hulle self praat en hulle stemme word gehoor
- Tweerigting, interaktiewe kommunikasie

**Bestaande hulpbronne**

- Maak staat op hulle natuurlike en kulturele omgewing.
- Maak staat op hulle eie hulpbronne, soos lede uit die gemeenskap se energie.

Die vrae wat aan die betrokkenes gevra is, lyk soos volg:

*Hoe word die gemeenskap bemagtig in die evaluasieproses?*

*Tot watter mate word die gemeenskap in staat gestel om hulle eie besluite te neem?*

#### 4.3.4.1 Bemagtigingsdoelwitte: Program X1

**A. Selfonderhoud**

Die bevoordeeldes en die programleier van Program X1 het soos uit een mond geantwoord dat die bevoordeeldes tot so 'n mate bemagtig is dat hulle op hulle eie al die vaardighede wat aan hulle geleer is, kan toepas. Daar is goed verduidelik tot watter mate die bevoordeeldes selfonderhoudend is in terme van die vaardighede wat hulle aanleer, maar op grond van gebrek aan betrokkenheid van die bevoordeeldes tydens die *evaluasieprosesse* is dit duidelik dat hulle nie deur evaluasie bemagtig word nie.

Die verteenwoordiger van Maatskappy X is van mening dat bemagtiging een van die belangrikste aspekte vir die ontwikkeling van mense is. Sy het verduidelik dat al Maatskappy X se KSV-programme daarna streef om mense te bemagtig, sodat die mense verantwoordelikheid oor hulle eie lewens kan neem:

> *Die doel van die ontwikkeling is om te sorg dat mense verantwoordelik raak vir hulle eie lewens, dat hulle nie net vir hulleself nie, maar ook vir hulle kinders kan sorg.*

Hieruit blyk dit dat die bevoordeeldes se bemagtiging 'n hoë prioriteit is in die ontwikkelingsprogramme, maar die evaluasieprosesse blyk nie 'n proses van bemagtiging te wees nie.

**B. Kognitiewe dimensie**

Die bevoordeeldes het weer daarna verwys dat hulle nie hulle eie besluite kan neem nie, en dat hulle nie tevrede is met die wyse waarop evaluasie in Program X1 plaasvind nie. Een van die bevoordeeldes het die volgende voorbeeld aan die lig gebring:

> *As die senior bevoordeelde vroegoggend by háár kant van die gemeenskap wil begin werk, kan ons niks maak nie, dan moet ons donkeroggend tot daar stap – oor dié het ons al gekla, maar daar verander niks aan die system nie!*

Daar is talle soortgelyke voorbeelde genoem en dit is duidelik dat die bevoordeeldes se stemme nie gehoor word nie. Die bevoordeeldes word dus glad nie deur die evaluasie bemagtig om self besluite te neem en kognitiewe vaardighede en denke te verbeter of om in die toekoms self die program te evalueer nie.

**C. Bestaande hulpbronne**

Die bevoordeeldes voel nie dat hulle enige kennis en insig in die evaluasieprosesse kan

deel nie; hulle sien dit as ’n proses waartydens hulle onnodige vrae moet beantwoord waaraan hulle geen insette gelewer het nie. Na aanleiding van die bogenoemde is dit duidelik dat daar nie van die gemeenskap se bestaande hulpbronne vir die evaluasie gebruik word nie en die bevoordeeldes kan dus nie self die evaluasie doen nie.

**Gevolgtrekking oor bemagtigingsdoelwitte: Program X1**

Die afwesigheid van betrokkenheid van die bevoordeeldes by die evaluasieproses het tot gevolg dat selfonderhoud nie meegebring word daardeur nie, en die feit dat hulle ook nie deel is van enige besluitnemingsprosesse nie, bring mee dat die kognitiewe dimensie van bemagtiging ook nie ontwikkel word nie. Daar word ook nie op bestaande hulpbronne staatgemaak nie, omdat die bevoordeeldes nie hulle voorstelle na vore kan bring nie. Dit blyk dus dat die evaluasie van Program X1 nie bemagtigingsdoelwitte voor oë het nie.

#### 4.3.4.2 Bemagtigingsdoelwitte: Program X2

**A. Selfonderhoud**

Die programleier van Program X2 en die bevoordeeldes het tydens die semigestruktureerde onderhoud en fokusgroep in diepte verduidelik dat die bevoordeeldes van die program tot so 'n mate bemagtig word dat hulle geheel en al op hulle eie kan funksioneer. Die bevoordeeldes is van mening dat hulle baie keer verandering in die program voorstel tydens en ook vir die evaluasiesessies en dat die veranderinge meestal so plaasvind. Die programleier het ook verduidelik dat die bevoordeeldes self bepaal hoe die program evalueer word, maar dat dit soms nodig is om beheer te neem as die bevoordeeldes se idees nie realisties is nie. Maatskappy X is glad nie deel van die evaluasieproses nie; die terugvoer van die geleenthede word net deur middel van die verslag aan hulle gestuur.

Uit die inligting kan afgelei word dat die bevoordeeldes van Program X2 bemagtig word om self besluite te neem rakende die evaluasie van die program en om te leer om hulle opinies en kennis te deel in die evaluasieproses en ook moontlik self in die toekoms die program sal kan evalueer.

**B. Kognitiewe dimensie**

Na aanleiding van die bogenoemde is dit duidelik dat die bevoordeeldes gereeld voorstelle vir die evaluasie van Program X2 maak. Deur die toepassing van dié voorstelle en besluite word hulle kognitief gestimuleer om rasionele besluite te kan neem rakende hulle situasies.

Hoe meer daar staatgemaak word op die besluitneming en insette van die bevoordeeldes in die gemeenskap, hoe meer selfonderhoudend behoort die program te raak, ook in terme van evaluasie.

**C. Bestaande hulpbronne**

Volgens die programleier en die bevoordeeldes van Program X2 vind die evaluasieproses by die bakkery in die gemeenskap plaas. Die bevoordeeldes reël self die maandelikse byeenkomste en doen die meeste van die praatwerk. Die bevoordeelde wat in beheer is van die program (die bakkery is ook na haar vernoem) lei gewoonlik die vergadering met behulp van die programleier. Die programleier is van mening dat die bevoordeeldes self die evaluasie kan afhandel, indien dit daarop sou neerkom. Hieruit is dit duidelik dat die energie van die bevoordeeldes, as bestaande hulpbron vir die evaluasie gebruik word en dat hulle in die toekoms self die evaluasie behoort te kan doen.

**Gevolgtrekking oor bemagtigingsdoelwitte: Program X2**

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat die bevoordeeldes deur die evaluasieproses bemagtig word. Deur hulle noue betrokkenheid word **selfonderhoud** meegebring en word die **kognitiewe dimensie** van bemagtiging ontwikkel. Hulle insette lei ook tot die gebruik van **bestaande hulpbronne** in die program.

#### 4.3.4.3 Bemagtigingsdoelwitte: Program X3

**A. Selfonderhoud**

Tydens die semigestruktureerde onderhoud met die programleier van Program X3 het dit duidelik geword dat hy dink die bevoordeeldes word ten volle bemagtig in die program:

> *Die bevoordeeldes word volkome bemagtig en dit kan gesien word in die uitslae en prestasies van die betrokkenes by die program.*

Uit hierdie aanmerking word dit net weer beklemtoon dat daar volgens Maatskappy X en die programleier van Program X3 net op grond van slaagsyfer en prestasies, eerder as die bevoordeeldes se opinies en gevoelens, besluit word of die program suksesvol is.

Volgens die bevoordeeldes word hulle nie volkome bemagtig deur die program nie, omdat hulle voel hulle kan nuwer metodes van onderrig aanleer. Die bevoordeeldes het verduidelik dat hulle uit verskillende provinsies kom en daarom kan hulle 'n geweldige nuttige bydrae tot

die leer- en onderrigmetodes maak, maar hulle is van mening dat daar geen geleentheid vir hulle is om hulle diverse kennis met die programleier te deel nie. Hulle is van mening dat hulle die evaluasie van die program anders sou struktureer sodat hulle insette en kennis ook gehoor kan word.

Na aanleiding van die inligting kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die bevoordeeldes nie bemagtig word deur die evaluasieproses nie. Hulle stemme word nie gehoor nie en hulle kan nie hulle eie besluit rakende hulle ontwikkeling of die evaluasieproses neem nie.

**B. Kognitiewe dimensie**

Uit die bogenoemde kan ook afgelei word dat die bevoordeeldes, naas die wiskunde- en wetenskapkennis, nie in die kognitiewe dimensie bemagtig word nie. Die bevoordeeldes praat nie vir hulleself nie en neem ook geen besluite rakende hulle ontwikkeling nie en spesifiek nie oor die evaluasie in die program nie. Hulle word gevolglik nie bemagtig om in die toekoms self die evaluasie van die program te kan doen nie.

**C. Bestaande hulpbronne**

Die bevoordeeldes van Program X3 is almal ontevrede oor die afstand wat hulle elke keer moet reis om by die Universiteit te kom. Hulle begryp nie waarom daar nie in hulle eie provinsies ook geleentheid vir hulle kan wees om die onderrig te ontvang nie. Hulle lewer geen insette tot die program nie en daar word ook nie van bestaande hulpbronne gebruik gemaak tydens die evaluasie nie.

**Gevolgtrekking oor bemagtigingsdoelwitte: Program X3**

Uit die inligting kan gesien word dat Program X3 se evaluasieproses nie 'n selfonderhoud of kognitiewe dimensie van ontwikkeling meebring nie. Daar word ook nie van bestaande hulpbronne gebruik gemaak nie. Die afleiding word hier gemaak dat die evaluasie van die program nie bemagtiging meebring nie.

#### 4.3.4.4 Bemagtigingsdoelwitte: Program Y1

**A. Selfonderhoud**

Die bevoordeeldes van Program Y1 en die programleier het baie uitgebrei oor die bemagtiging van elke bevoordeelde deur die program; hulle voel dat die program hulle op verskeie maniere bemagtig: die program fokus nie net op spesifieke vaardighede nie, maar

bou ook hulle selfvertroue en karakter. Een van die bevoordeeldes het die volgende gesê:

> *Program Y1 leer ons om vir onsself te sorg, en om die beste van ons lewens te maak; hier sien mens eers jou talents en dan kan jy die ander mense ook help om hulle talents raak te sien.*

Die verteenwoordiger van Maatskappy Y het die volgende aanmerking oor bemagtiging gemaak:

> *Bemagtiging is die oorhoofse doel van Maatskappy Y se KSV-programme; dit is vir ons belangrik dat elke bevoordeelde wat deel van die program is tot so 'n mate sal ontwikkel dat hy of sy werklik bemagtig word om alleen 'n bestaan te kan maak.*

Uit die bogenoemde is dit reeds duidelik dat die bevoordeeldes bemagtig word om ander ook uit hulle omstandighede te probeer help. Hulle kan ook beheer neem oor hulle ontwikkeling deur die evaluasieprosesse wat vir hulle geleentheid bied om hulle opinies te lug en nuwe idees en inisiatiewe aan die lig te bring. Hierdeur word selfonderhoud meegebring en kan die afleiding gemaak word dat die bevoordeeldes deur die evaluasie, wat deur die programleier uitgevoer word, selfonderhoudend word. Dit is egter duidelik dat die evaluasie deur middel van die evaluasiemaatskappy nie selfonderhoud meebring nie.

**B. Kognitiewe dimensie**

Die bevoordeeldes van Program Y1 is baie betrokke by die evaluasieproses en leer om krities en rasioneel te dink, sodat hulle voorstelle die program sal verbeter. Hierdie stelling word gemaak na aanleiding van een van die bevoordeeldes se woorde:

> *Voor ons kan change aan die dinge hier, moet ons eers kan dink dat dit gaan werk, dit help nou nie ons change die hele setup en dit maak nie die dinge makliker nie.*

Al die bevoordeeldes het saam met die bogenoemde stelling gestem, en dit het duidelik geword dat die bevoordeeldes bemagtig word in terme van die kognitiewe dimensie om self die evaluasie te kan uitvoer.

**C. Bestaande hulpbronne**

Die bevoordeeldes en die programleier het vertel van verskeie geleenthede waar ouers van die bevoordeeldes betrek is by die program om toesig te hou oor die bevoordeeldes; daar is ook verwys na geleenthede waar daar in die gemeenskappe opgetree is en dat daar in een van die gemeenskappe van 'n saal gebruik gemaak word tydens vakansietye om klein kinders uit die gemeenskappe te leer dans. Volgens die maatskappyverteenwoordiger van

Maatskappy Y is dit meestal die bevoordeeldes se idees om die program na die gemeenskappe toe te neem en volgens haar is dit een van die hoogtepunte van die sukses van Program Y1. Hieruit is dit duidelik dat daar gepoog word om natuurlike en bestaande hulpbronne te gebruik en ook van lede uit die gemeenskap se energie en vaardighede. Dit is nie duidelik of die vaardighede en hulpbronne ook in die evaluasie gebruik word nie.

**Gevolgtrekking oor bemagtigingsdoelwitte: Program Y1**

Uit die bogenoemde inligting is dit duidelik dat die bevoordeeldes meer **selfonderhoudend** raak en **kognitiewe dimensies** van bemagtiging ook ontwikkel deur middel van hulle betrokkenheid by die evaluasieproses. Daar word ook op **bestaande hulpbronne** staatgemaak na aanleiding van die bevoordeeldes se voorstelle tydens die evaluasieproses. Aangesien al die konsepte wat onder bemagtigingsdoelwitte uiteengesit is teenwoordig is in die evaluasie van Program Y1, word die gevolgtrekking gemaak dat die evaluasieproses bemagtigingsdoelwitte voor oë het.

#### 4.3.4.5 Bemagtigingsdoelwitte: Program Y2

**A. Selfonderhoud**

Net soos by Program X3 het die programleier verduidelik dat die bemagtiging in Program Y2 uitsluitlik slegs gemik is op die wiskundevaardighede wat die bevoordeeldes aanleer. Die bevoordeeldes het die programleier se opinie versterk deur daarna te verwys dat hulle bemagtig word deur die vaardighede wat hulle aanleer, maar hulle is van mening dat die evaluasieproses van die program nie tot hulle bemagtiging bydra nie.

Die bevoordeeldes het die besoeke van die *evaluasiemaatskappy* as "tydmors" en "irrelevant" beskryf. Hulle het erken dat daar wel geleentheid is vir hulle om hulle opinies te lug tydens hulle gesprekke met die programleier, maar dit bring geen verandering mee in die program nie. Dit is ook duidelik dat hulle geen insette lewer in die manier waarop die evaluasie plaasvind of wat geëvalueer word nie. Uit die onderhoude en fokusgroep het dit duidelik geword dat die bevoordeeldes nie beheer neem oor hulle eie situasies nie, en veral nie oor die wyse waarop evaluasie in die program geskied nie. Hulle stemme word glad nie verlang of gehoor rondom die evaluasieprosesse nie en selfonderhoud kan nie meegebring word nie wat beteken dat die bevoordeeldes nie in die toekoms self die program sal kan evalueer nie.

### B. Kognitiewe dimensie

Aangesien die bevoordeeldes nooit geleentheid het om veranderinge aan die program voor te stel nie, en ook nie deel uitmaak van enige besluitnemingsprosesse nie, kan die afleiding gemaak word dat daar geen kognitiewe stimulering deur middel van die evaluasieproses van Program Y2 plaasvind nie.

### C. Bestaande hulpbronne

Die klaskamers van die skool waar die kinders skoolgaan word gebruik vir die onderrig van die program en ook vir die evaluasiegeleenthede, in dié sin word daar van bestaande hulpbronne in die gemeenskap gebruik gemaak. Die kennis en energie van die bevoordeeldes en die gemeenskap word egter nie gebruik in die evaluasieproses nie.

**Gevolgtrekking oor bemagtigingsdoelwitte: Program Y2**

Na aanleiding van die bogenoemde en ook op grond van die vasgestelde sistematiese prosesse waarvolgens die uitvoering van Program Y2 geskied, is dit duidelik dat daar nie selfonderhoud deur middel van evaluasie meegebring word nie. Dit is ook duidelik dat die bevoordeeldes nie 'n kognitiewe dimensie ontwikkel deur die evaluasie van Program Y2 nie. Daar word ook nie werklik op bestaande hulpbronne staat gemaak nie. Hieruit word die gevolgtrekking gemaak dat die evaluasie van die program nie tot bemagtiging bydra nie.

Die vierde teoretiese stelling veronderstel dat deelnemende evaluasie behoort te getuig van bemagtigingsdoelwitte wat beide emosionele en motiverende dimensies asook kognitiewe of intellektuele dimensies aanspreek en waar gemeenskappe in staat gestel word om beheer oor hul eie situasie uit te oefen. In die twee programme waar deelnemende evaluasie waargeneem is, is dit duidelik dat daar 'n groter neiging na kognitiewe dimensies van bemagtiging is as by die ander drie programme. Die vennote wat deel is van deelnemende evaluasie, begin vir hulleself praat en besluite neem (sien afdelings 2.3.2 en 2.5.4).

### 4.3.5 VERANDERING

Deelnemende evaluasie gaan daaroor dat alle vennote betrokke is in die evaluasieprosesse van die program. Hierdie betrokkenheid kan daartoe lei dat **aksie** geneem word oor probleme wat geïdentifiseer word tydens evaluasie (sien afdeling 3.7.5) Die literatuur verduidelik dat effektiewe, deelnemende evaluasie daartoe lei dat metodes anders geïmplementeer word om die huidige probleme op te los en toekomstige probleme te voorkom. Wanneer die bevoordeeldes deel is van die evaluasieproses en verstaan waaroor dit gaan, behoort die program dus meer **behoefte-georiënteerd** te word. Verandering behoort sodoende plaas te vind in die fokus en uitvoering van die program nadat die bevoordeeldes deel geword het van die evaluasieproses (sien afdeling 3.5.7). Die rede vir dié verandering is die **gemeenskap** (bevoordeeldes) **se bydrae**; hulle behoort insette te lewer by die definiëring van probleme wat voorkom in die fasiliteite, by die daarstelling van doelwitte betrokke te wees en ook by die oplossing van probleme. By hierdie beginsel is daar dus vier sekondêre konsepte geïdentifiseer, naamlik *aksie*, *implementering van metodes*, *behoefte-georiënteerde fokus* en *gemeenskapsbydrae.* Onder elkeen van hierdie sekondêre konsepte is weer konstrukte gevorm, soos in die blokkie aangedui word. Hierdie konstrukte het weer as riglyn gedien in die semigestruktureerde onderhoude en fokusgroepe met al die bevoordeeldes. Die vraag wat aan almal gestel is, is:

**Konsepte en konstrukte van verandering:**

**Aksie**

- Aksie word geneem teenoor probleme wat tans ondervind word in die ontwikkelingsproses

**Implementering van metodes**

- Verandering in die implementering van metodes

**Behoefte-georiënteerde fokus**

- Meer behoefte-georiënteerd (verandering in fokus en uitvoering van program)

**Gemeenskapsbydrae**

- Gemeenskap lewer insette by identifisering van probleme en oplossings

*Verduidelik hoe metodes en aktiwiteite verander na evaluasie plaasgevind het.*

#### 4.3.5.1 Verandering: Program X1

**A. Aksie**

Die programleier was van mening dat sy gereeld die probleme wat ondervind word in die program aanteken op die verslae wat sy terugstuur na Maatskappy X. Sy en die

bevoordeeldes het egter gevoel dat daar selde aksie geneem word op grond van die die probleme wat deur die verslag aan die maatskappy gekommunikeer word. Dit het ook duidelik geword dat beide die partye negatief is teenoor die aksie wat die maatskappy wel neem; die programleier het as volg gereageer:

> *Ek het al gesien hulle probeer 'n probleem soos die kleredrag uitsort, maar dit was nie reg nie, hulle het nie die probleem verstaan nie.*

Volgens die programleier het die kleredragprobleem ontstaan toe die bevoordeeldes begin kla het oor die hoë hakskoene wat hulle by hulle uniform moes dra. Volgens die programleier het die vroue gesukkel om elke dag lang afstande op ongelyke stofpaaie te loop met die hoë hakke. Sy (die programleier) het hierdie klagte aan die maatskappy deurgegee deur middel van die kwartaallikse verslag; na 'n paar weke het die maatskappyverteenwoordiger aangekondig dat die vroue slegs drie keer 'n week in uniform hoef te werk. Die programleier is van mening dat hierdie oplossing glad nie die probleem opgelos het nie, maar inteendeel nuwe probleme geskep het – die bevoordeeldes besit nie almal netjiese werksklere nie, en daarom was hulle eintlik ingenome met die dra van uniforms.

Uit die semigestruktureerde onderhoud met die programleier en die fokusgroep met die bevoordeeldes het dit duidelik geword dat Maatskappy X nie ten alle tye aksie neem om die probleme wat deur die gemeenskap geïdentifiseer word nie, aan te spreek nie. Indien hulle wel aksie neem, lei dit dikwels tot verdere probleme in plaas daarvan om die probleem op te los.

### B. Implementering van metodes

Die bevoordeeldes van Program X1 is ontevrede oor die werkskedules, die paaie wat hulle daagliks moet stap, die klere wat hulle moet aantrek, die manier waarop hulle ingedeel word op hulle skedules, en volgens die bevoordeeldes het hulle nooit 'n bydrae gehad of insette gelewer tot die gekose metodes waarvolgens die program funksioneer nie. Dit is ook duidelik dat daar nie na afloop van die evaluasie enige verandering in die metodes wat gevolg word plaasvind nie. Dus word die afleiding gemaak dat die evaluasie nie lei tot implementerig van nuwe metodes in Program X1 nie.

### C. Behoefte-georiënteerd

Program X1 blyk nie behoefte-georiënteerd te wees nie, omdat die fokus en uitvoering van die program selde verander en die bevoordeeldes ontevrede bly. Daar word besluite geneem sonder dat die bevoordeeldes of selfs die programleier genader word daaroor en

daarom word die werklike behoeftes van die bevoordeeldes nie aangepreek nie.

**D. Gemeenskapsbydrae**

Die bogenoemde kleredragkwessie en die veiligheidskwessie wat reeds bespreek is, dui op 'n gebrek aan gemeenskapsbydrae in die identifisering van oplossings vir probleme. Hoewel die bevoordeeldes die probleme kan identifiseer, is hulle glad nie betrokke by die oplossing daarvan nie en daarom word daar nie in hulle werklike behoeftes voorsien nie en word probleme nie toepaslik aangespreek nie.

**Gevolgtrekking oor verandering: Program X1**

Dit is duidelik dat Program X1 se bevoordeeldes nie tevrede is met die verandering wat plaasvind na afloop van die evaluasieprosesse van die program nie. Daar word selde of verkeerdelik **aksie** geneem oor probleme wat in die program ontstaan; die **implementering van metodes** verander nie na aanleiding van voorstelle of idees wat tydens evaluasie daargestel word nie en dit bring mee dat die program nie **behoefte-georiënteerd** is nie. Die hoofrede hiervoor is die gebrek aan gemeenskapsbydrae tot die evaluasie en ook tot die program as 'n geheel. Die gevolgtrekking wat hier gemaak word, is dat die evaluasieproses van Program X1 nie tot verandering in die program lei nie.

#### 4.3.5.2 Verandering: Program X2

**A. Aksie**

Die programleier het tydens die semigestruktureerde onderhoud genoem dat sy, haar span en die bevoordeeldes bepaal hoe strukture en metodes verander na afloop van die evaluasie. Aangesien Maatskappy X nie betrokke is by die evaluasie of die funksionering van die program nie, is dit volgens die programleier hulle verantwoordelikheid om aksie te neem oor probleme. Maatskappy X word egter dadelik betrek as die probleme of voorstelle finansiële implikasies het. Die programleier het klem daarop gelê dat hulle deurgaans nuwe idees probeer implementeer wat deur die bevoordeeldes voorgestel word.

Die bevoordeeldes het die programleier se mening bevestig en het verduidelik dat daar gereeld aksie geneem word op grond van die probleme wat hulle identifiseer en dat hulle gereeld nuwe inisiatiewe uittoets. Hulle blyk tevrede te wees met die aksie wat geneem word op grond van hulle klagtes of voorstelle vir nuwe idees.

### B. Implementering van metodes

Die bevoordeeldes en die programleier het genoem dat die metodes waarvolgens die program funksioneer gereeld aangepas word, omdat hulle beter tegnieke leer ken. Die bevoordeeldes se persepsies is dat hulle enige tyd voorstelle van nuwe metodes met die programleier kan bespreek en dat hulle dan die verandering kan aanbring na die bespreking, indien dit so besluit en goedgekeur is deur almal wat betrokke is. Hieruit is dit duidelik dat daar 'n verandering in die implementering van metodes plaasvind na afloop van die evaluasieprosesse.

### C. Behoefte-georiënteerd

Dit is ook duidelik dat Program X2 behoefte-georiënteerd is en dat die fokus en uitvoering van die program deurgaans verander om meer effektief tot die ontwikkeling van die bevoordeeldes en die program by te dra.

### D. Gemeenskapsbydrae

Die programleier van Program X2 het verduidelik dat wanneer die bevoordeeldes probleme identifiseer, hulle dit in 'n groep sal bespreek waar al die betrokkenes teenwoordig is. Sy het die volgende gesê:

> *As almal saam dink oor die probleem, kom daar verskeie oplossings na vore en dan kan mens saam kies wat gaan die beste uitwerk vir die program.*

Die programleier het klem daarop gelê dat dit vir haar en haar span meestal nodig is om die positiewe en negatiewe aspekte van al die voorstelle wat die bevoordeeldes identifiseer, duidelik uiteen te sit vir hulle. Sodoende begryp almal hoekom party se voorstelle nie gebruik word nie. Die bevoordeeldes van Program X2 het bevestig dat hulle en die programleier saam besluit oor elke verandering wat aan die program gemaak word. Hulle is van mening dat die programleier nie op haar eie oor goed sal besluit nie, en dat hulle weet van al die veranderinge wat plaasvind.

Hieruit is dit duidelik dat die bevoordeeldes deel van die besluitnemingsproses is en ook bydra tot nuwe idees. Hulle bydrae word as belangrik beskou in die identifisering van probleme en ook in die oplossing daarvan.

### Gevolgtrekking oor verandering: Program X2

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat daar dikwels **aksie** geneem word na aanleiding van probleme wat tydens die evaluasieprosesse van Program X2 geïdentifiseer word. Die

**implementering van metodes** word ook deurgaans aangepas en verander soos die behoeftes van die bevoordeeldes en die program verander; daarom kan die program ook as **behoefte-georiënteerd** beskou word, waarin **gemeenskapsbydrae** kenmerkend is. Die gevolgtrekking word gemaak dat die evaluasie van Program X2 verandering in die program meebring.

#### 4.3.5.3 Verandering: Program X3

**A. Aksie**

Die bevoordeeldes van Program X3 het gesê dat daar geen veranderinge in die program plaasvind na afloop van die evaluasie nie. Hulle is van mening dat hulle probleme en klagtes wat wel aan die orde kom by die evaluasieprosesse, nooit weer daarna met hulle bespreek word nie. Die programleier is ook van mening dat baie van die probleme wat hy in die verslag aanteken en deurgee aan die maatskappy, nooit bespreek word nie.

**B. Implementering van metodes**

Die maatskappyverteenwoordiger van Maatskappy X is van mening dat dit moeilik is om by wiskunde- en wetenskapbevorderingsprogramme deurlopend nuwe metodes tot ontwikkeling te probeer, omdat die ontwikkeling van hierdie vaardighede en kennis baie sistematies is. As gevolg van die vasgestelde kurrikulum waarvolgens Program X3 funksioneer en Maatskappy X se sterk gevoel oor die "inmenging" van sosiale voorkeure en plaaslike waardes en tradisies, is die bevoordeeldes nie deel van die implementering van metodes nie en die metodes verander ook nie op grond van hulle behoeftes nie.

**C. Behoefte-georiënteerd**

Die programleier en die bevoordeeldes het tydens die navorsing nie gemaklik gelyk om oor probleme wat hulle in die program ervaar te praat nie. Die programbetrokkenes erken dat hulle afhanklik is van Maatskappy X en daarom is hulle nie gemaklik om hulle behoeftes te kommunikeer nie. Beide die bevoordeeldes en die programleier ervaar probleme in die program wat nooit aan die lig kom nie as gevolg van 'n gebrek aan kommunikasiegeleenthede en toeganklikheid van die maatskappy.

Die feit dat Program X3 slegs op die behoefte om wiskunde te bevorder fokus, bring mee dat ander behoeftes nie gekommunikeer word nie en indien dit gekommunikeer word, reageer die maatskappy nie noodwendig daarop nie. Die programleier en die bevoordeeldes is in die

duister oor die besluitneming oor hulle versoeke of klagtes en daar word sodoende nie in hulle behoeftes voorsien nie. Die afleiding word gemaak dat die evaluasieproses van Program X3 nie lei tot 'n meer behoefte-georiënteerde program nie.

**D. Gemeenskapsbydrae**

Uit die bogenoemde inligting is dit duidelik dat die program nie verander na aanleiding van die bevoordeeldes se insette nie om twee redes: daar is nie geleentheid vir die programleier en die bevoordeeldes om hulle insette te lewer nie, en die maatskappy is net gefokus om die vasgestelde kurrikulums af te handel. Daar is gevolglik nie ’n gemeenskapsbydrae in die uitvoering van die program nie, en ook nie in die evaluasieproses nie.

**Gevolgtrekking oor verandering: Program X3**

Dit is duidelik dat Program X3 nie staatmaak op insette van die bevoordeeldes om besluite of veranderinge in die program mee te bring nie. Daar word selde aksie geneem op grond van behoeftes wat gekommunikeer is en die implementering van metodes verander slegs op grond van die vasgestelde kurrikulum. Die program kan nie as behoefte-georiënteerd beskou word nie, aangesien die uitkomste en fokus nie verander op grond van die bevoordeeldes se probleme nie. Die gevolgtrekking word gemaak dat die evaluasie nie verandering meebring in Program X3 nie.

### 4.3.5.4 Verandering: Program Y1

**A. Aksie**

Die inligting wat tydens beide die programleier en die bevoordeeldes se onderhoude ingesamel is, het 'n positiewe gevoel en gesindheid teenoor die veranderinge wat aangebring word na afloop van die evaluasie, weerspieël.

Die programleier is van mening dat die maatskappyverteenwoordiger baie keer self die probleemareas of behoeftes uitlig wanneer sy op gereelde basis die program besoek. Die maatskappyverteenwoordiger het beaam dat sy gereeld probleme uitwys in Program Y1 omdat sy die program goed ken en verstaan. Volgens die programleier het sy baie selde nodig om in die verslag of op 'n formele geleentheid Maatskappy Y te nader oor behoeftes wat daar ontstaan en nie aangespreek word nie. Indien dit wel nodig is, bespreek die programleier dit eers mondelings met die maatskappyverteenwoordiger. Indien dit 'n klein probleem of verandering is, sonder groot finansiële implikasies, word die verandering

sommer dadelik aangebring. Die bevoordeeldes het ook verduidelik dat daar meestal vinnig aksie geneem word na afloop van die evaluasie. Voorbeelde wat hier aan orde gekom het, is geleenthede waar die bevoordeeldes vir nuwe dansskedules vra of danslokale onder mekaar wil uitruil, hierdie tipe voorstelle en versoeke word altyd tydens die evaluasie bespreek en oplossings word dadelik beplan en bevestig. Daar is ook ’n geleentheid genoem waar die bevoordeeldes nuwe klanktoerusting wou bekom. Hiervoor het hulle ’n kar-was-aksie voorgestel om die fondse in te samel. Die maatskappyverteenwoordiger was dié dag ook betrokke by die evaluasie en het die versoek ondersteun. Die tyd en plek waar die fondsinsameling sou plaasvind is vasgestel en dit het die daaropvolgende week gebeur. Die bevoordeeldes voel dat daar deur middel van die evaluasie altyd verbetering tot die program meegebring word.

Uit die bogenoemde kan afgelei word dat daar vinnig, gemaklik en gereeld aksie geneem word oor probleme wat ervaar word of nuwe inisiatiewe wat uitgetoets wil word.

**B. Implementering van metodes**

Die programleier het verduidelik dat wanneer daar nuwe behoeftes of inisiatiewe onder die bevoordeeldes ontstaan, sal hulle dit tydens die een-tot-een gesprekke of in die gesamentlike evaluasiesessies met haar bespreek. Hierdie voorstelle sal dan bespreek word, en die maatskappyverteenwoordiger is meestal by in hierdie besprekings. Wanneer daar finansiële implikasies by die verandering is, moet die programleier 'n skriftelike versoek rig aan die maatskappy.

Die programleier het verduidelik dat wanneer sy 'n geskrewe versoek inhandig, daar altyd 'n besprekingsessie met die maatskappyverteenwoordiger en haar span plaasvind. Na afloop van die bespreking gee die maatskappy nooit dadelik hulle beslissing oor die goedkeur of afkeur van die versoek nie, maar sy en die bevoordeeldes word op hoogte gehou van die besluitnemingsproses. Na aanleiding hiervan is dit duidelik dat die programleier sowel as die bevoordeeldes gemaklik is om hulle behoeftes en inisiatiewe met die maatskappyverteenwoordiger te deel. Hoewel die bevoordeeldes se boodskap meestal deur ’n filter na die maatskappy beweeg, blyk dit tog of hulle groot insette tot nuwe metodes en implementering daarvan in die program het. Ander versoeke, probleme en inisiatiewe wat nie ’n finansiële implikasie vir die maatskappy het nie, word vinnig en effektief bespreek en die metodes en die implementering daarvan sal verander of aanpas by hierdie inisiatiewe of probleemoplossings, soos daar reeds gesien is by die klanktoerusting voorbeeld.

### C. Behoefte-georiënteerd

Na aanleiding van die bogenoemde lyk of die Program Y1 behoefte-georiënteerd is en of die fokus en uitvoering van die program deurgaans volgens die behoeftes van die bevoordeeldes aangepas en verander word.

### D. Gemeenskapsbydrae

Dit is ook duidelik dat daar baie geleentheid is vir die programleier, en sodoende die bevoordeeldes deur haar, om behoeftes aan Maatskappy Y te kommunikeer en ook insette te lewer by die identifisering van oplossings. Die fondsinsamelingsprojek is ’n sprekende voorbeeld hiervan, waar die bevoordeeldes self ’n oplossing vir ’n probleem identifiseer en ook die geleentheid het om dit uit te voer. Verder blyk dit of daar ook veranderinge op grond van hulle insette plaasvind. Hoewel die bevoordeeldes nie direk met die maatskappy kommunikeer nie, blyk hulle tevrede te wees met die kommunikasiekanale soos dit tans is.

**Gevolgtrekking oor verandering: Program Y1**

Uit die bogenoemde inligting is dit duidelik dat daar gereelde en gunstige **aksie** na afloop van die evaluasie van Program Y1 plaasvind. Alledaagse besluite rakende die **implementering van metodes** word tydens evaluasie geneem en die maatskappyverteenwoordiger, die programleier en die bevoordeeldes lewer insette oor die veranderinge hiervan. Die program kan as **behoefte-georiënteerd** beskryf word, aangesien die fokus en uitvoering daarvan verander en aangepas word op grond van die **gemeenskapsbydrae.** Die gevolgtrekking word gemaak dat die evaluasie van Program Y1 verandering in die funksionering en die evaluasie van die program meebring.

## 4.3.5.5 Verandering: Program Y2

### A. Aksie

Die programleier van Program Y2 het daarna verwys dat die enigste veranderinge wat aan die program aangebring word, deur Maatskappy Y bepaal word. Hy het weer uitgelig dat die program van so 'n aard is dat die behoeftes nie voortdurend verander nie. Volgens die programleier is daar 'n vasgestelde manier van onderrig en hy gee al jare lank volgens die manier klas. Die bevoordeeldes het ook gesê dat hulle tevrede is met die manier waarop die programleier vir hulle klas gee. Hulle is van mening dat hulle nie behoeftes in terme van die onderrig het waarin daar nie voorsien word nie.

Die maatskappyverteenwoordiger van Maatskappy Y het, net soos Maatskappy X, genoem die aard van dié program nie toelaat dat daar deurgaans aan die struktuur en die metodes van onderrig en opleiding kan verander word nie. Die afleiding wat hieruit gemaak word, is dat daar nie aksie geneem word teenoor probleme wat in die program ondervind word wat nie direk betrekking het op die aanleer van wiskundevaardighede nie.

**B. Implementering van metodes**

Die programleier het ook verduidelik dat daar geen veranderinge in die Program Y2 sal plaasvind as dit nie 'n oorhoofse verandering oor al die soortgelyke programme in die land is nie. Hy is van mening dat die verteenwoordiger van Maatskappy Y baie kere vir hom die volgende woorde gesê het:

> *Al die wiskunde- en wetenskapsontwikkelingsprogramme in die land werk op dieselfde stelsel en almal loop hand aan hand.*

Die metodes wat in die program gebruik word, word bepaal deur die vasgestelde kurrikulums waarvolgens die Program Y2 funksioneer en die programleier en die bevoordeeldes het geen insette by hierdie metodes of by die verandering van hierdie metodes nie.

**C. Behoefte-georiënteerd**

Na aanleiding van die bogenoemde inligting kan afgelei word dat daar 'n vaste en eenvormige plan en idee is vir al die wiskunde-ontwikkelingsprogramme waarby Maatskappy Y betrokke is. Geen unieke behoeftes van die programme word ondersoek of erken nie; dit gaan suiwer oor die aanleer van die vak.

Die oorhoofse behoefte van die program en ander soortgelyke programme van Maatskappy Y – die verbetering van wiskundevaardighede – word aangespreek, maar die program is nie behoefte-georiënteerd nie. Dit fokus op een doel en hierdie doel word alleenlik op grond van die Maatskappy se bepalings bereik.

**D. Gemeenskapsbydrae**

Hierdie afdeling word reeds beantwoord deur die voorafgaande; die feit dat daar in geen ander behoeftes as die wiskundevaardighede belanggestel of voorsien word nie, dui daarop dat die bevoordeeldes en die programleier absoluut geen bydrae tot die identifisering of oplossing van probleme in die program, en spesifiek in die evaluasie het nie.

**Gevolgtrekking oor verandering: Program Y2**

Daar word nie aksie geneem oor probleme wat tans in Program Y2 ondervind word nie en daar word ook nie verandering in die implementering van metodes aangebring tensy dit deur die vasgestelde kurrikulum voorgestel word nie. Die program kan nie as behoefte-georiënteerd beskou word nie, aangesien dit nie op grond van die bevoordeeldes se behoeftes verander nie - dus lewer die gemeenskap geen bydrae tot veranderinge in die program nie. Die gevolgtrekking word gemaak dat die evaluasie van Program Y2 nie tot verandering in die program of in die evaluasieproses lei nie.

Die vyfde teoretiese stelling veronderstel dat deelnemende evaluasie behoort by te dra tot 'n behoefte-georiënteerde program waar die implementering van metodes en aktiwiteite voortdurend verander na aanleiding van die gemeenskapslede se insette. In enkele van die betrokke programme is daar verandering waargeneem wat op grond van deelnemende evaluasie meegebring word. Die behoefte-georiënteerde aard van die programme waar deelnemende evaluasie plaasvind, lei daartoe dat bevoordeeldes tevrede voel oor die meeste van die aspekte van die program, omdat hulle insette tot aksie lei en daar sodoende verandering plaasvind in die implementering van metodes in die program wat probleme help oplos (sien afdeling 2.5.5).

### 4.4 SAMEVATTING

In hoofstuk 2 het dit duidelik aan die lig gekom dat 'n deelnemende benadering tot evaluasie as die ideale metode beskou word om ontwikkelingsprogramme, soos KSV-programme, te evalueer. Deur die empiriese navorsing wat in hierdie hoofstuk bespreek is, kan ook afgelei word dat bevoordeeldes van programme waarin 'n deelnemende benadering tot evaluasie gevolg word, gelukkiger is, meer selfvertroue het en ook tot 'n groter mate bemagtig word deur die evaluasieproses.

Die resultate van die studie is aan die hand van die beginsels van deelnemende evaluasie bespreek, en daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die meerderheid van die betrokke KSV-programme nie deelnemend geëvalueer word nie.

In hoofstuk 5 sal die navorsingsvrae wat vir die studie gestel is beantwoord word, en daar sal tot ʼn gevolgtrekking oor die aard van die evaluasieproses van KSV-programme in die finansiële sektor gekom word.

# HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKINGS

## 5.1 INLEIDING

In hoofstuk 1 is die agtergrond van ontwikkelingskommunikasie en spesifiek die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie geskets. Daar is ook gefokus op KSV en die bydrae wat KSV-programme tot ontwikkeling in Suid-Afrika maak, waarna daar geredeneer is dat KSV-programme in wese ontwikkelingsprogramme is wat as sodanig hanteer behoort te word. Twee maatskappye binne die finansiële sektor en vyf verskillende KSV-programme van hierdie maatskappye is in die studie ondersoek. Die aard van hierdie programme is kortliks in hoofstuk 1 verduidelik. ’n Algemene navorsingsvraag is ook in hoofstuk 1 geformuleer. In hoofstuk 2 is daar geredeneer dat KSV-programme op ’n deelnemende wyse geëvalueer behoort te word om in die betrokkenes se behoeftes te voorsien en sodoende tot volhoubare ontwikkeling by te dra. Die beginsels van deelnemende ontwikkeling wat vir hierdie studie relevant is, is ook in hoofstuk 2 geïdentifiseer en bespreek. Hoofstuk 3 het die navorsingsmetodes wat gevolg is om hierdie KSV-programme te ondersoek, uiteengesit en bespreek. Daar is ook gefokus op teoretiese konsepte en konstrukte wat die basis van die onderhoudskedules gevorm het en gebruik is om die kwalitatiewe inhoudsanalise uit te voer. In hoofstuk 4 is die resultate van die ingesamelde inligting aan die hand van die teoretiese konsepte en konstrukte bespreek.

Hierdie hoofstuk het ten doel om die algemene navorsingsvraag, naamlik w*at die aard van kommunikasie tydens die evaluasie van KSV-programme in die finansiële sektor is,* te beantwoord. Om hierdie vraag te beantwoord sal daar gefokus word op die beantwoording van die spesifieke navorsingsvrae wat in hoofstuk 1 gestel is.

## 5.2 BEANTWOORDING VAN DIE SPESIFIEKE NAVORSINGSVRAE

### 5.2.1 Vraag 1: Beginsels van deelnemende evaluasie

> *Watter beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie is relevant vir die evaluasie van KSV-programme in die twee maatskappye?*

Die eerste navorsingsvraag is met behulp van ’n literatuurstudie, wat fokus op die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie en spesifiek op deelname tydens die evaluasieproses van ontwikkelingsprogramme, beantwoord. Daar is geargumenteer dat die evaluasie van die ontwikkelingsprogramme deelnemend behoort te geskied en daarom is daar gefokus op die beginsels van die deelnemende benadering wat relevant tot die evaluasieproses is, naamlik: *dialoog, bemagtiging tot selfonderhoud*, *betrokkenheid* en *die inagneming van diversiteit.* Hierdie beginsels vorm die basis van die beginsels wat vir deelnemende evaluasie in die studie geïdentifiseer is. In hoofstuk 2 is ondersoek ingestel na die evaluasieproses en vasgestel dat deelnemende evaluasie gekenmerk word deur die volgende beginsels:

1. Vennootskap;
2. Betrokkenheid in die evaluasieprosesse;
3. Inagneming van plaaslike kennis;
4. Bemagtigingsdoelwitte en
5. Verandering.

In hoofstuk 2 (sien afdeling 2.5) is daar onder elkeen van die bogenoemde beginsels ’n teoretiese stelling uiteengesit wat die elemente van die beginsels vervat en die belangrikheid van die beginsel vir evaluasie beklemtoon. Die teoretiese stellings wat gebruik is om die empiriese deel van die studie te rig, is die volgende:

<u>Vennootskap: Teoretiese stelling 1</u>

Deelnemende evaluasie behoort te getuig van 'n vennootskap waarin alle vennote, ook die gemeenskapslede, gelyke geleentheid het om aan die dialoog deel te neem en opinies te deel en waarin verantwoordelikhede en besluitneming gedeel word.

<u>Betrokkenheid: Teoretiese stelling 2</u>

Deelnemende evaluasie behoort te getuig van geleenthede waar die gemeenskapslede betrokke is in die prosesse om doelwitte van evaluasie daar te stel, waarin inligtingsinsameling en metodes gesamentlik met die bevoordeeldes geformuleer word, en waar hulle deel is van alle besluite wat rakende evaluasie geneem word.

<u>Plaaslike kennis: Teoretiese stelling 3</u>

Deelnemende evaluasie behoort te getuig van die insameling, inagneming en respektering van plaaslike kennis wanneer die bepaling van indikatore vir die evaluasie in die

ontwikkelingsprogram daargestel word.

<u>Bemagtigingsdoelwitte: Teoretiese stelling 4</u>

Deelnemende evaluasie behoort te getuig van bemagtigingsdoelwitte wat beide emosionele en motiverende dimensies asook kognitiewe of intellektuele dimensies aanspreek en waar gemeenskappe in staat gestel word om beheer oor hul eie situasie uit te oefen.

<u>Verandering: Teoretiese stelling 5</u>

Deelnemende evaluasie behoort by te dra tot 'n behoefte-georiënteerde program waar die implementering van metodes en aktiwiteite tydens die evaluasie voortdurend verander na aanleiding van die gemeenskapslede se insette.

Na aanleiding van die bogenoemde inligting kan die eerste navorsingsvraag soos volg beantwoord word: Daar is vier algemene beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie wat relevant is vir die evaluasie van KSV-programme in die studie, naamlik *dialoog*, *bemagtiging tot selfonderhoud, betrokkenheid* en *die inagneming van diversiteit*. Die spesifieke beginsels van deelnemende evaluasie wat relevant vir hierdie studie is, is *Vennootskap*, *Betrokkenheid*, *Inagneming van Plaaslike Kennis*, *Bemagtigingsdoelwitte* en *Verandering.*

ŉ Tweede stap in die studie was ŉ algemene ondersoek na die aard van die evaluasieproses van die betrokke KSV-programme, voordat dit aan die hand van die geïdentifiseerde beginsels geanaliseer is.

### 5.2.2 Vraag 2: Evaluasieprosesse

> *Wat behels die evaluasieproses van die KSV-programme in die betrokke maatskappye?*

Om die tweede navorsingsvraag te beantwoord is daar eerstens gebruik gemaak van kwalitatiewe inhoudsanalise van die dokumente wat relevant vir die programme is. Tweedens is semigestruktureerde onderhoude met maatskappyverteenwoordigers en programleiers gevoer, en fokusgroepe is met die bevoordeeldes van die verskillende programme gehou ten einde volledige inligting oor die evaluasieproses te kon insamel.

Albei maatskappye het hulle KSV-jaarverslae aan die navorser beskikbaar gestel vir analise. Maatskappy Y het ook ’n beleidsdokument wat fokus op die deursigtigheid van die

maatskappy se handelinge beskikbaar gestel vir die navorser om te gebruik. Die jaarverslae van albei maatskappye beklemtoon die belangrikheid van die bevoordeeldes se opinies in alle fasette van die funksionering van die program. Hoewel die evaluasieproses nie spesifiek vermeld word nie, kan daar aangeneem word dat dit hierby ingesluit word. Daar word op verskeie wyses gepoog om die bevoordeeldes se insette te verkry, meestal deur voorafbepaalde evaluasieprosesse. In hoofstuk 4 is beklemtoon dat die maatskappyverteenwoordigers onder die indruk is dat die bevoordeeldes aangemoedig word om idees en oplossings vir probleme met die maatskappye te bespreek ten einde gesamentlik 'n beter lewe vir die bevoordeeldes en hulle gemeenskappe te kan skep. In die jaarverslae kon 'n opsommende beskrywing van elke program wat deel van hulle KSV-inisiatief uitmaak, verkry word, maar geen inligting wat spesifiek op die evaluasie van die programme fokus is in die verslae gevind nie. Die beleidsdokument het meer inligting in terme van die evaluasie van die programme ingesluit en die maatskappyverteenwoordigers het albei omvattend verduidelik wat die evaluasieproses van elke program behels, sodat die evaluasieproses van albei maatskappye duidelik aan die lig gekom het.

Terwyl Maatskappy X grootliks staatmaak op kwartaallikse verslae wat deur die programleiers ingestuur word na die maatskappy om die betrokke KSV-program te evalueer, voel Maatskappy Y se verteenwoordiger dat dit nie voldoende is om net staat te maak op die verslae wat die program instuur nie. Om hierdie rede maak Maatskappy Y ook gebruik van 'n evaluasiemaatskappy om by al die programme aparte evaluasieprosesse te fasiliteer.

Volgens die maatskappyverteenwoordigers het elke programleier 'n verantwoordelikheid om seker te maak dat die bevoordeeldes insette lewer by die samestelling van die kwartaallikse verslae. Elke programleier bepaal sy eie evaluasieprosesse sonder die betrokkenheid van die maatskappyverteenwoordigers. Hierdie evaluasieprosesse bied dan geleentheid vir die bevoordeeldes se insette al dan nie. Maatskappy Y se verteenwoordiger woon meestal hierdie evaluasieprosesse by, maar nie die verteenwoordiger van Program X nie. Oor die algemeen is die aard van die evaluasieprosesse van Maatskappy Y se KSV-programme meer deelnemend as dié van Maatskappy X. Soos dit in die beleidsdokument beskryf is, het die verteenwoordiger van Maatskappy Y 'n goeie en oop verhouding met al die programleiers en ken sy ook al die bevoordeeldes van die verskillende programme.

By drie van die programme wat ondersoek is in die studie word daar slegs op die verslae staatgemaak vir evaluasie. Twee van die programme is die wiskundeprogramme; dit is interessant om te sien dat albei maatskappye die wiskundebevorderingsprogramme uitgesonder het by die bespreking van die evaluasieprosesse. Albei verteenwoordigers is van mening dat plaaslike kennis nie belangrik is in die geval van hierdie tipe programme nie

en gevolglik dat bevoordeeldes se deelname aan die evaluasieproses onnodig is. Die rede hiervoor is dat daar reeds vooraf bepaal word hoe die onderrig en opleiding gaan plaasvind en dat die resultate en punte van die bevoordeeldes se studente op sig self evaluasie van die program is. By die derde program vind daar ook geen bespreking van die vraelyste van die verslae plaas nie. In hierdie drie programme vind daar slegs eenrigtingkommunikasie plaas en daar bestaan min of geen deelname deur die bevoordeeldes in die evaluasieproses nie.

Die ander twee programme wat deel uitmaak van die studie se spesifieke evaluasieprosesse is meer deelnemend van aard. Die evaluasieprosesse bestaan uit interaktiewe sessies een maal per kwartaal. Die een program se evaluasie vind heeltemal onafhanklik van die maatskappy plaas terwyl die maatskappyverteenwoordiger die evaluasie van die ander program gereeld bywoon. Dié program het ook 'n tweede evaluasieproses waarby die maatskappyverteenwoordiger nie betrokke is nie en wat bestaan uit 'n een-tot-een-gesprek met elke bevoordeelde. Tydens die evaluasieprosesse van die twee programme is daar geleentheid vir besprekings rondom die verpligte vrae van die verslag asook addisionele vrae wat die programleier en bevoordeeldes daarstel en word die bevoordeeldes aangemoedig om behoeftes te kommunikeer en inisiatiewe aan die lig te bring.

Die evaluasiemaatskappy besoek ook een keer per kwartaal die programme van Maatskappy Y. Die evaluasiemaatskappy is van mening dat die evaluasiedokumente en vraelyste van die verskillende programme vertroulik is, en daarom kon dit nie aan die navorser verskaf word nie. Die dokumente is wel almal bespreek en 'n duidelike uiteensetting van die evaluasieproses wat deur die evaluasiemaatskappy gedoen word, is verkry. Elke program het 'n unieke vraelys, wat deurlopend aangepas word en wat tydens elke evaluasiesessie bespreek word. Hierdie vraelyste bestaan meestal uit besprekingsvrae wat poog om 'n gemaklike atmosfeer te skep, sodat die bevoordeeldes hulle behoeftes en verwagtinge sal deel. Die programleiers en die bevoordeeldes van programme Y1 en Y2 het egter nie oor die evaluasiemaatskappy se betrokkenheid uitgebrei nie, maar dit is duidelik dat hulle geen waarde hieraan heg nie en ook nie die doel van die evaluasieproses wat deur die evaluasiemaatskappy hanteer word, begryp nie. Hoewel die evaluasiemaatskappy van mening is dat die evaluasieproses deelnemend plaasvind, is dit nie die geval nie en bestaan daar geen deelname van die bevoordeeldes af in die evaluasie nie.

Uit die bogenoemde bespreking kan die volgende rakende die aard van die evaluasie van die betrokke programme afgelei word: Elke program se evaluasie verskil omdat die verskillende programleiers verantwoordelik gehou word om die bevoordeeldes by die evaluasie van die programme te betrek. Elke programleier het sy of haar eie manier om die

bevoordeeldes te betrek al dan nie. By drie van die vyf programme word daar geen waarde aan deelname deur die bevoordeeldes geheg nie, en word hulle gevolglik ook nie by die evaluasieproses betrek nie. Die bevoordeeldes van slegs twee van die programme word dus tot ŉ mate by die evaluasieproses van die KSV-programme betrek. Oor die algemeen lyk dit of Maatskappy Y wel ŉ groter premie op deelname deur die bevoordeeldes plaas as Maatskappy X.

Dit is duidelik dat die maatskappyverteenwoordigers van die twee maatskappye verskillende sienings oor die evaluasieproses het. In vraag 3 word dié sienings bespreek.

### 5.2.3 Vraag 3: Persepsies van maatskappyverteenwoordigers

*Wat is die persepsies van die KSV-bestuurders (maatskappyverteenwoordigers) van die twee maatskappye rakende die kommunikasie tydens die evaluasie van KSV-programme?*

Die maatskappyverteenwoordiger van Maatskappy X het kwartaallikse verslae as voldoende beskou en het nie die belangrikheid van verdere interaktiewe kommunikasie ingesien nie. Sy was van mening dat die verslag genoegsame, indiepte-kennis van die programme bied, aangesien al die bevoordeeldes betrokke behoort te wees by die samestelling van die verslae. Die kwartaallikse verslae is dus die enigste vasgestelde kommunikasiemiddel ten opsigte van die evaluasie van die programme en dit is as toepaslik en voldoende beskou. Die verteenwoordiger van Maatskappy Y, aan die ander kant, was oortuig dat die verslae nie genoeg geleentheid bied vir interaktiewe, tweerigting- en dialogiese kommunikasie met die bevoordeeldes en veral die programleier nie. Sy het deurgaans die belangrikheid van plaaslike kennis en betrokkenheid beklemtoon. Om hierdie rede is daar ander evaluasieprosesse in plek wat aanvullend tot die kwartaallikse verslae gedoen word. Sy was daarvan oortuig dat daar deur die kombinasie van evaluasieprosesse genoegsame geleentheid vir die bevoordeeldes en programleiers bestaan om hulle opinies te lug om sodoende die aktiewe betrokkenheid van die bevoordeeldes en programleiers mee te bring.

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die maatskappyverteenwoordigers verskillende persepsies rondom die evaluasie van KSV-programme het, maar dat albei tevrede is met die huidige evaluasieprosesse wat gevolg word. Hulle persepsies rondom die evaluasie van die wiskunde- en wetenskapprogramme stem ooreen – interaktiwiteit en plaaslike kennis en insette word nie in dié programme as belangrik beskou nie, omdat die vakvaardigheid die enigste bemagtigingsdoel is en daar nie veranderinge in die programme

gemaak sal word op grond van evaluasieprosesse nie. Die ander programme se evaluasie word "oorgelaat" aan die inisiatiewe van die programleiers. Albei maatskappy-verteenwoordigers het geglo dat die programleiers die bevoordeeldes betrek by die evaluasieprosesse. Maatskappy X se verteenwoordiger se persepsie was dat dit nie vir haar nodig is om deel te wees van hierdie evaluasie nie, omdat sy genoegsame inligting en ook die bevoordeeldes se insette deur middel van die kwartaallikse verslag kry. Maatskappy Y se verteenwoordiger aan die ander kant se persepsie was dat sy betrokke moet wees by die evaluasie, sodat sy 'n verhouding kan bou met die betrokkenes van elke program en dat sy tweerigting-, interaktiewe kommunikasie tussen die programme en die maatskappy kan fasiliteer. Deur die betrokkenheid van die bevoordeeldes veronderstel sy dat bemagtiging deur evaluasie plaasvind en dat veranderinge ook op grond van evaluasie plaasvind.

Die persepsies van die maatskappyverteenwoordigers sal nou onder die beginsels van deelnemende evaluasie bespreek word.

#### 5.2.3.1 Vennootskap

Oor die algemeen het die maatskappyverteenwoordiger van Maatskappy X klem gelê op die belangrikheid van die bevoordeeldes se stemme in al die programme. Sy het verduidelik dat die programleiers van die begin af aangemoedig word om die bevoordeeldes te betrek by hulle evaluasieprosesse en spesifiek by die invul van die kwartaallikse verslae. In al drie die programme geskied die enigste kommunikasie tussen die maatskappyverteenwoordiger en die programleier deur middel van die kwartaallikse verslae en daar is geen kommunikasie direk tussen haar en die bevoordeeldes nie. Die maatskappyverteenwoordiger is tevrede met die beperkte kommunikasie, omdat sy onder die indruk is dat die kwartaallikse verslae omvattend en gereeld genoeg is op grond daarvan dat die bevoordeeldes deelneem aan die samestelling daarvan.

Uit die resultate wat in paragraaf 4.3.1 bespreek is, kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die maatskappyverteenwoordiger van Maatskappy Y oortuig is dat deurlopende kommunikasie tussen haar en die programleiers belangrik is en daarom besoek sy gereeld die programme. Sy maak nie slegs op die verslae wat hulle moet indien staat nie. Die maatskappyverteenwoordiger kommunikeer gereeld met die bevoordeeldes en sy het die kommunikasie tydens evaluasie as oop en interaktief, beskryf.

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat albei maatskappyverteenwoordigers van mening was dat die bevoordeeldes genoegsame geleentheid het om aan dialoog rondom die programme deel te neem, maar dit is nie duidelik of hulle daarvan oortuig is dat die

bevoordeeldes in die verantwoordelikhede deel en betrokke is by besluitneming rondom die evaluasieproses nie. Die gevolgtrekking word gemaak dat albei maatskappyverteenwoordigers onder die indruk is dat daar ’n vennootskap tussen hulle en die programme bestaan aangesien daar, volgens hulle genoegsame oop en interaktiewe kommunikasie plaasvind en hulle sodoende op hoogte is van gebeure in die programme.

#### 5.2.3.2 Betrokkenheid

Die maatskappyverteenwoordiger van Maatskappy X is nie betrokke by die evaluasieprosesse van die programme nie, en evalueer die programme slegs op grond van die verslae wat sy ontvang (sien paragraaf 4.3.3). Sy was van mening dat die programleier ’n verantwoordelikheid het om toe te sien dat die bevoordeeldes betrek word by die evaluasie van die programme en dat die behoeftes en inisiatiewe van die bevoordeeldes op die wyse aan haar en Maatskappy X bekend sal word. Die maatskappyverteenwoordiger van Maatskappy Y het dieselfde persepsie rondom die betrokkenheid van die bevoordeeldes by die evaluasieprosesse gehad, naamlik dat dit die verantwoordelikheid van die programleiers is om die bevoordeeldes by die evaluasie te betrek. Sy is egter self ook betrokke by die evaluasieproses.

Albei maatskappyverteenwoordigers was daarvan oortuig dat die bevoordeeldes wel betrokke is by die evaluasieprosesse. Dit wil egter nie voorkom asof hulle gedink het dat dit noodsaaklik is om die bevoordeeldes te betrek by besluitneming in terme van die doelwitte en prosesse van evaluasie nie.

#### 5.2.3.3 Plaaslike kennis

Na aanleiding van die bespreking in paragraaf 4.3.3 word die gevolgtrekking gemaak dat die maatskappyverteenwoordiger van Maatskappy X die waarde van plaaslike kennis baie hoog geag het. Tweedens is haar persepsie dat die kwartaallikse verslae voldoende is om die plaaslike kennis van die betrokkenes aan die lig te bring en die maatskappy op hoogte te hou van die programverwikkelinge en betrokkenes se behoeftes. Daar word ook baie waarde geheg aan die kennis en insette van die bevoordeeldes van die KSV-programme van Maatskappy Y (sien paragraaf 4.3.3). Volgens die maatskappyverteenwoordiger is dit belangrik dat die evaluasieproses deurlopend aangepas en verander word na aanleiding van die bevoordeeldes se insette en die verteenwoordiger het bevestig dat dit ook so gebeur. Die maatskappyverteenwoordiger was oortuig dat die evaluasiemaatskappy alle kennis vanuit die gemeenskappe gebruik om die program mee te evalueer. Die evaluasiemaatskappy se verteenwoordiger was van mening dat die evaluasiemaatskappy

die evaluasie fokus op plaaslike kennis en dat hulle bewus is van die unieke en komplekse aard van die verskillende programme.

Die maatskappyverteenwoordigers was albei daarvan oortuig dat die bevoordeeldes se plaaslike kennis in ag geneem en gerespekteer word tydens die evaluasieproses. Dit wil egter nie voorkom asof hulle gedink het dat dit nodig is vir die bevoordeeldes om betrokke te wees by die bepaling van indikatore vir evaluasie nie.

**5.2.3.4 Bemagtigingsdoelwitte**

Uit paragraaf 4.3.4 het dit duidelik geword dat die maatskappyverteenwoordiger van Maatskappy X ’n positiewe persepsie rondom die bemagtiging van bevoordeeldes deur die betrokke programme het. Aangesien die maatskappyverteenwoordiger nie self betrokke is by die evaluasie van die KSV-programme nie, kon sy nie uitbrei oor die bemagtiging wat spesifiek op grond van die *evaluasie* plaasvind nie. Die maatskappyverteenwoordiger van Maatskappy Y het die evaluasieproses as ’n bemagtigingsproses beskou; sy het gevoel dat die bevoordeeldes deur middel van die evaluasie leer om hulle behoeftes te kommunikeer en ook aan oplossings te dink en voor te stel. Die maatskappyverteenwoordiger het ook die persepsie dat die evaluasiemaatskappy daarop fokus om die evaluasieproses ’n bemagtigingsproses te maak.

Daar kan gevolglik afgelei word dat een van die maatskappyverteenwoordigers glo dat die evaluasieproses tot die bemagtiging van die bevoordeeldes bydra, terwyl die ander verteenwoordiger nie ’n duidelike persepsie hieromtrent het nie. Dit is nie duidelik of die verteenwoordigers daarvan oortuig is dat die bevoordeeldes deur hul deelname aan evaluasie in staat gestel behoort te word om beheer oor hul eie situasie te kan uitoefen nie.

**5.2.3.5 Verandering**

Die verteenwoordiger van Maatskappy X was van mening dat die metodes en aktiwiteite van die verskillende KSV-programme voortdurend verander (sien paragraaf 4.3.5). Sy het ’n persepsie dat die kwartaallikse verslae van elke program die grootste bydrae tot hierdie veranderinge lewer. Volgens die maatskappyverteenwoordiger gebruik hulle die verslae om bewus te word van die probleme wat tans in die programme ondervind word. Sy het bevestig dat die programleier en ook die bevoordeeldes betrokke is met die skryf van die verslag en daarom is dit die beste plek om probleme te identifiseer. Die maatskappyverteenwoordiger van Maatskappy Y se persepsie rakende die verandering wat meegebring word deur die evaluasie verskil van Maatskappy X se verteenwoordiger, omdat sy oortuig was dat verslae nie voldoende is nie en dat die veranderinge wat daar in die

program gemaak word eers met die onderskeie programleiers bespreek behoort te word.

Albei maatskappyverteenwoordigers was dit egter eens dat die bevoordeeldes se deelname aan die evaluasieproses bydra tot behoefte-georiënteerde programme wat voortdurend aangepas word na gelang van die bevoordeeldes se insette.

Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat albei maatskappyverteenwoordigers ’n persepsie het dat hulle in vennootskappe met die verskillende programme staan waardeur die bevoordeeldes betrokke is in die evaluasie. Die maatskappyverteenwoordigers is oortuig daarvan dat die bevoordeeldes se plaaslike kennis gebruik word in die evaluasie van die programme, maar dit is nie duidelik of hulle oortuig is dat hierdie evaluasie bemagtiging van die bevoordeeldes meebring nie. Volgens die maatskappyverteenwoordigers vind daar deurlopende veranderinge in die programme plaas op grond van die evaluasie en die insette vanaf die bevoordeeldes deur die jaarverslae en/of persoonlike kontak. Die wiskundeprogramme van albei maatskappe is egter uitgesonder en dit is duidelik dat albei maatskappyverteenwoordigers gevoel het dat ’n vennootskap en ander deelnemende elemente tussen hulle en die spesifieke programme nie nodig is weens die aard van dié programme nie.

Nou sal daar gefokus word op die sienings van die bevoordeeldes en die programleiers om vraag 4 te beantwoord. Die persepsies van die betrokke bevoordeeldes sal weer volgens die beginsels van deelnemende evaluasie uiteengesit word.

### 5.2.4 Vraag 4: Persepsies van bevoordeeldes

> *Wat is die persepsies van die betrokke bevoordeeldes rakende die kommunikasie tydens die evaluasie van KSV-programme?*

Soos reeds bespreek is elke program verantwoordelik vir sy eie evaluasiemetodes en prosesse. Om hierdie rede is die kommunikasie tussen die bevoordeeldes en die programleier, wat die evaluasieprosesse daarstel en behartig, van groot belang en, soos daar in hoofstuk 4 (sien paragraaf 4.2) beklemtoon word, word ’n tweede (interne) kommunikasiekanaal in elke program bespreek.

Die bevoordeeldes van die betrokke KSV-programme het albei positiewe en negatiewe persepsies rakende die kommunikasie tydens die evaluasieprosesse gehad. Oor die algemeen beïnvloed die interne kommunikasie grootliks die bevoordeeldes se persepsies rondom die evaluasie. By die programme waar daar meer tweerigting-, interaktiewe

kommunikasie tydens evaluasie plaasvind, is die bevoordeeldes oor die algemeen tevrede met die evaluasieproses en verstaan hulle ook die waarde daarvan. In dié programme is die bevoordeeldes van mening dat hulle insette belangrik is en dat hulle ’n verskil in die program en aan hulle eie situasies kan maak omdat daar vir hulle geleentheid is om hulle behoeftes en inisiatiewe te deel. Hulle persepsies is dat hulle bemagtig word deur die evaluasieproses omdat hulle stemme gehoor word. In die programme waar daar nie interaktiewe gesprekke tydens evaluasie plaasvind nie, en slegs op verslae staat gemaak word, het die bevoordeeldes oor die algemeen gevoel dat daar nie vir hulle geleentheid is om hulle behoeftes en inisiatiewe te deel nie en daarom het hulle ’n negatiewe persepsie rondom die evaluasie van die programme. Hulle het ook die gebrek aan bemagtiging deur evaluasie en hulle onbetrokkenheid by veranderinge wat deur of in die evaluasie meegebring word, erken.

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die bevoordeeldes van twee van die vyf KSV-programme gemeen het dat daar ŉ beperkte vennootskap tussen hulself en die maatskappy bestaan, dat hulle tot ŉ mate betrokke is by die evaluasieproses, dat hulle plaaslike kennis erken en gerespekteer word, dat hulle deur die evaluasieproses bemagtig word en dat daar veranderinge aan die KSV-program aangebring word op grond van hulle insette. Die bevoordeeldes van die ander drie programme het egter geen van hierdie voordele van deelnemende evaluasie ervaar nie en was gevolglik baie meer negatief oor die evaluasieprosesse.

#### 5.2.4.1 Vennootskap

Na aanleiding van die bespreking in afdeling 4.3.1 is dit duidelik dat daar geen vennootskap in drie van die vyf KSV-programme en die maatskappye bestaan nie. Die kommunikasie tydens evaluasie word veral volgens die programleiers en bevoordeeldes van die drie programme as ’n probleem beskou omdat daar nie direkte kommunikasie tussen hulle en Maatskappy X bestaan nie aangesien dit slegs deur middel van die kwartaallikse verslag plaasvind. Wat hierdie probleem vergroot is die feit dat die interne kommunikasie (tussen die bevoordeeldes en die programleiers) van twee van hierdie programme ook nie dialogies is nie omdat dit nie bestaan uit tweerigting-, interaktiewe en oop kommunikasie nie. Die derde program se interne kommunikasie is oop en interaktief van aard en die bevoordeeldes kom gelukkiger voor as die bevoordeeldes van die ander twee programme. Die probleem is egter steeds dat hulle stemme nie gehoor word nie.

By die ander twee programme vind daar ook geen of beperkte direkte kommunikasie tussen die bevoordeeldes en die maatskappy plaas, maar daar vind oop en gereelde kommunikasie tussen die bevoordeeldes en die programleier plaas. Die bevoordeeldes se algemene

persepsie was dat daar baie geleentheid vir hulle is om hulle opinies en behoeftes te kommunikeer tydens die evaluasieproses (sien afdeling 4.3.1.2). Op grond hiervan is die bevoordeeldes tevrede met die filter waardeur hulle boodskap na Maatskappy Y gaan en word daar in hulle behoeftes voorsien.

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat twee van die programme se bevoordeeldes geglo het dat hulle genoegsame geleentheid het om aan die dialoog rondom die programme deel te neem en opinies te deel waarin verantwoordelikhede gedeel word, maar die bevoordeeldes se persepsie is dat hulle nie by alle besluitnemingsprosesse betrek word nie. In die ander drie programme het die bevoordeeldes gereken dat daar geen of gebrekkige vennootskappe bestaan waarin hulle nooit of selde geleentheid het om opinies te deel, of waarin verantwoordelikheid en besluitneming nie gedeel word nie

**5.2.4.2 Betrokkenheid**

In afdeling 4.3.2. is geargumenteer dat daar drie programme se bevoordeeldes is wat nie betrokke is by die evaluasieproses nie aangesien die verslae die enigste kommunikasie-middel tussen die bevoordeeldes en die maatskappy is. Die bevoordeeldes se persepsie rondom die kommunikasie is negatief, omdat hulle meestal nie die vrae wat deel van die evaluasieafdeling van die verslae vorm, verstaan nie. Hulle neem daarom ook nie deel aan die bespreking wat rondom die vrae plaasvind nie. Die bevoordeeldes van hierdie programme was oortuig daarvan dat baie probleme uit die weg geruim sal word as hulle meer betrokke by die evaluasie kan wees.

Soos in afdeling 4.3.2 bespreek is, het twee programme se bevoordeeldes positiewe persepsies rondom die kommunikasie tydens evaluasie. Die bevoordeeldes was van mening dat die kommunikasie tydens die evaluasieproses deursigtig is en dat hulle gemaklik is om hulle voorstelle en opinies met die programleier te deel. Hoewel hulle nie ten alle tye betrokke is by groot besluitnemingsprosesse nie, het hulle bevestig dat daar in hulle behoeftes voorsien word en was hulle tevrede met hulle betrokkenheid by die evaluasieproses soos dit tans is.

Die evaluasiemaatskappy se betrokkenheid word deur die bevoordeeldes van albei die programme waar hulle betrokke is as onnodig beskou, aangesien hulle nie die vrae verstaan wat aan hulle gerig word nie. Albei groepe bevoordeeldes woon die evaluasiebesoek slegs uit verpligting by en is nie betrokke by die prosesse nie.

Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat die bevoordeeldes van twee van die programme onder die indruk is dat daar vir hulle geleenthede bestaan om deel te neem aan die

evaluasieproses oor die algemeen, maar nie aan besluitneming nie. Die bevoordeeldes van die ander drie programme het egter aangedui dat hulle glad nie by die evaluasieproses betrokke is nie.

#### 5.2.4.3 Plaaslike kennis

Drie van die programme se bevoordeeldes se persepsies rondom die inagneming van plaaslike kennis het daarop gedui dat hulle nie gemaklik is om hulle kennis tydens die evaluasie te deel nie en dat daar ook nie geleentheid hiervoor is nie (sien paragraaf 4.3.3). Die bevoordeeldes van die programme waar die evaluasiemaatskappy betrokke is, was van mening dat die evaluasiemaatskappy se vrae irrelevant is en dat die evaluasie nie oor hulle opinies en behoeftes gaan nie.

Die teenoorgestelde persepsies teenoor die inagneming van plaaslike kennis is gevind by die bevoordeeldes van die ander twee programme.  Die bevoordeeldes is bewus van die waarde en belangrikheid van die evaluasieprosesse en heg ook self baie waarde aan die evaluasieproses. Na aanleiding van die bespreking in afdeling 4.3.3 kan afgelei word dat die bevoordeeldes van hierdie programme positief was oor hulle bydrae in terme van kennis en ervaring tot die program, en spesifiek die evaluasie van die program.

Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat twee programme se bevoordeeldes se persepsies is dat hulle deel van die insameling en die bepaling van indikatore vir die evaluasie in die programme is en hulle plaaslike kennis meestal in ag geneem en gerespekteer word. Tydens die evaluasie van die ander drie programme het die bevoordeeldes ervaar dat hul plaaslike kennis nie te alle tye in ag geneem of gerespekteer word nie.

#### 5.2.4.4 Bemagtigingsdoelwitte

Na aanleiding van die bespreking in afdeling 4.3.4 is dit duidelik dat die bevoordeeldes van drie van die programme nie voel dat hulle bemagtig word deur die evaluasieproses nie. Omdat daar geen geleentheid deur middel van evaluasie is vir die bevoordeeldes om besluite te kan neem nie, sal hulle ook nie in die vervolg self die evaluasie van die programme kan doen nie. Die evaluasie wat deur die evaluasiemaatskappy hanteer word, bring ook geen bemagtigingsdoelwitte vir Program Y1 of Y2 nie.

Die bevoordeeldes van die ander twee programme het die tenoorgestelde persepsie gehad; hulle was onder die indruk dat die evaluasie vir hulle geleentheid vir bemagtiging bied omdat hulle, hul opinies en nuwe inisiatiewe kan lug en ook kan implementeer in die evaluasie. Die

positiewe persepsies van hierdie programme se bevoordeeldes was deurlopend kenmerkend.

Die gevoltrekking word gemaak dat die bemagtigingsdoelwitte slegs in twee van die vyf programme beide emosionele en motiverende dimensies asook kognitiewe of intellektuele dimensies aanspreek, en waar gemeenskappe in staat gestel word om beheer oor hul eie situasie uit te oefen.

**5.2.4.5 Verandering**

Dit blyk dat slegs die bevoordeeldes van twee programme onder die indruk is dat daar aksiestappe geneem word na aanleiding van die evaluasie en probleme wat daarin geïdentifiseer is. Albei die groepe bevoordeeldes se persepsies is dat daar genoeg geleentheid vir hulle is om hulle inisiatiewe te deel en insette te lewer en dat dié inisiatiewe en insette dikwels lei tot verandering in die program en ook in die evaluasie van die program. Wanneer die besluitneming sonder die betrokkenheid van die bevoordeeldes geskied, is gevind dat hulle egter tevrede is met die filter waardeur hulle boodskap ná die maatskappy en terug vloei, aangesien die kommunikasie oop en deursigtig is. Die teenoorgestelde is egter waar vir die ander drie programme, aangesien die bevoordeeldes onder die indruk is dat die kommunikasie in die programme nie oop en deursigtig is nie en dat veranderinge nie op grond van die evaluasieproses of in die evaluasieproses van hierdie programme aangebring word nie.

Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat die bevoordeeldes van twee van die programme gevoel het dat die evaluasieprosesse bydra tot behoefte-georiënteerde programme waar die implementering van metodes en aktiwiteite tydens die evaluasie voortdurend verander na aanleiding van hulle insette. Die bevoordeeldes van die ander drie programme het egter glad nie hierdie persepsie gedeel nie.

Na aanleiding van die bogenoemde bespreking is daar tot die gevolgtrekking gekom dat die persepsies van die bevoordeeldes van twee programme, waar gereelde en dialogiese kommunikasie in die evaluasieproses teenwoordig is, positief is. Hulle persepsies is dat hulle betrokke is by die evaluasieprosesse waar hulle plaaslike kennis in ag geneem word, hulle bemagtig word en veranderinge voortdurend aangebring word. Hierdie tipe kommunikasie ontbreek by die ander drie programme, waar daar slegs op eenrigtingkommunikasie deur middel van verslae staatgemaak word. Hierdie bevoordeeldes was ontevrede met die evaluasie soos dit tans geskied en is nie onder die indruk dat hulle betrokke by die proses is nie. Hulle persepsie is gevolglik dat daar nie aan een van die konsepte van deelnemende

evaluasie voldoen word nie.

Die gevolge van tweerigting-, interaktiewe kommunikasie of die gebrek daaraan, soos in vraag 4 bespreek het duidelik ’n invloed op die persepsies van die bevoordeeldes en ook die maatskappyverteenwoordigers oor die aard van die evaluasieprosesse. Met behulp van die voorafgaande vrae sal die algemene navorsingsvraag, wat ondersoek instel na die aard van kommunikasie tydens evaluasie van KSV-programme in die finansiële sektor, nou beantwoord word.

## 5.3 DIE ALGEMENE NAVORSINGSVRAAG

> *Wat is die aard van kommunikasie tydens die evaluasie van KSV-programme in die finansiële sektor?*

In hierdie studie word aanvaar dat die evaluasie van ontwikkelingsprogramme (bv. KSV-programme) binne die konteks van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie deelnemend behoort te geskied. Vir die evaluasie van KSV-programme om as deelnemend beskou te word, behoort die proses te getuig van: ’n **vennootskap** tussen al die deelnemers; **betrokkenheid** van die bevoordeeldes by die proses; die inagneming van die bevoordeeldes se **plaaslike kennis**; **bemagtiging** van die bevoordeeldes; asook **verandering** wat op grond van die evaluasie aan die program aangebring word.

Uit die analise van die evaluasieproses wat in die KSV-programme toegepas word, is gesien dat daar slegs in twee van die vyf betrokke programme elemente van deelnemende evaluasie teenwoordig is, terwyl daar byna geen deelname in die evaluasie van die ander drie programme gevind is nie.

Die aard van die evaluasieprosesse wat in hierdie studie ondersoek is, kan in een van twee groepe verdeel word. Die eerste groep bestaan uit drie van die vyf programme wat ondersoek is. In hierdie drie programme bestaan daar nie ’n **vennootskap** nie. Die gebrek aan ’n vennootskap het tot gevolg dat daar nie **betrokkenheid** vanaf die bevoordeeldes in die verskillende prosesse van die evaluasie is nie. Sodoende word **plaaslike kennis** nie in ag geneem en gebruik in die evaluasieprosesse nie en word die bevoordeeldes nie deur middel van dié proses **bemagtig** nie. Uiteindelik vind daar ook nie **verandering** op grond van die evaluasie of in die evaluasie plaas nie. Omdat al die beginsels van deelnemende benadering ontbreek by die drie programme kan daar afgelei word dat die aard van hierdie

programme nie deelnemend is nie.

In die ander twee programme bestaan daar ’n gebrekkige **vennootskap** tussen die bevoordeeldes en die maatskappye in die evaluasieproses van die programme, en is die bevoordeeldes volledig of in ’n mate **betrokke** by die proses. In een van die twee programme word **plaaslike kennis** te alle tye in ag geneem en gebruik in die evaluasieproses, terwyl dit net gedeeltelik in ag geneem en gebruik word in die evaluasie van die ander program. Deur albei die programme se evaluasieprosesse word die bevoordeeldes **bemagtig** en sal die programme in die toekoms self, of tot ’n mate self, geëvalueer kan word. Daar word ook, op grond van die bevoordeeldes se insette, **veranderinge** aan die programme aangebring ten einde te verseker dat die programme relevante behoeftes aanspreek. Hierdeur kan die evaluasie van die twee maatskappye as deelnemend van aard beskryf word.

In albei van die programme waar daar wel ’n mate van deelname voorkom, word interaktiewe gesprekke en tweerigting-dialogiese kommunikasie deur die programleiers gefasiliteer en nie soseer deur die maatskappye nie. Die bevoordeeldes van hierdie twee programme is deel van byna alle fasette van evaluasie en besef die waarde daarvan. Die programme wat nie deelnemend geëvalueer word nie, is onder meer die twee programme wat op wiskunde fokus en die maatskappye reken dat daar op grond van die vaste kurrikulums van hierdie programme nie ’n behoefte aan deelnemende evaluasie bestaan nie. Die feit dat hierdie programme gevolglik nie deelnemend geëvalueer word nie kan een van die redes wees waarom daar nie in al die behoeftes van die bevoordeeldes voorsien word nie. Die bevoordeeldes en die programleiers heg geen waarde aan die evaluasieprosesse wat wel gebruik word nie en hulle kommunikeer nie hulle behoeftes op hierdie wyse nie. In die ander program wat nie deelnemend geëvalueer word nie, behels evaluasie slegs die kwartaallikse verslag wat deur die programleier aan die maatskappy verskaf word. Daar bestaan nie interaktiwiteit in die vorm van gesprekke of geleenthede waar die bevoordeeldes hulle opinies en behoeftes kan deel tydens evaluasie nie.

Die persepsies van die maatskappyverteenwoordigers en die bevoordeeldes rondom dié evaluasieprosesse verskil van mekaar en verskil ook baie tussen programme. Die gevolgtrekkings wat op grond van dié persepsies gemaak is, sal aan die hand van die beginsels van deelnemende evaluasie bespreek word. By elke beginsel kan daar duidelik tussen twee groepe onderskei word – ’n groep waar die beginsels heeltemal of grootliks ontbreek en ’n groep waaraan die beginsels grootliks voldoen.

Vanuit die bespreking in afdeling 4.3.1 kan afgelei word dat daar geen vennootskap bestaan

tussen die finansiële maatskappye en die bevoordeeldes van drie van die vyf KSV-programme wat deur hulle ondersteun word nie. In al drie hierdie programme word daar geensins **verantwoordelikhede** gedeel nie en is die bevoordeeldes op geen manier by die **besluitneming** in terme van die evaluasie betrokke nie. In twee van hierdie drie programme word daar ook geen **gesprek** oor die evaluasieproses gevoer nie en bestaan daar geen **geleenthede** vir die bevoordeeldes om aan die evaluasieproses deel te neem nie. In een van hierdie programme is daar ʼn beperkte mate van gesprek en geleentheid tot deelname geïdentifiseer tussen die programleier en die maatskappy, maar dit is nie genoegsaam om ʼn vennootskap te skep nie en hierdie elemente is ook nie teenwoordig in die kommunikasie tussen die bevoordeeldes en die maatskappy self nie.

Die evaluasie van die laaste twee programme voldoen gedeeltelik aan die sekondêre beginsels van vennootskap. In een van die programme word die evaluasieproses onafhanklik van die maatskappy hanteer in ʼn proses wat die programleier daargestel het. Die sekondêre konsepte **gesprek, geleentheid** en **verantwoordelikheid** vorm deel van die gebrekkige vennootskap in hierdie program, maar **besluitneming** ontbreek steeds. In die evaluasie van die ander program word daar voldoen aan die konsepte van **gesprek** en **geleentheid** maar **verantwoordelikheid** en **besluitneming** is afwesig. Daar bestaan gevolglik ʼn gebrekkige vennootskap tussen die maatskappy en die bevoordeeldes van twee van die programme, terwyl daar geen vennootskap tussen die maatskappye en die bevoordeeldes van die ander drie programme bestaan nie.

Na aanleiding van die bespreking in afdeling 4.3.2 word die programme onder die beginsel *betrokkenheid* ook in twee groepe verdeel. In drie van die vyf programme ontbreek die beginsel heeltemal, aangesien die bevoordeeldes van die programme nie deel is van prosesse waar **doelwitte** daargestel word nie en slegs vrae moet beantwoord vir die kwartaallikse verslae. Hulle is ook nie bekend met enige **inligtingsinsamelingsmetodes** nie en neem dus nie daaraan deel nie. Daar is ook gevind dat hulle nie deelneem aan die **besluitnemingsprosesse** in die evaluasie van die programme nie.

Die bevoordeeldes van die ander twee programme is meer betrokke by die evaluasieproses en die evaluasie van hierdie programme voldoen dus tot ʼn groter mate aan die konstrukte van deelname. By een van die twee programme is die bevoordeeldes deel van die prosesse waarin **doelwitte** daargestel word, hulle is ook bewus en deel van die **inligtingsinsameling** vir die evaluasieproses, maar die bevoordeeldes is nie deel van die **besluitnemingsproses** nie. In die laaste program is die bevoordeeldes betrokke by die prosesse van die daarstelling van **doelwitte** en **inligtingsinsameling**, hulle is ook deel van die **besluitnemingsprosesse** in die evaluasie. Daar bestaan gevolglik gebrekkige betrokkenheid by die een program en

volledige betrokkenheid by die ander.

In drie van die vyf programme wat ondersoek is in die studie word daar nie aan die beginsel, *plaaslike kennis* nie voldoen nie. By dié drie programme is daar vasgestel dat die **inagneming** van plaaslike kennis nie as belangrik beskou word nie; in hierdie programme word die **diversiteit** van die gemeenskap ook nie in ag geneem nie. Die bevoordeeldes van die programme neem ook nie deel aan die daarstelling van **indikatore** vir die evaluasieprosesse van die programme nie.

Uit die bespreking in afdeling 4.3.3 kan afgelei word dat die ander twee programme se evaluasie tot 'n groter mate aan die sekondêre konsepte van plaaslike kennis voldoen as die drie bogenoemde programme. By albei programme speel die bevoordeeldes 'n baie groot rol in die evaluasieproses en word hulle kennis te alle **tye in ag geneem** en selfs gebruik in die evaluasie. In die eerste program word die **diversiteit** van die gemeenskap ook in ag geneem en dra hulle ook by tot die daarstelling van **indikatore** vir die evaluasieproses van die program. Die bevoordeeldes van die tweede program se **diversiteit word** nie te alle tye in ag geneem in die evaluasie nie. Hulle is ook nie deel van die proses waarin die **indikatore** vir die evaluasie bepaal word nie. Gevolglik word daar in die een program gedeeltelik aan die beginsel van plaaslike kennis voldoen, terwyl daar grootliks hieraan voldoen word in die ander program.

Volgens die bespreking in afdeling 4.3.4 kan daar drie programme geïdentifiseer word, waar die konsep, *bemagtigingsdoelwitte* ontbreek in die evaluasieprosesse. Nie een van die drie programme voldoen aan die sekondêre konsepte wat onder bemagtigingsdoelwitte gedefinieer is nie. Omdat daar nie bemagtiging in die programme deur middel van evaluasie meegebring word nie, kan die programme nie **selfonderhoudend** word nie en word die **kognitiewe dimensie** van bemagtiging nie ontwikkel nie. In die programme word daar ook nie van **bestaande hulpbronne** gebruik gemaak deur of vir die evaluasieproses nie.

By die laaste twee programme kan afgelei word dat die bevoordeeldes deur middel van die evaluasieproses bemagtig word. In albei die programme word die **kognitiewe dimensies** van bemagtiging gestimuleer, omdat die bevoordeeldes hulle eie besluite kan neem en inisiatiewe aan die lig kan bring. Hulle maak gebruik van **bestaande hulpbronne** in die evaluasieprosesse en sodoende word **selfonderhoud** meegebring deur die evaluasieproses van hierdie programme.

Na aanleiding van die besprekings in afdeling 4.3.5 is daar drie programme waar die bevoordeeldes se insette en **gemeenskapsbydrae** (deur die evaluasieproses) geen

veranderinge aan die program meebring nie. By hierdie drie programme is dit duidelik dat daar nie **aksie** geneem word na afloop van die evaluasie waar probleme of behoeftes aan die lig gebring is nie. Dit is ook gevind dat die **implementering van metodes** nie verander om die huidige probleme in die program op te los, of toekomstige probleme te voorkom nie. Daarom kan die program nie as **behoefte-georiënteerd** beskryf word nie.

Die laaste twee programme is weereens die programme waar die beginsel, *verandering* teenwoordig is in die evaluasieprosesse. Volgens die bespreking in afdeling 4.3.5 vind daar dikwels verandering plaas na afloop van die evaluasieprosesse van albei die programme. Daar word gereeld **aksie** geneem teenoor probleme wat tydens die evaluasieprosesse bekend gemaak is en dit dra by tot ’n verandering in die **implementering van metodes** in die evaluasie en ook in die programme. Die programme kan dus as **behoefte-georiënteerd** beskryf word waar **gemeenskapsbydrae** kenmerkend in albei programme is.

In hierdie studie is bevind dat die evaluasie van slegs twee van die vyf programme volledig of gedeeltelik voldoen aan die teoretiese stellings wat vir die studie geïdentifiseer is.

Die evaluasie van hierdie twee programme getuig van 'n vennootskap waarin alle vennote, ook die gemeenskapslede, gelyke geleentheid het om aan die dialoog deel te neem en opinies te deel en waarin verantwoordelikhede gedeel word. Die bevoordeeldes kan egter meer betrokke wees in die besluitnemingsprosesse. Tydens die evaluasie van die twee programme bestaan geleenthede waar die gemeenskapslede betrokke is in die prosesse om doelwitte van evaluasie daar te stel, waarin inligtingsinsameling en metodes gesamentlik met die bevoordeeldes geformuleer word. Daar sou egter ook in hierdie opsig meer gefokus kon word op deelnemende besluitneming.

Die respektering van plaaslike kennis is nie in die twee programme volkome teenwoordig nie, omdat hulle kennis wel soms, maar nie ten alle tye in ag geneem word nie en hulle nie deelneem wanneer die bepaling van indikatore vir die evaluasie in die ontwikkelingsprogram daargestel word nie. Albei die programme se evaluasie getuig van bemagtigingsdoelwitte wat albei emosionele en motiverende dimensies asook kognitiewe dimensies aanspreek en waar gemeenskappe in staat gestel word om beheer oor hul eie situasie uit te oefen. Aangesien daar aan die meeste van die beginsels soos in die teoretiese stellings uiteengesit is, voldoen of gedeeltelik voldoen is in die evaluasie van die twee programme dra dit by tot 'n behoefte-georiënteerde program waar die implementering van metodes en aktiwiteite tydens die evaluasie voortdurend verander na aanleiding van die gemeenskapslede se insette.

By die ander drie programme ontbreek die meeste van hierdie teoretiese stellings en waar

dit wel voorkom is dit so beperk dat die gevolgtrekking gemaak is dat die evaluasie nie aan die konsepte voldoen nie.

Gevolglik kan die afleiding gemaak word dat die kommunikasie in die evaluasieproses onvervangbare waarde het en dat deelname slegs deur tweerigting- en dialogiese kommunikasie meegebring kan word. Wanneer die interne kommunikasie tussen die bevoordeeldes en die programleier interaktief en oop is, behoort die evaluasie reeds deelnemend te word. Wanneer die tweede kommunikasiekanaal, tussen die maatskappy en die programbetrokkenes, ook oop en interaktief is, behoort alle beginsels van deelnemende evaluasie teenwoordig te wees in die evaluasieproses. Sodoende kan die **vennote** hulle werklike behoeftes kommunikeer en met behulp van hulle **plaaslike kennis betrokke** wees in die voorsiening daarvan; hieruit word hulle **bemagtig** en kan selfonderhoud meegebring word sodat werklike ontwikkeling en ’n **verandering** in hulle omstandighede kan plaasvind.

## 5.4 BYDRAE VAN DIE STUDIE

Hierdie studie beklemtoon die belang van deelname op alle fases van ontwikkelingsinisiatiewe (byvoorbeeld KSV-programme), insluitende die evaluasie daarvan. Hierdie argument is in die literatuurstudie geïdentifiseer en daarna deur die empiriese studie beklemtoon. Die navorsing van die studie bewys die belangrikheid van deelname in die evaluasieproses van KSV-programme ten einde die werklike behoeftes van die bevoordeeldes te identifiseer en dit aan te spreek. Deur die beklemtoning van die belangrikheid van deelnemende evaluasie kan maatskappye tot die besef van die waarde hiervan kom en programme kan sodanig aangepas word. Daar is vasgestel dat die gebrek aan ’n vennootskap waarin die beginsels van deelnemende evaluasie minstens gedeeltelik teenwoordig is, kan lei tot ontevredenheid en negatiewe persepsies rondom die evaluasie van die programme. Wanneer die aard van die evaluasie aangepas word, bestaan die moontlikheid dat die werklike behoeftes van die bevoordeeldes aan die lig sal kom en gevolglik aangespreek kan word. Deur die studie is ook bepaal dat deelnemende evaluasie kan bydra tot bemagtiging van bevoordeeldes - wat die doel van die meeste ontwikkelingsprogramme is - en gevolglik tot voordeel van programme in die geheel aangewend kan word. Deur die bemagtiging van die bevoordeeldes word die program selfstandig en kan werklike volhoubare ontwikkeling plaasvind.

Die voorstelle wat vir die drie programme, waar dít nie die geval is nie, is:

die maatskappye behoort eerstens nie slegs op die kwartaallikse verslae staat te maak vir

die evaluasie nie, maar behoort deel te vorm van die evaluasieproses waar moontlik. Tweedens kan hulle persoonlik of met hulp toesien dat die programleier wel die bevoordeeldes by die evaluasie betrek. ’n Derde voorstel is dat die maatskappy die verantwoordelikheid van die programleiers om die bevoordeeldes te betrek by die evaluasie opvolg en meer doeltreffend aan hulle kommunikeer. Die kommunikasie begin egter by die maatskappy; die maatskappy behoort deur middel van oop en tweerigting kommunikasie met die programleier te skakel, sodat die programleier dit weer so in sy/haar program kan toepas. Die laaste voorstel is dat die maatskappy ’n oop gesprek met die programleiers en die bevoordeeldes behoort te hê waarin die belangrikheid van deelnemende evaluasie bespreek word en waartydens gesprek gevoer word oor elkeen se rol daarin.

## 5.5 VERDERE NAVORSING

’n Eerste opvolgstudie sou kon bepaal of, indien bogenoemde voorstelle toegepas word in die betrokke KSV-programme, dit die persepsies van die bevoordeeldes in terme van die evaluasieproses sou beïnvloed. Hierdie studie het slegs op vyf KSV-programme van twee finansiële maatskappye gefokus en die resultate kan gevolglik nie veralgemeen word nie. Ten einde ’n duideliker beeld van die evaluasie van KSV-programme te verkry, kan meer finansiële maatskappye betrek word en ’n groter hoeveelheid programme ondersoek word.

Hierdie verkennende studie het programme vanuit verskeie fokusareas ondersoek, maar dit kan van waarde wees om in die toekoms meer programme met dieselfde fokus/uitkoms te ondersoek, omdat daar dan duideliker tendense na vore kan kom. Daar sou verder ook ’n studie gedoen kan word oor die rol wat programleiers speel in die vorming van die persepsies van die bevoordeeldes teenoor die programme in die algemeen, asook evaluasieprosesse in die besonder. Dit sal laastens relevant en interessant wees om te sien tot watter mate die kwartaallikse verslae waarvan die maatskappye gebruik maak, ’n werklike weerspieëling van die bevoordeeldes se opinies en behoeftes is, deur dit met mekaar te vergelyk.

Soortgelyke studies kan in die toekoms by maatskappye in ander bedryfsektore toegepas word om ’n beter begrip vir die evaluasie van KSV-programme in verskillende sektore te verkry. Al die voorstelle wat hierbo vir studies in die finansiële sektor gemaak is, is ook toepaslik op studies in enige ander sektore en kan moontlik ’n positiewe bydrae tot die ontwikkeling en volhoubaarheid van KSV-programme hê.

**BRONNELYS**


- AGUNGA, R. A. 1998. Developing the third world: a communication approach. New York: Nova Science Publishers.
- ANYAEBUNAM, C., MEFALOPULOS, P. & MOETSABI, T. 2004. Participatory rural communication appraisal: starting with the people. 2nd Ed. Rome: Food and agriculture organization of the United Nations.
- ARMSTRONG, A. 2001. Evaluating corporate social responsibility (CSR) in the Australian banking industry: do Australian banks toe the triple bottom line? Melbourne, Australia: Victoria University. (Thesis - MA).
- BABBIE, E. & MOUTON, J. 2001. The practice of social research. Cape Town: Oxford University Press.
- BACKSCHEIDER, B.J. 2009. Corporate social responsibility in the city: a case study of Cincinnati, Ohio. Ohio: University of Cincinnati. (Thesis - DPhill).
- BAH, U. 2008. Daniel Lerner, Cold War propaganda and US development communication research: an historical critique. *Journal of Third World Studies,* 11(1):183-198, Spring.
- BAUER, M.W., GASKELL, G. & ALLUM, N.C. 2000. Quality, quantity and knowledge interest. (*In* Bauer, M.W. &Gaskell, G., *eds.* Qualitative research with text, image and sound: a practical handbook for social research. Lodon: Sage. p. 1-20.)
- BERMAN, S.E. 2001. Modernization in historical perspective: the case of empirial Germany. *World Politics,* 35(3):431-462.
- BESSETTE, G. 2004. Involving the community: a guide to participatory development communication. Perth: Southbound.
- BESSETTE, G. 2006. People, Land and Water: Participating development communication for natural resource management. New York: Earthscan and the National Resource Centre (IDRC).
- BLANCHE, M.T., KELLY, K. & DURRHEIM, K. 2006. Why qualitative research? (*In*

Blanche, M.T., Durrheim, K. & Painter, D., *eds.* Research in practice. 2nd Ed. Cape Town: University of Cape Town Press. p. 272-284.)

- BOOTHROYD, R., FAWCETT, S.B. & FOSTER-FISHMAN, P. 2002. Community Development: Enhancing the Knowledge Base Through Participatory Action Research. (*In* Jason, L.A., Keys, C.B., Suarez-Balcazar, Y., Taylor, R.R. & Davis, M.I., *eds.* Participatory Community Research. Washington, DC: American Psychological Association. p. 37-52.)

- BOWD, R., HARRIS, P. & CORNELISSEN, J. 2003. CSR - A school's approach to an inclusive definition: setting the scene for future public relations and communications research. *Paper delivered at the 10th International Public relations research Symposium BledCom 2003*. Lake Bled, Slovenia, 3-6 July 2003.

- BOYDEN, J., KAISER, T. & SPRINGETT, S. 2002. The Case of Sri Lanka: Consultation with and participation by beneficiaries and effected populations in the process, managing, monitoring and evaluation humanitarian action. London: Overseas Development Group.

- BRADLEY, J.E., MAYFIELD, M.V., METHA, M.P. & RUKONGE, A. 2002. Participatory evaluation of reproductive health care quality in developing countries. *Social & Medicine,* 55:269-282.

- BUBER, M. 1937. I and Thou. Great Britain, Edinburgh: Morison and Gibb Limited.

- BURNETT, C. 2006. Participatory Action Research (PAR) in monitoring and evaluation of sport-for-development programmes. *African journal of physical, health education, recreation and dance,* 14(3):225-239.

- CAMPBELL, D.L. 2000. Participatory Evaluation as a Tool for Enhancing the Role of Self-Help groups in Health Planning. Canada: National Library of Canada. (Thesis - DPhill).

- CAPLAN, K., HEAP, S., NICOL, A., PLUMMER, J., SIMPSON, S. & WEISER, J. 2001. Flexibility by Design: Lessons from Multi-Sector Partnership in Water and Sanitation Projects. *Water and Sanitation Cluster,* June:1-26.

- CARROL, A.B. 2008. A History of Corporate Social Responsibilty: Concepts and Practices. (*In* Crane, A., McWilliams, A., Matten, D., Moon, J. & Siegel, D.S., *eds.* The Oxford Handbook of Corporate Social Responsibility. New York: Oxford

University Press. p. 19-46.)

- CHRISHNA, B. 2006. Participatory evaluation (I) – Sharing lessons from fieldwork in Asia. *Child: care, health and development.* 33(3):217-223.

- COETZEE, J.K. 2001. A Macro-foundation for development thinking. (*In* Coetzee, J.K., Graaff, J., Hendricks, F. & Wood, G., *eds.* Development: Theory, Policy and Practice. Cape Town: Oxford Press. p. 119-140.)

- CORKIN, J. 2008. Misappropriating citizenship: the limits of corporate social responsibility. (*In* Boeger, N., Murray, R & Villiers, C., *eds.* Perspectives on Corporate Social Responsibility*.* *USA:* Edward Elgar Publishing. p. 39-63.)

- COSTA, S.D. 2008. Mineworkers' Quality of Life in Remote Communities: a multiple case study in the Brazillian Amazon. Canada, Vancouver: University of British Columbia. (Thesis – Mphill.)

- CROWTHER, D. & ARAS, G. 2008. Corporate social responsibility. UK: Ventus Publishing.

- DAM, L. 2008. Corporate Social Responsibility and Financial Markets. Netherlands, Groningen: University Library of Groningen. (Thesis - DPhill.)

- DAVID, C.M. 1996. Perceptions of the Relevance of Corporate Social Responsibility in Cape Town's Financial Services Sector. Cape Town: University of Cape Town. (Verhandeling - MBA.)

- DE GEOFFROY, V. 2003. The Case of Colombia: Consultation with and participation by beneficiaries and effected populations in the process, managing, monitoring and evaluation humanitarian action. London: Overseas Development Group.

- DE JONGH, D. 2003. Indicators of Corporate Social Performance in South Africa. Pretoria: University of Pretoria. (Thesis – Dcomm.)

- DENZIN, N.K. & LINCOLN, Y.S. 2003. Collecting and enterpreting qualitative materials. 2$^{nd}$ Ed. Thousand Oaks: Sage.

- DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, A.S.L. 2011. Research at grass roots: for social sciences and human service professions. 4$^{th}$ Ed. Pretoria:

Van Schaik.

- DURRHEIM, K. 2006 Research design. (*In* Blanche, M.T., Durrheim, K. & Painter, D., *eds.* Research in practice. 2nd Ed. Cape Town: University of Cape Town Press. p. 33-59.)
- DU PLOOY, G.M. 2009. Communication Research: Techniques, methods and applications. 2nd Ed. Landsdowne: Juta & Co, Ltd.
- ELKINGTON, J. 2004. Enter the Triple bottom Line. (*In* Hendriques, A. & Richardson, J., *eds.* The Triple bottom Line: Does it All Add Up? London: Earthscan.)
- ELLIS, F. & BIGGS, S. 2001. Evolving Themes in Rural Development 1950s-2000s. *Development Policy Review.* 19(4):437-448.
- ELO, S. & KYNGÄS, H. 2007. The qualitative content analysis process. *Journal of advanced nursing,* 62(1):107-115, November.
- ESAU, M.V. 2007. Citizen participation and the poor: A participatory approach to achieving political, social and economic freedom? *Politikon* 34(2):187-203, August.
- FAWCETT, S.B., BOOTHROYD, R., SCHULTZ, J.A., FRANCISCO, V.T., CARSON, V. & BREMBY, R. 2003. *Journal of prevention and intervention in the community,* 26(2):21-36.
- FLICK, U. 2009. An Introduction to Qualitative Research. 4th Ed. London: Sage.
- FOURIE, L.M. 2001. Kwalitatiewe inhoudsanalise. KCMO 671. Leergedeelte 4.3. Potchefstroom: NWU, Potchefstroomkampus.
- FOURIE, L & KLOPPERS, E.M. 2009. Organizations as change-agents in HIV/AIDS programmes through participatory communication. *Journal for community communication and information impact,* 14:89-104.
- FREIRE, P. 1993. Pedagogy of the Oppressed. New York: Continuum.
- GASKELL, G. 2000. Individual and group interviewing (*In* Bauer, M.W. &Gaskell, G., *eds.* Qualitative research with text, image and sound: a practical handbook for social research. Lodon: Sage. p. 38-56.)
- GEORGE, C.A. 2008. Engendering Corporate Social Responsibility for Woman's

Socio-Economic Empowerment: the Case Study of Shell in Nigeria. Pretoria: Unisa. (Thesis – Dphill.)

- GIBBS, G.R. 2007. Analysing qualitative data: the Sage qualitative research kit. London: Sage.
- GILLHAM, B. 2005. Research interviewing: the range of techniques. England: Open University Press.
- GITARI, F.K. 2007. Investigating the Potential Role of Corporate Social Responsibility (CSR), in Management of HIV/AIDS in the Workplace. A Case Study of Garment Industries in Thetsane Maseru. Stellenbosch: Stellenbosch University. (Dissertation - MPA.)
- GOONATILAKE, S. 1990. The Voice of the Third World. (*In* Hettne, B. *ed.,* Development Theory and the Three Worlds. England: New York. Longman Group. p. 75-112.)
- GRAAFF, J. & VENTER, D. 2001. Dependency Theory, World Sysytem Theory and Systems Thinking. (*In* Coetzee, J.K., Graaff, J., Hendriks, F. & Wood, G., *eds.* Development Theory, Policy and Practice. New York: Oxford University Press. p. 77-96.)
- GRÜNEWALD, F. 2003. Consultation with and Participation by Beneficiaries and Affected Populations in the Process of Planning, Managing, Monitoring and Evaluating Humanitarian Action. London: ALNAP.
- GUMUCIO-DAGRON, A.G. 2008. Vertical Minds versus Vertical Cultures. An Overview of Participatory Processes and Experiences (*In* Servaes, J., *ed.* Communication for Development and Social Change. Los Angeles: Sage. p. 86-110.)
- HAMANN, R. & KAPELUS, P. 2004. Corporate social responsibility in mining in Southern Africa: fair accountability or just greenwash? *Development,* 47(3):85-92.
- HANDELMAN, H. 2009. The Challenge of Third World Development. Upper Sadle River: Pearson Prentice Hall.
- HARDIMAN, M. & MIDGLEY, J. 1989. The social dimensions of development: social policy and planning in the Third World. London: Gower.

- HEDIGER, W. 2000. Sustainable Development and Social Welfare. *Ecological Economics,* 32:481-492.
- HEDIGER, W. 2010. Welfare and Capital-theoretic foundations of Corporate Social Responsibility and Corporate Sustainability. *The Journal of Socio-Economics,* 39:518-526.
- HENN, M., WEINSTEIN, M. & FOARD, N. 2006. A Short Introduction to Social Research. London: Sage.
- HESSE-BIBER, S & LEAVY, L. 2006. The Practice of Qualitative Research. London: Sage.
- HETTNE, B. 1990. Development Theory and the Three Worlds. England: Longman Group.
- HOCKING, J.E., STACKS, D.W. & MCDERMOTT, M.C. 2003. Communication research. 3rd Ed. Boston: Allyn & Bacon.
- HOLLAND, J. & CAMPBELL, J. 2005. Methods in Development Research: Combining Qualitative and Quantitative Approaches. UK: Practical Action Publishing.
- HUESCA, R. 2003. Participatory Approaches to Communication for Development. (*In* MODY, B., *ed.* International and Development Communication: A 21st Century Perspective. New Delhi: Sage. p. 499-517.)
- HUESCA, R. 2008. Tracing the History of Participatory Communication Approaches to Development: A Critical Appraisal. (*In* Servaes, J., *ed.* 2008. Communication for Development and Social Change. England: Sage. p. 68-81.)
- INAGAKI, N. 2007. Communicating the Impact of Communication for Development: Recent trend in empirical research. The World Bank: Washington, D.C.
- INGLEHART, R. & BAKER, W. E. 2000. Modernization, cultural change, and the persistence of traditional values. *American Sociology Review,* 65(1):19-51.
- ISO. 2010. South African National Standard: Guidance on Social Responsibility. Pretoria: SABS.
- JACOBSON, T. L. & KOLLURI, S. 1999. Participatory Communication as

Communicative Action. (*In* JACOBSON, T. L. & SERVAES, J., *eds.* Theoretical Approaches to Participatory Communication. USA: Hampton Press. p. 265-280.)

- JENNINGS, R. 2000. Participatory development as new paradigm: the transition of development professionalism. Prepared for the "community based reintegration and rehabilitation in post-conflict settings" conference. Washington, DC.
- KAMBHAMPATI, U. S. 2004. Development and the Developing World. England, Cambridge: Polity Press.
- KIPPING, M. 1994. Competing for dollars and technology: the United States and the modernization of the French and German steel industries after World War II. *Business and economic history,* 23(1):229-240, Fall.
- KEMP, S. P., WHITTAKER, J. K. & TRACEY, E. M. 2002. Contextual Social Work Practice. (*In* O'Melia, M. & Miley, K. K., *eds.* Pathways to Power. Boston: Allyn and Bacon. p. 15-34.)
- KENNY, M. 2005. Participation in Development: The Question, Challenges and Issues a Symposium Background Paper. http://eprints.nuim.ie/233/ (Datum van gebruik: 29 Maart 2010)
- KLUGE, N. & SCHÖMANN, I. 2008. Corporate governance, workers' participation and CSR: the way to a good company. *Transfer: European review of labour and research.* 14(13):12-26.
- LIN, K.H. 2004. A corporate social responsibility study in Kaohsiung city's financial institutions. Taiwan: National University. (Dissertation: - MA.)
- KWAI PUN, V. 2008. Mining Displacement and Learning in Struggle in Ghana. Ghana: McGill University. (Thesis – MA.)
- LANTOS, G.P. 2001. The boundaries of strategic corporate social responsibility. *Journal of consumer marketing*, 18(7):595-630.
- LERNER, D. 1958. The Passing of the Traditional Society: Modernizing the Middle East. New York: The Free Press.
- LERNER, D. 1960. Communication Systems and Social Systems. (*In* Schramm, W., *ed.* Mass Communications. Urbana: University of Illinois Press. p. 131-140.)

- LESLIE, L.Z. 2010. Communication research methods in postmodern culture: a revisionist approach. Boston: Allyn & Bacon.
- LIN, K.H. 2004. A Corporate Social Responsibility Study in Kaohsiung City's Financial Institutions. NSYSU.
- LLOYD-EVANS, S. 2006. Focus Groups. (*In* Desai, V. & Potter, R.B., *eds*. Doing Development Research. London: Sage. p. 153-162.)
- MAATSKAPPY X. 2011. Korporatiewe Sosiale Investering Jaarverslag. Suid-Afrika. 73 p.
- MAATSKAPPY Y. 2011. Beleidsdokument. Suid-Afrika. 29 p.
- MAATSKAPPY Y. 2012. Korporatiewe Sosiale Investering Jaarverslag. Suid-Afrika. 114 p.
- MAATSKAPPYVERTEENWOORDIGER VAN EVALUASIEMAATSKAPPY. 2011. Mondelinge mededeling aan outeur. Parktown. (Kassetopname in besit van die outeur.)
- MAATSKAPPYVERTEENWOORDIGER VAN MAATSKAPPY X. 2011. Mondelinge mededeling aan outeur. Klerksdorp. (Kassetopname in besit van die outeur.)
- MAATSKAPPYVERTEENWOORDIGER VAN MAATSKAPPY Y. 2011. Mondelinge mededeling aan outeur. Sandton. (Kassetopname in besit van die outeur.)
- MACNAGTEN, P. & MYERS, G. 2004. Focus groups. (*In* Seale, D. C., Gobo, G., Gubrium, F. & Silverman, D., *eds.* Qualitative research practice. London: Sage. p. 65-79.)
- MAYRING, P. 2000. Qualitative content analysis. *Forum: Qualitative social research,* 1(2):1-10.
- MCNEIL, P. & CHAPMAN, S. 2006. Research Methods. 3rd Ed. USA: Routledge.
- MEFALOPULOS, P. 2008. Development Communication Sourcebook. Washington, DC: The World Bank.
- MELKOTE, S. 2002. Theories of development communication. (*In* Gudykunst, W.B. & Mody, B., *eds*. Handbook of international and intercultural communication.

Thousand Oaks: Sage. p. 419-436.)

- MELKOTE, S. 2006. Communication and Social Change in Developing Countries. (*In* Singhal, A. & Dearing, J.W., *eds.* Communications of Innovations: A journey with Ev Rogers. p. 145-172.)
- MELKOTE, S. R. 2003. Theories of Development Communication. (*In* Mody, B. *ed.,* International and development Communication: A $21^{st}$-Century Perspective. p. 129-146.)
- MODY, B. 1991. Designing Messages for Development Communication: An Audience Participation-based Approach. New Delhi: Sage.
- MODY, B. 2003. International and development Communication: A $21^{st}$-Century Perspective. New Delhi: Sage.
- MOIR, L. 2001. What do we mean by corporate social responsibility? *Corporate governance,* 1(2):16-22.
- MORGAN, D. L. 1997. Focus Groups as Qualitative Research. 2nd Ed. Thousand Oaks: Sage.
- NAIR, K.S. & WHITE, S.A. 1993. Perspectives on Development Communication. New Delhi: Sage publications.
- NIBA, M.B. 2004. The Value of Participatory and Non-Participatory implementation and Evaluation methodologies of HIV/AIDS Communications-Based Interventions in Southern Africa. Pietermaritzburg: Universiteit van Kwazulu-Natal. (Thesis - PhD.)
- NJUKI, J., MAPILA, M., KAARIA, S. & MAGOMBO, T. 2008. Using community indicators for evaluating research and development programmes: Experiences from Malawi. *Development in practice,* 18(4-5):633-642, August.
- NTSIME, P.T. 1997. An Investigation into the Possible Integration of Corporate Responsibility and the Reconstruction and Development Programme, with special Reference to the Western Cape. Cape Town: University of the Western Cape. (Dissertation - MA.)
- NYAMNJOH, F.B. 2005. Africa's Media, Democracy and the Politics of Belonging. Pretoria: Unisa Press.

- O'LEARY, Z. 2010. The Essential Guide to Doing Your Research Project. Los Angeles: Sage.
- OTTO, H. 2004. The creation of an internet public sphere by the independent electoral commission. Potchefstroom: Potchefstroom University. (Mini-dissertation).
- PARKINSON, S. 2009. Power and perceptions in participatory monitoring and evaluation. *Evaluation and program planning,* 32:229-237.
- PĒTERSON, B. 2007. Integrated approach to development communication: a public relations framework for social change. *International communication association, annual meeting.* San Francisco, May 23, 2007. p. 1-28.
- POGASH, K. 2009. Kennuncorked.com. Linking wine with a sustainable lifestyle. http://www.kennuncorked.com/sustainable_defined.html Datum van gebruik: Februarie 2012.
- POGGENPOEL, M. 1998. Data Analysis in Qualitative Research. (*In* De Vos, A.S. *ed.* Research at Grass Roots: A Primer for Caring Proffesions. Pretoria: Van Schaik.)
- PROGRAM X2 ONTWIKKELINGSINSTANSIE. 2011. Beleidsdokument. Suid-Afrika. 12 p.
- PROGRAMLEIER VAN PROGRAM X1. 2011. Mondelinge mededeling aan outeur. Khutsong. (Bandopname in besit van die outeur.)
- PROGRAMLEIER VAN PROGRAM X2. 2011. Mondelinge mededeling aan outeur. Brakpan. (Bandopname in besit van die outeur.)
- PROGRAMLEIER VAN PROGRAM X3. 2011. Mondelinge mededeling aan outeur. Potchefstroom. (Bandopname in besit van die outeur.)
- PROGRAMLEIER VAN PROGRAM Y1. 2011. Mondelinge mededeling aan outeur. Parktown. (Bandopname in besit van die outeur.)
- PROGRAMLEIER VAN PROGRAM Y2. 2011. Mondelinge mededeling aan outeur. Braamfontein. (Bandopname in besit van die outeur.)
- RAHEIM, S. 2002. Cultural competence: a requirement for empowerment practice. (*In* O'Melia, M. & Miley, K.K., *eds.* Pathways to power. Boston: Allyn and Bacon. p.

95-107.)

- RAHIM, A. R. 1994. Participatory development communication as a dialogical process. (*In* White, S.A., Nair, K.S. & Ascroft, J., *eds.* Participatory communication: working for change and development. New Delhi: Sage.)
- RANDALL, V. & THEOBALD, R. 1985. Political change and underdevelopment: a critical introduction to third world politics. London: Macmillan Publishers Ltd.
- ROODT, M. 2001. Participation, civil Society, and Development. (*In* Coetzee, J.K., Graaff, J., Hendricks, F. & Wood, G., *eds.* Development: theory, policy and practice. Cape Town: Oxford Press. p. 469-482.)
- SCARINCI, I.S., JOHNSON, R.E., HARDY, C., MARRON, J. & PATRIDGE, E.E. 2009. Planning and implementation of a participatory evaluation strategy: a viable approach in the evaluation of community-based participatory programs addressing cancer disparities. *Evaluation and program planning*, 32:221-228.
- SCHURINK, E.M. 1998. Deciding to use a qualitative research approach. (*In* De Vos, A. S., Strydom, H., Fouché, C.B., Poggenpoel, M., Schurink, E. & Schurink, W., *eds.* Research at grass roots: a primer for the caring professions. Pretoria: JL van Schaik Publishers.)
- SCHWARTZ, M.S. & CARROL, A.B. 2003. Corporate social responsibility: a three-domain approach. *Business ethics quarterly,* 13(4):503-530.
- SCRAMM, W. 1961. How communication works. (*In* Schramm, W., *ed.* The process and effects of mass communication. Urbana: University of Illinois Press. p. 3-19.)
- SERVAES, J. 1995. Development communication for whom or what? *Communicatio,* 21(1):39-49.
- SERVAES, J. 2008. Approaches to development communication. New Dehli: Sage.
- SERVAES, J. & ARNST, R. 1999. Principles of participatory communication research: Its Strengths (!) and Weaknesses (?) (*In* Jacobson, T.L. en Servaes J., *eds*. Theoretical approaches to participatory communication. Cresskill: Hampton. p.107-130).
- SERVAES, J. & MALIKHAO, P. 2008. Development communication approaches in

an international perspective (*In* Servaes, J., *ed.* Communication for Development and Social Change. Los Angeles: Sage. p. 158-179.)

- SERVAES, J. & VERSCHOOTEN, C. 2008. Hybrid Interactions: human rights and development in cultural perspective (*In* Servaes, J., *ed.* Communication for development and social change. Los Angeles: Sage. p. 46-70.)

- SIGELMAN, L. 1974. Lerner's model of modernization: a reanalysis. *The journal of developing areas,* 8(4):525-536, July.

- SILLITOE, P., BICKER, A. & POTTIER, J. 2002. Participating in development: approaches to indigenous knowledge. London: Routledge.

- SOMJEE, A. H. 1991. Development theory: critiques and explorations. New York: St. Martin's Press.

- SPRINGETT, J. 2003. Issues in participatory evaluation (*In* Minkler, M. & Wallerstein, N., *eds.* Community-based participatory research for health. San Francisco: Josey-Bass. p. 263-288.)

- STEWART, D.W., SHAMDASANI, P.N. & ROOK, D.W. 2007. Focus groups: Theory and practice. 2nd Ed. Thousand Oaks: Sage.

- SUSTAINABILITY. 2010. http://www.sustainability.com/history (Datum van gebruik: 9 Februarie 2012).

- SWANEPOEL, H. & DE BEER, F. 2007. Community capacity building: a guide for fieldworkers and community leaders. 2nd Ed. Johannesburg: International Thomson Publishing.

- THOMAS, R. 1994. Participatory development communication: philosopphical premises. (*In* White, S.A., Nair, K.S. & Ascroft, J., *eds.* Participatory communication: working for change and development. New Delhi: Sage. p. 49-59.)

- THURSTON, W.E., FARRAR, P.J., CASEBEER, A.L. & GROSSMAN, J. 2004. Hearing silenced voices: developing community with an advisory committee. *Development in practice,* 14(4):481-494, June.

- TREURNICHT, S. 1997. From modernisation tot sustainable development. (*In* Swanepoel, H. & De Beer, F., *eds.* Introduction to development studies.

Johannesburg: Thompson.  p. 17-41.)

- TRIALOGUE.  2009.  The corporate social investment handbook. 12th Ed.  Cape Town: Trialogue.
- TRIALOGUE.  2011.  The corporate social investment handbook. 14th Ed.  Cape Town: Trialogue.
- UKAGA, O.  2001.  Participatory evaluation of sustainable development.  *Greener Management International,* 36:27-36, Winter.
- URIP, S.  2010.  CSR Strategies: for a competitive edge in emerging markets.  Asia: Wiley.
- VAROL, C., ERCOSKUN, O.Z. & GURGER, N.  2011.  Local participatory mechanism and collective actions for sustainable urban development in Turkey.  *Habitat International*, 35:9-16.
- VORSTER, P.J.  1985.  A systems model for political communication.  *Communicare,* 4(2):44-50.
- WALLACE, T.L.  2008.  Integrating Participatory Elements into an Effectiveness Evaluation.  *Studies in Educational Evaluation,* 34:201-207.
- WARBURTON, D.  1998.  Poverty, community and sustainable development.  (*In* Warburton, D., *ed.* Community and sustainable development.  London: Earthscan.  p. 20-39.)
- WATSON, I.  2007.  De Beers, Diamond sand Angola: developing an understanding of the role of sustainable development and corporate citizenship in De Beers' exploration strategy.  Stellenbosch: Stellenbosch University.  (Dissertation - MPhil.)
- WHITE, D.J.  2009.  The effect of youth participatory evaluation and youth community action training on positive youth development.  US, Corvallis: Oregon State University.  (Dissertation – DPhil.)
- WHITE, S.A., NAIR, K.S. & ASCROFT, J.  1994.  Participatory communication: working for change and development.  New Delhi: Sage.
- WILLIAMS, D.  1995.  A participatory approach to evaluating voluntary rural community-based organizations is an effective tool for organizational learning and

ensuring rural community development, as evidenced in the participative evaluation of the Southern Riverina rural advisory service. Hawkesbury: University of Western Sydney. (Dissertation - MA)

- WÊRELDBANK. 1994. World Bank Operations Policy Department: The World Bank and participation. Washington: World Bank.
- ZAIRI, M. 2000. Social responsibility and impact on society. *The TQM Magazine* 12(3):172-178.

**Posbus 20512**

**2522 Noordbrug**

*14 November 2012*

**Verklaring oor taalversorging en vertaling**

Ek bevestig hiermee dat ek die taalversorging van me Jessica Vermeulen (Studentenommer 20721293) se verhandeling *Deelnemende kommunikasie in die evaluasie van KSV-programme by twee maatskappye* vir die graad MA in Kommunikasiestudies by die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit gedoen het, asook van die Afrikaanse en Engelse opsommings daarvan. Ek is lid van die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut, maar is nie geakkrediteer as taalversorger of vertaler nie. Ek het egter oor die afgelope aantal jaar met sukses verskeie skripsies en ander akademiese geskrifte taalversorg en/of vertaal, en het in 2009 self 'n PhD-graad in Pastoraal in die Fakulteit Teologie op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit verwerf.

***Tom Larney***

larney.tom@gmail.com

082-711-2502

To whom it may concern

**MASTERS DEGREE PROJECTS**

I am currently enrolled for a M.A. Communication degree (student number 20721293) at the North-West University, Potchefstroom Campus. In order to obtain this degree, students are required to complete a dissertation consisting of a theoretical component as well as empirical study.

My study focuses on "***how corporate organisations evaluate their CSR programmes"***. The main objective is to attain information with regard to how the leading companies in South Africa manage their CSR programmes, predominantly focusing on the evaluation process. The literature would focus on the principles and ideal mechanisms of how to evaluate development programmes in order to contribute effectively to sustainable development. The focal point of this study would be to determine how this readily occurs within companies, such as the best performing CSR initiatives in South Africa.

I am interested in studying your company, as you are considered one of the leading corporate companies with regard to Corporate Social Responsibility initiatives (CSI Handbook, 2009; 2011).

This study would offer several advantages to your company such as identifying areas where the programme could improve and receive valuable information as the most recent academic research on Social Responsibility would be referred to. This will furthermore allow the company the opportunity to contribute to communities that benefit from your programme without the requirement of additional financial and labour resources.

In return I would like permission to"

- Conduct an interview with the person(s) in charge of the CSR programme(s) including the person(s) who is responsible for evaluating this programme(s)
- Access the beneficiaries of this programme(s)
- Obtain organisational policy document regarding CSR, including any documents relevant to the CSR programme(s)

All the aforementioned would be completed at a time that is convenient for the company. At no time would this study interfere with the productivity of the organisation.

Students at the North-West University are also expected to conduct their studies within accepted ethical norms. To this end the student has to commit and report on the ethics of their project. This furthermore means that respondents' information would be handled confidentially and anonymously. A report on the findings will be made available to the company on request.

Your participation in this project would be greatly appreciated, please do not hesitate to contact me should you have any further queries.

Kind Regards
Jessica Vermeulen
082 258 1919
jess1vermeulen@gmail.com